

DIE GESPREKSGENOOT AS DETERMINANT  
VIR NAMAKWALANDSE TAALVARIASIE

deur

HEIDI ETHEL VISSER

voorgelê luidens die vereistes vir

die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

---

AFRIKAANS EN NEDERLANDS

aan die


UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR. B. A. MEIRING

JUNIE 1989

## OPSOMMING

Die gespreksgenoot speel 'n dominante rol in die kodekeuse van die Namakwalanders wanneer hy homself in multidialektiese situasies bevind, en Afrikaans die teikentaal is. Hierdie kodekeuse reflekteer die Namakwalanders se situasie-analise van die geleentheid, onderwerp en respektiewelike roloverwantskap ten opsigte van die gespreksgenoot. Die spreker se morfologiese en sintaktiese keuses word bepaal of beïnvloed deur die aard van die informasie wat hy aan die gespreksgenoot wil oordra. Faktore soos persoonlikheidseienskappe, ouderdom, bekendheid, familiebande, hoflikheid en erns onderliggend tot taalsituasies, speel ook 'n rol by die spreker se taalkeuse wanneer hy met 'n spesifieke gespreksgenoot wil kommunikeer. Onduidelikheid kan tydens die kommunikasieproses ontstaan indien die spreker en sy gespreksgenoot se taalbesit nie ooreenstem nie. Pogings van die Namakwalanders om hierdie onduidelikhede teë te werk kan taalverskynsels soos die aanname van taalmerkers van die gespreksgenoot, hiperkorreksie of die gebruik van prestige-vorme tot gevolg hê.



## SUMMARY

The interlocutor plays a dominant role in the choice of codes made by the Namaqualander whenever he finds himself in a multi-dialectical situation, and Afrikaans being the target language. This choice of codes reflects the situation analysis of the Namaqualander in respect of occasion, topic and respective role relationships. The morphological and syntactical choices made are influenced by the type of information he wishes to convey. Factors such as personality traits, age, familiarity, family ties, courtesy and seriousness underlying language situations also play a part in the speaker's choices of registers when he communicates with a specific interlocutor.

Vagueness of speech can jeopardize the process of communication when the use of language of the speaker and the interlocutor do not correspond. Attempts of the Namaqualander to eliminate this vagueness can cause linguistic phenomena such as the supposition of language markers belonging to the interlocutor, hipercorrection or the use of prestige forms.

## VOORWOORD

Die skrywer is vir die afgelope 10 jaar verbonde aan die onderwys en het in hierdie tyd verskeie gemeenskappe met hul eiesoortige taal en lewenswyse op 'n formele en informele basis leer ken. As "kommer" het die skrywer mettertyd besef dat die verskille in eie taal tussen gespreksgenote steurings in die proses van kommunikasie kan veroorsaak. Vervolgens vind ideëoordrag nie altyd suksesvol plaas nie. Dit is veral die meer geïsoleerde taalgemeenskap wie se segswyse soms onduidelikhede vir die buitestaander bevat, en wanneer 'n "kommer" met so 'n persoon in kommunikasie tree, word beide sprekers verplig om aanpassings in hul taal te maak ter wille van groter verstaanbaarheid.

In die soeke na antwoorde op die vrae: wie praat watter taal met wie in watter situasie, het dit die skrywer opgeval dat 'n wye reeks boeke hierdie onderwerp aanraak, maar wel ten opsigte van moedertale anders as Afrikaans. Alhoewel verskeie werke die rol van die gespreksgenoot in taalvariasie aandui, bestaan daar 'n leemte in indringende ondersoeke na die aard en wese van hierdie verskynsel in Suid-Afrika. Aangesien veldnavorsing 'n tydrowende proses is vanweë die groot afstande wat gedek moet word om 'n geloofwaardige resultaat op te lewer ten opsigte van taalverskynsels, is daar besluit op 'n geïsoleerde spraakgemeenskap waarvan die moedertaal aansienlik verskil van die daargestelde standaardtaal, en wel Namakwaland.

Die keuse van die terreinsverskynsel: die rol van die gespreksgenoot in Namakwalandse taalvariasie, berus op selfgeïnisieerde navorsing, wat sy oorsprong uit verwondering gehad het ten opsigte van die eiesoortige en beeldende segswyse van die Namakwalander.

In vergelyking met die standaardtaalspreker besit die Namakwalander enersyds 'n uitgebreide terminologie met betrekking tot die skaapboerdery en sy omgewing in die besonder, en andersyds 'n soms ontoereikende taalbesit om die formeler sake van die "buitewêreld" te verwoord. Gevolglik word Namakwalandse 'n opvallende en soms ontoereikende taal wanneer dit in sekere taalsituasies gebesig word, en begin die Namakwalander aanpassings in sy segswyse maak met die oorwegende doel om beter te kommunikeer. Sodanige taalaanpassings het die indruk gelaat dat die gespreksgenoot hierdie gespreksituasies in 'n groot mate beheer.

'n Indringende ondersoek is vervolgens gedoen om bewyse te vind vir die rol wat die gespreksgenoot speel in kommunikasie met die Namakwalander, deur gebruik te maak van data wat ingesamel is met onderhoude, groepsessies en volgehoue waarnemings in die gebied oor 'n tydperk van 8 jaar, ten opsigte van alle ouderdomsgroepe.

'n Sterk sensiwiteit ten opsigte van die indruk wat Namakwalandse laat op persone van buite die gebied, is sonder uitsondering gevind by persone wat die gebied verlaat het om elders 'n bestaan te maak. Die rol van die gespreksgenoot het hier op sy beste 'gemanifesteer.

Alhoewel daar gebruik gemaak is van steekproewe om die taalgedrag van die Namakwalander te ondersoek, is daar gepoog om 'n ware beeld te gee van die huidige kodekeuses wat die Namakwalander maak wanneer hy in gesprek tree met 'n ander. Vanweë 'n persoonlike verbintenis met die streek, kon die data oor 'n tydperk van nege jaar versamel word.

Literêre werke is ook ingespan ter versterking van eie data, maar daar is baie selektief te werk gegaan, aangesien talle Namakwalanders die werke as eensydige interpretasies van hul spreektaal beskou. Aangesien datapersone dit ook uiters moeilik vind om self eiesoortige data te identifiseer, is daar meer gebruik gemaak van lyste, woorde en sinne wat aan hul voorgelê is, om dan bekendhede uit te wys. Eie waarneming, opnames en informele gespreksituasies, het egter 'n beduidende rol gespeel om die gespreksgenoot se belangrikheid ten opsigte van taalkeuses uit te wys.

Ek wil graag alle betrokke Namakwalanders bedank vir hul entoesiastiese en genotvolle bydrae tot die wording van hierdie verhandeling. 'n Spesiale woord van dank ook aan my studieleier, dr. B.A. Meiring, wie se liefde vir die vak, haar wetenskaplike leiding en bemoedigende kritiek, as 'n sterk motivering gedien het. Ek is ook dank verskuldig aan

mevv. A. Prinsloo en T.M. Plaatjie vir die tikwerk betrokke by die verhandeling; mnr. N.M. Prinsloo (sr.) vir sy entoesiastiese meelewing met my studies en wat alles moontlik gemaak het, en my man, Stanley, wat as Namakwalander my belangstelling in die spesifieke gemeenskap geprikkel het en opgetree het as veldwerker, proefleser en finansier.

H. E. Visser

WINDHOEK

JUNIE 1989

# I N H O U D S O P G A W E

HOOFSTUK 1	BLADSY
INLEIDING	1
1.1 Afrikaans as geheelsisteem met die verskillende deelsisteme	1
1.1.1 Posisie van die Namakwalandse taal in die geheelsisteem	3
1.1.2 Die verband tussen taal en omgewing	5
1.1.3 Sosiale interaksie en gespreksreëls	6
1.2 Terminologie	11
1.2.1 Taalvariasie/ variëteit/taalvariant sosiolek/ idiolek	11
1.2.2 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende taalkragte	15
1.2.3 Formele en informele taal	15
1.2.4 Taalkodes of taalstyle	16
1.2.5 Taalgebiede of taalterreine	17
1.2.6 Die gespreksgenoot	17
1.3 Probleemstelling	18
1.4 Metodologie	19
1.4.1 Stylwisseling	20

BLADSY

1. 4. 2	Aandag	20
1. 4. 3	Moedertaal (Omgangstaal)	21
1. 4. 4	Formeelheid	21
1. 4. 5	Gerigte-onderhoudvoering	22

1. 4. 5. 1	Onderhoude	22
1. 4. 5. 2	Groepsessies	25
1. 4. 5. 3	Waarneming	27

HOOFSTUK 2

DIE NAMAKWALANDSE GEMEENSKAP	31	
2. 1	Geografiese beskrywing	31
2. 2	Historiese aspekte en verbande	34
2. 3	Samelewingstruktuur	37
2. 4	Taalbesit as norm van die Namakwalandse gemeenskap	39
2. 5	Samevatting	47

NAMAKWALANDSE TAALVARIASIE	49
3.1 Die Namakwalandse spreker	49
3.1.1 Die verbale repertoire van 'n spreker	51
3.1.2 Eiesoortigheid en gespreksituasies	54
3.1.3 Taalterreine	58
3.1.4 Rolverwantskap van die spreker	61
3.2 Die Namakwalandse taal	65
A. Kulturele eiesoortigheid	66
3.2.1 Idiomatiese uitdrukings	66
3.2.2 Name	66
3.2.3 Taalvorme wat reeds voor die Groot Trek ontstaan het	68
3.2.4 Volksetimologie	71
3.2.5 Humor	71
3.2.6 Eufemisme	73
3.2.7 Aanspreekvorme in Namakwalands	74
3.2.8 Toponimie in Namakwaland	75
B. Fonologiese taalverskynsels	77
3.2.9 Uitspraakverskynsels	77
3.2.10 Fonologiese variasies	78
3.2.11 Die grafeemteorie m.b.t. Namakwalands	82

BLADSY

C.	Grammatiese verskynsels	83
3.2.12	Die lidwoord	83
3.2.13	Die werkwoord	83
3.2.14	Sintaktiese variasie in Namakwalands	85
D.	Semantiese verskynsels	88
3.2.15	"Iemand breekslaan"	88
3.2.16	Idiome	88
3.2.17	Kompleksiteit in samestellings	89
E.	Versteuring van die taaleie	90
3.3	Invloed van die Khoesan op Namakwalands	91
3.3.1	Die byvoeglike naamwoord	91
3.3.2	<u>Die voornaamwoord</u>	91
3.3.3	Sintaksis	94
3.4	Samevatting	98
HOOFSTUK 4		
DIE ROL VAN DIE GESPREKSGENOOT IN DIE KOMMUNIKASIEPROSES		100
4.1	Kommunikasiebeginsels	100
4.1.1	Die Namakwalandse spreektaal as kommunikasie-medium	100

4.1.2 Die taaleenheid in die kommunikasieproses	113
4.1.3 Norme vir die spraakgemeenskap	117
4.1.4 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte in die kommunikasieproses	118
4.2 Sosiale druk en verandering	122
4.2.1 Die rol van sosiale druk op die segswyse van die Namakwalander	125
4.2.2 Die rol van sosiale druk in taalkeuses	127
4.3 Kodewisseling	136
4.3.1 Kodewisseling a.g.v. sosiale druk	136
4.3.2 Sosiale stratifikasie en sentralisasie	137
4.3.3 Voorveronderstelling en vooroordeel	144
4.4 Hiperkorreksie tydens kodewisseling	159
4.4.1 Die Namakwalander se spraakbesluit	160
4.4.2 Spanning by taalkeuses	163
4.4.3 Taalstyle by die Namakwalandse spreker	164
4.4.4 Faktore wat 'n rol speel by die keuse van taalstyle	166
4.5 Begrip en misverstand	169
4.5.1 Betekenisverandering	171

	BLADSY
4.5.2 Funksieverandering	172
4.5.3 Herskepping van die taalkode	173
4.6 Samevatting	174

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKING	179
----------------	-----

---

BRONNELYS	184
-----------	-----

BYLAAG A

IDIOME

BYLAAG B

ONGEïNHIBERDE UITDRUKKINGS EIE AAN NAMAKWALANDS

---

BYLAAG C

VREEMDE UITDRUKKINGS EN SEGSWYSES UIT 'n STANDAARDTAAL-PERSPEKTIEF

BYLAAG D

NAMAKWALANDSE UITDRUKKINGS WAT OUER TAALVORME BEVAT WAT RELATIEF MIN INDIEN WEL IN ANDER VARIANTE VAN AFRIKAANS GEHOOR WORD

BYLAAG E

INHEEMSE PLANTE EN DIERE VAN NAMAKWALAND

BYLAAG F

VERSKILLE IN DIE TAALSTRUKTUUR VAN NAMAKWALANDS T.O.V. DIE STANDAARDTAAL

BYLAAG G

UITTREKSEL UIT 'n ONDERHOUD GEVOER MET KINDERS VAN BOERE UIT KAMIESKROON, KLIPRAND, NUWERUS-OMGEWINGS WAT HUL TANS BUISTE NAMAKWALAND BEVIND

BYLAAG H

UITTREKSEL UIT ONDERHOUD GEVOER WAAR KODEWISSELING PLAASVIND

BYLAAG I

DATAPERSONE

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 Afrikaans as geheelsisteem met die verskillende deelsisteme

Taal is 'n sisteem met verskillende taalelemente wat in bepaalde verhoudings tot mekaar staan sodanig dat elke verandering in hierdie verhouding die geheel kan beïnvloed wat die samehang en identiteit hiervan betref (Vergelyk Odendaal 1983 : 14).

In dié sin beskou Odendaal (1983 : 14) Afrikaans as 'n sisteem met subsisteme. Die term "deelsisteem" word egter in die sosiolinguistiek gebruik vir een variasie van 'n taal, bv. Namakwalands in die Afrikaanse taalgemeenskap. Afrikaans is 'n geheelsisteem met verskeie deelsisteme. Elke deelsisteem is georden en bestaan uit taalelemente/komponente wat eiesoortig is en 'n spesifieke identiteit aan die betrokke sisteem verleen. Die letter r in die Afrikaanse ortografie het bv. meer as een klankwaarde soos wat dit in verskillende deelsisteme aangewend word, naamlik die bry r en die r wat nie gebry word nie. So sal die Bolander praat van [bu] vir bo, die Namakwalander sal die o-klank meer laat neig na die ô-klank [bô], terwyl die Transvaler die woord meer na die standaarduitspraak sal rig. Tog word die woord met een betekenis geassosieer. Hierdie taalsisteme is egter nie geslote van aard nie, omdat sprekers ook in kontak kom met ander taalsisteme en beïnvloeding wedersyds plaasvind (Vergelyk Wright Mills 1956 : 173).


Odendal (1983 : 15) beskryf 'n sisteem soos volg:

- 1) 'n Taal beweeg tussen grense en werk volgens bepaalde norme waarsonder die spreker en sy gespreksgenoot nie tot 'n verstandhouding kan kom nie.
- 2) Die taalelemente in 'n sisteem hou verband met mekaar, en sodanige element neem sy plek in op grond van sy verhouding tot ander taalelemente.

By ontwikkelde volke waar 'n toenemende behoeftte aan kommunikasie bestaan, word een van die deelsisteme gewoonlik op grond van kulturele en ander faktore verhef tot die algemene omgangstaal in amptelike en ander kringe. In die Afrikaanse geheelsisteem staan hierdie deelsysteem bekend as Standaard-Afrikaans. Die som van ooreenkoms tussen deelsisteme, bv. tussen die Namakwalandse spreektaal en 'n ander deelsysteem van Afrikaans, is 'n diasisteem, en die som van die verskille word eksosisteme genoem

(Vergelyk De Klerk 1967 : 152)

Dit kan grafies só voorgestel word:



Taalkontaksituasies kan lei tot 'n gelykmakingsproses tussen A en B deur 'n vermindering van onderlinge verskille (De Klerk 1967 : 152). Dié standaardiseringsproses het 'n kommunikatiewe doelwit. (Vergelyk 4.5.3)

#### 1.1.1 Posisie van die Namakwalandse taal in die geheelsisteem

Hoe taal ook al benader word - sielkundig, maatskaplik, esteties of struktureel - word daar in die taal telkens op teenstellings gewys wat manifesteer in die kommunikasieproses tussen sprekers, hetsy behorende tot dieselfde taalgemeenskap of nie. Spreektaal is 'n voortbrengsel van die innerlike en vind sy uiting deur die eiesoortige artikulasie en stand van die spraakorgane tydens uitspraak soos die spreker waargeneem en aangeleer het van spraakmodelle in sy omgewing (Vergelyk Coetzee 1958 : 1).

Kommunikasie veronderstel interaksie tussen ten minste twee idioleksprekers, waar die idiolek die taalsisteem van die individu is. Daar kom ook wisseling in die idioleksisteem voor, soos deur die kommunikasiemodel in Hfst. 4 uitgewys word. Hierdie groep idiolekte vorm die taalvariante binne 'n variëteit wat deur die betreklik homogene gemeenskap gepraat word, en aan die nageslag oorgedra word.

Die ondersoekgroep in hierdie studie is die blanke taalgemeenskap van Namakwaland, met die standaardvorm van

Afrikaans wat dien as kontrole om die eiesoortigheid van die Namakwalandse segswyse uit te wys. Die Namakwalanders kan as 'n taalgemeenskap beskou word omdat hulle 'n kenmerkende gemeenskaplike vorm van Afrikaans as spreektaal gebruik, en word deur Du Plessis (1987 : 118) se definiëring van 'n taalgemeenskap verder beskryf. Hy meld dat 'n taalgemeenskap gekenmerk word as 'n eenheid deur hul gemeenskaplike ontstaansgeschiedenis en gemeenskaplike godsdienstige en sosiale norme.

Hy brei hierop uit dat alhoewel sodanige sprekers wel dieselfde taal praat, nie twee sprekers dieselfde praat nie. Elkeen ervaar die lewe op 'n unieke wyse en het gevvolglik 'n relatief eiesoortige segswyse waarmee hy sy belewenisse verwoord.

Namakwalandse kan effektief aangewend word binne die grense van Namakwaland, maar bevat soms taalelemente wat vir 'n gespreksgenoot van buite hierdie gebied nie bekend is nie, en dit kan lei tot steurings in die kommunikasieproses. Hierdie eiesoortige segswyse is besonder ryk aan beelding en het direk betrekking op relevante sake in die Namakwalandse ervaringswêreld, wat grootliks sentreer om die skaapboerdery. Namakwalandse manifesteer daarom nie altyd suksesvol as 'n besigheidstaal, en spesifiek as vaktaal nie.

Binne die geselsaisteem Afrikaans, is Namakwalands een van die laefunksietale met 'n beperkte gebruiksvlak. Die gevolg is dat 'n moontlikheid vir die ontwikkeling van 'n diasisteem bestaan waar Namakwalands en die standaardtaal soms saam gebruik word. (Vergelyk Hfst. 4)

### 1.1.2 Die verband tussen taal en omgewing

Taal is nie net 'n kommunikatiewe hulpmiddel nie, maar dien ook as 'n effektiewe maatstaf vir 'n spreker se agtergrond: nie slegs die woorde wat gevouer word nie, maar ook die wyse waarop dit gesê word. Hierdie uitspraak van die spreker duï op die aangeleerde stand van die spraakorgane by die uitspreek van spesifieke klanke of 'n kombinasie van klanke in 'n spesifieke taal. Van Wyk (1983 : 168) redeneer dat die voortdurende luister na en gevolglike navolging van die spraakmodel van die moedertaal se klanke veroorsaak dat spesifieke neurologiese strategieë ontwikkel word ten koste van die ideale klanke wat die standaardtaalvariant voorstaan. In sommige gevalle, soos met Namakwalands, wys die uitspraak van die spreker daardie deel van die land uit waarvandaan die spreker oorspronklik kom, en is dit terselfdertyd rigtinggewend ten opsigte van die agtergrond waarmee ons te make het. Idees en houdings kan ook deur die afkomsgroep gehuldig word, en deur die sprekers oorgedra word (Vergelyk Trudgill 1974 : 14).

### 1.1.3 Sosiale interaksie en gespreksreëls

Die doel van sosiale interaksie is die oordrag van 'n boodskap aan 'n gespreksgenoot op so 'n wyse dat die boodskap reg verstaan word, en reaksie plaasvind. In normale omgang met mense gebruik ons taal om met mekaar in verbinding te tree om daardeur gevoelens, oortuigings, kennis of inligting oor te dra (Vergelyk Odendal 1983 : 12).

Verskeie faktore speel 'n rol tydens die gespreksituasie wat die aard van die taal in die gespreksituasie gaan bepaal. Veranderlikes soos die wisseling van die gespreksgenoot, die gespreksonderwerp en in watter mate die spreker 'n goeie indruk wil skep, kan hierop 'n invloed hê. Hierdie verandering in kode as gevolg van sosiale faktore word kodewisseling genoem (Vergelyk Du Plessis 1983 : 52).

Volgens Du Plessis (1987 : 20) veroorsaak 'n formele gespreksituasie met vreemdelinge die vermyding van kenmerkende vorme. Omdat die omgewing van die Namakwalanders 'n eenvoudige lewe afdwing, vanweë die gebrek aan water, fasiliteite vir 'n moderne lewenswyse en die lae bevolkingsyfer, word die Namakwalanders soms as 'n persoon met 'n lae ontwikkelingsvlak getipeer, wat veral in sosiale en

werksituasies manifesteer. Kodewisseling het gevvolglik dikwels te make met 'n vrees vir sosiale stigma (Du Plessis 1983 : 53), en nie as gevolg van 'n stigmatiese taalbesit nie. Du Plessis (1987 : 14) omskryf hierdie "stigma" as 'n subjektiewe oordeel wat by elke mens verskil en meestal gekoppel kan word aan 'n growwe veralgemening weens persoonlike indrukke wat opgedoen is in situasies waarin een of meer Namakwalanders betrokke is, sonder inagneming van die funksionaliteit van sodanige taalvariant op eie bodem. Waar sommige persone Namakwalands as "verkeerde" taalgebruik beskou, bestaan daar ook menings by Namakwalanders wat ander taalvariëteite van Afrikaans as foutief beskou, veral wanneer sodanige sprekers nie eie sake van die lewenswyse van Namakwalands in hul moedertaal kan verwoord nie.

Onderliggend aan enige sinvolle gesprek is sekere dimensies wat taalgebruik beïnvloed. Die rol van die gespreksgenoot in dié dimensies bepaal hoe die spreker se taalgedrag gaan wees.

Mc David (1967 : 33 - 42) noem die volgende:

- (a) Die dimensie van die medium bepaal die tipe taal wat gebruik gaan word. Tydens 'n telefoongesprek sal 'n meer versigtige taal gebruik word as tydens 'n gewone gesprek.
- (b) Die dimensie van verantwoordelikheid: Die spreker ontwikkel begrip vir die normale sosiale

verwagtinge wat 'n gespreksgenoot kan koester ten opsigte van segswyse.

(c) Die dimensie van volwassenheid: Die ouderdom van 'n spreker kan 'n moontlike taalbesit impliseer. Die gespreksgenoot verwag van die spreker om ooreenstemmend met sy ontwikkelingsvlak in taalsituasies op te tree.

(d) Die skaal van populêre taalgebruik: Enersyds beteken populêre taal modewoorde, en andersyds 'n variëteit wat baie van die standaardtaal in Afrikaans verskil. Indien die spreker 'n situasie-analise doen en tot die gevolgtrekking kom dat Namakwalands gewens is vir die situasie, sal hy hierdie taal besig.

---

(e) Die assosiasie-skaal: Die spreker kan homself assosieer met 'n spesifieke variëteit, omdat die lewenswyse van die sprekers van hierdie taalvariant hom gevallen.

Vir die vreemdeling in hierdie gebied kan hierdie taal onduidelikhede besit wat slegs deur Namakwalanders begryp word, in dié sin dat die betekenis van spesifieke woorde of sinsnedes van Namakwalands nie deel van sy eie taalbesit uitmaak nie.

- (f) Die verwantskap tussen die spreker en die hoorder  
 tydens die gespreksituasie bepaal die kode wat gebruik sal word tydens die gespreksituasie. Indien konsulterend van aard (waar nie meer as ses mense betrokke is nie), en agtergrondskennis van die kommunikeerders beskikbaar is, sal kommunikasie vrylik plaasvind. Die formele taal, waar die publiek aangespreek word, en 'n ysige taalkode (Vergelyk Fishman 1972 : 17) wat in groot literêre werke aangetref word, en moontlik as 'n soort magsvertoon beskou kan word tydens gewone gespreksituasies, maak gebruik van 'n formele register. Die informele styl word gewoonlik gebruik tussen twee sprekers wat bekend is aan mekaar, of dieselfde agtergrond op sosiale gebied deel. Die intieme taalkode word gekenmerk deur kortpaaie in die taal waar die uitdrukking "'n goeie begrip het 'n halwe woord nodig" hierdie situasie die beste sou opsom.
- (g) Die geskiedkundige skaal betrek die gebruik van argaïese vorme in die taal, waarvan Namakwalands deurspek is met voorbeeld. Vanweë geografiese en kulturele isolasie van sprekers in Namakwaland tydens die ontwikkeling van Afrikaans, het hierdie ouer vorme in die Namakwalandse taal bly voortlewe (Vergelyk Van der Zwan 1986 : 26).
- (h) Die streekstaal is gemerk ten opsigte van die uitspraak, woordeskat, semantiese konnotasies van

woorde en sintaktiese eienaardighede in die spreektaal van boorlinge uit 'n sekere streek. Indien die gespreksgenoot van buite hierdie streek afkomstig is, kan hy deur sy eiesoortige taal uitgeken word as lid van dié bepaalde gemeenskap.

- (i) Die sosiale skaal impliseer die sosiale prestige-waarde wat aan sekere spreektale geheg word, soms ten koste van andere spreektale. Hierdie prestige-tale word gewoonlik deur diegene gebruik wat in 'n beter sosio-ekonomiese klimaat getoë is, waar ook die fokus van die nasionale lewe op ekonomiese, kulturele of politiese vlak is.
- Wanneer 'n spreker van 'n taalkode met 'n lae sosiale prestige-waarde uit sy eie gebied beweeg, kan sy eie segswyse hom op sosiale gebied tot nadeel strek.

Die spreker het 'n vrye keuse vir ses van die nege voorgestelde skale, maar vir die laaste drie: historiese, streeks- en sosiale skale, is die spreker vasgevang in sy eie generasie, geboorteplek en in sommige gevalle, sy omstandighede. Sy pogings om sy sosiale omstandighede te verander, sal afhang van sy tipe opleiding en opvoeding, die mense met wie hy assosieer, en geleenthede wat hom gebied word.

## 1.2 Terminologie

Ter inligting is dit nodig om die basiese terminologie wat in hierdie studie gebruik gaan word, vooraf deeglik toe te lig:

### 1.2.1 Taalvariasie/ variëteit/ taalvariant/ sosiolek/ idiolek

Om duidelikheid oor die terme taalvariasie, variëteit en taalvariant te tref, word die definisie van Du Plessis (1987 : 12) as uitgangspunt gebruik: "Variasie is die verskynsel van heterogeniteit in taal en variante is die verskillende manifestasies van variasie op 'n bepaalde vlak." (Vergelyk /r/ en /R/ in Afrikaans as variante vir die uitspraak van r).

---

Variëteit word deur Du Plessis (1987 : 13) gebruik as 'n sambreelterm om alle moontlike vorme van variasie in te sluit, bv. taalvariasie, dialekvariasie, styl-en registerwisseling.

Taalvariasie in al sy vorme van variante, sosiolekte, dialekte en idiolekte vind sy neerslag veral in die gesproke taal, d.i. die taal van sosiale omgang (Vergelyk Hauptfleisch 1983 : 63).

### Dialek

Volgens Van der Merwe (1972 : 209) is 'n dialek die taalgebruik van 'n gemeenskap binne 'n betreklike homogene geografiese en sosiale milieu. Dit bestaan uit genealogies-verwante tekensisteme met betrekking tot ouer taaltoestande, en is ook bekend as streektaal, gewestelike taal en tongval (Van der Merwe 1972 : 209).

Volgens Du Plessis (1987 : 14) berus die onderskeid tussen 'n taal en 'n dialek op buitetalige faktore.

Indien 'n Namakwalander homself buite Namakwaland bevind, kan sy moedertaal in sommige situasies ontoereikend wees. Sy gespreksgenote kan dan 'n subjektiewe oordeel oor sy taal vel, en dit as 'n dialek klassifiseer.

Bevind dieselfde gespreksgenote hul nou in Namakwaland, kan hul ook probleme ondervind om die Namakwalandse sake te bewoord. Nou kan die Namakwalander op sy beurt die effektiwiteit van hul taal betwyfel. Beide partye sal egter relatief onderleg wees in die standaardtaal. Dit wil nou voorkom asof sommige taalvariante slegs in sekere situasies en op sommige plekke tot hul volle reg kom.

Du Plessis (1987 : 16) se aanduiding van die lokaliteitsgebondenheid van dialekte vind hier aansluiting.

Waar variasie heterogeniteit voorstel, is taalvariante die manifestasies van hierdie heterogeniteit in 'n spesifieke konteks (Vergelyk Du Plessis 1987 : 12).

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar na Namakwalands verwys as 'n taalvariëteit, ter wille van 'n objektiewe ondersoek na die werking van Namakwalands in die kommunikasieproses waar gespreksgenote soms afkomstig is uit ander taalgemeenskappe.

Die betrokke taalgemeenskappe sluit sprekers in wat dieselfde segswyse gebruik om te kommunikeer met inagneming van idiolekte wat by individuele sprekers bestaan.

---

Idiolekte verwys na die eiesoortige taalbesit wat elke spreker aanwend tydens kommunikasie, en wat unieke elemente bevat wat deur eie ervaring, waarneming en skepping daargestel word.

Die idiolekspreker bevind homself in 'n taalgemeenskap met ander idioleksprekers wat mekaar onderling kan beïnvloed. Ter wille van effektiewe kommunikasie word hierdie idiolekte by mekaar aangepas, en hierdie proses brei sodanig uit dat daar in multidialektiese taalsituasies mettertyd 'n taalkode bereik word wat geen lokale kleur dra nie (Vergelyk Du Plessis 1987 : 16).

Sosiolekte daarenteen, word gebruik vir taalverskille wat op sosiale onderskeiding berus (Odendaal 1983 : 42). Hieruit kan afgelei word dat sosiolektes o.a. betrekking het op die sosio-ekonomiese klas waarin die spreker homself bevind, of graag wil bevind. In die sosiolinguistiek staan sosiolektes ook as sosiale dialekte bekend.

Omdat sosiolektes binne 'n spesifieke taal bestaan, is dit deel van die interne variasie in 'n taal wat verband hou met kodewisseling. Hierdie gebruikersvariasie betrek Du Plessis (1987 : 9) op sosiale vlak om sosiolektes onder sosiale variasie te klassifiseer. Sosiolektes manifesteer gevvolglik in die proses van kommunikasie waar sprekers uit alle lae van die samelewing en uit alle tipe beroepe, ouderdomsgroepe en kulturele groepe saamgroepeer, en waar sprekers op mekaar reageer. Du Plessis (1987 : 18) onderskei tussen gebruikersvariasie, waarvan dialek (geografies en sosiaal) deel is, en gebruiksvariasie, wat styl en register insluit.

Deur die gebruik van 'n spesifieke sosiolek kan die spreker homself identifiseer met daardie groep aan wie die sosiolek toegedig word. Gevolglik kan sosiolektes gesien word as 'n subjektiewe identifisering met 'n bepaalde groep omdat die spreker homself met die groep vereenselwig, of omdat hy graag deel van daardie groep wil wees. Gebruiksvariasie in Namakwalands word in 4.1.1 geïllustreer.

### 1.2.2 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte

Daar word soms 'n onderskeid gemaak tussen spraak en taal. Spraak word dan gesien as die taal van die enkeling. Onder die tweede word die taal van die gemeenskap bedoel, met ander woorde die taaleie, taalstelsel of taalmateriaal. Spraak word gesien as 'n middelpuntvliedende krag, wat maklik verskil van die standaardtaal, en taal word gesien as die middelpuntsoekende krag wat eenvormigheid nastreef. Hierdie teenoorgestelde kragte hou die taal in ewewig: indien die spraak te veel varieer, word dit onverstaanbaar.

Indien die standaardtaal te veel beperk word, word dit 'n dooie taal by gebrek aan variasie (Vergelyk Boshoff 1963 : 20).

### 1.2.3 Formele en informele taal

Formeelheid is nie maklik definieerbaar nie, omdat dit verskeie faktore insluit soos bekendheid, familieverwantskap, en hoflikheid. Formele taal

vereis 'n formele konteks soos geskreve taal, religieuse seremonies, regstaal, staatsdienskontekste, en impliseer 'n situasie waar baie aandag aan taal bestee word.

Informele taal word met bekendes en familielede gebesig waar minder aandag aan taal bestee word, en is hoofsaaklik mondeling van aard (Vergelyk Labov 1972 : 110).

#### 1.2.4 Taalkodes of taalstyle

Baie aspekte van die sosiale situasie kan bydra tot die keuse van 'n kode vir 'n spesifieke geleentheid.

Gebruiksvariasie van hierdie aard lei tot verskillende taalkodes of taalstyle. Die style val saam met die verbale repertoire van 'n spesifieke spreker, en weerspieël die variasies in sy spreektaal wat in verskillende situasies toegepas word (Vergelyk Trudgill 1974 : 110).

Pride & Holmes (1972 : 248) definieer taalstyle soos volg: "Style, we might almost say, is a matter of the selection of particular grammatical patterns and sequences of patterns, and of particular items of vocabulary and sequences of items; and of course (by

implication) the avoidance of others."

Hierdie taalstyle manifesteer hulself ook in multidialektiese situasies wat gespreksituasies voorstel tussen sprekers met verskillende moederdialekte, alhoewel beide sprekers die standaardtaal in gedagte het by die formulering van hul boodskappe (Vergelyk Pride & Holmes 1972 : 129).

#### 1.2.5 Taalgebiede of taalterreine

Taalterreine word gedefinieer in terme van institusionele kontekste of sosio-ekologiese taalverskynsels. Dit stel die belangrikste eenhede van interaksies voor wat in multidialektiese situasies voorkom. Taalterreine toon dat taalkeuses en onderwerpe verband hou met die netwerk van sosio-ekonomiese norme en verwagtings. Dit word nou moontlik om die spreker se taalgedrag te bestudeer in die intragroep (klein interaksiegroep, bv. gesprekke tussen individue of kleiner sosio-ekonomiese eenhede) en die intergroep (sosio-ekonomiese groepe in die samelewing as 'n geheel) (Vergelyk Pride & Holmes 1972 : 19).

#### 1.2.6 Die gespreksgenoot is 'n variërende sosiale faktor in die gespreksituasie wat kodewisseling kan inisieer

(Vergelyk Combrink 1983 : 52). Die rol van die gespreksgenoot in die kommunikasieproses word breedvoering in Hfst. 4 uiteengesit, en fokus op die geskakeerde rol wat elke gespreksgenoot vervul in die oordrag van die boodskap, en watter invloed hy op die Namakwalandse spreker het in 'n verskeidenheid van taalsituasies.

### 1.3 Probleemstelling

Die veldnavorsing wat tot dusver gedoen is op die vlak van gesprekvoering, toon dat die gespreksgenoot 'n rol kan speel in taalvariasie by 'n spreker van 'n bepaalde spraakgemeenskap.

Labov (1972), Trudgill (1974), Pride en Holmes (1972), Claassen (1983) en verskeie ander linguiste het deur intensieve veldnavorsing bevind dat faktore soos die graad van formeelheid, die agtergrond van die gespreksgenoot, die onderwerp, die milieu, die bekendheid met die gespreksgenoot en die verskeie roloverwantskappe van die spreker kan bepaal watter taalkode die spreker in 'n spesifieke gespreksituasie gaan gebruik. Die doel van hierdie ondersoek is vervolgens om te bepaal of hierdie bevindinge ook geldig is met die Namakwaler as spreker.

Daar word gepoog om aan te dui of grade van formeelheid in sy kodewisseling waargeneem word, en of dit enige beduidende ooreenkoms vertoon met reeds bestaande navorsingsresultate met spreektale in ander lande en plaaslik, en waar ander volkere by die navorsing betrek is.

Die sosiale gemeenskap se invloed op kodewisseling blyk 'n groot faktor te wees. Die vraag ontstaan of die Namakwalander hierdeur geraak word, nie net in die sosiale milieu van skool, kerk en staat nie, maar in sy werksituasie, sy omgang met ander in die kultuurlewe en eie definiëring van prestige-taal.

#### 1.4 Metodologie

---

Volgens Labov (1972 : 207 - 215) is die doel van veldnavorsing om te bepaal waarom sprekers sê wat hulle sê in gespreksituasies, en hierdeur word ook bepaal watter rol die gespreksgenoot hierin speel. Die opsporing en versameling van data skep die agtergrond om die basiese vraagstukke te probeer beantwoord.

Vyf metodologiese aksiomas gebaseer op die veldnavorsing, lei tot 'n metodologiese paradoks, en die oplossing van hierdie paradoks maak die sentrale metodologiese probleem van hierdie studie uit.

Hierdie aksiomas is stylwisseling, aandag, die voorkoms en gebruik van die moedertaal, formeelheid en betroubare data.

#### 1.4.1 Stylwisseling

Daar is skynbaar geen Namakwalandse spreker wat slegs een styl gebruik nie, intendeel, sommige sprekers het 'n wyer veld van stylwisseling as ander. Dit blyk uit veldnavorsing gedoen in die Namakwalandse omgewing, dat stylwisseling ontstaan as die onderwerp en sosiale konteks van die spreker en sy gespreksgenoot verander.

#### 1.4.2 Aandag

-Alhoewel daar baie stilistiese dimensies geïsoleer kan word, kan dit veronderstel word dat style kan wissel volgens die hoeveelheid aandag wat aan spraak bestee word. Namakwalanders is waargeneem in gespreksituasies waar verskillende grade van aandag verlang word ten opsigte van taalaanwending.

Gespreksituasies soos formele onderhoude, en veral die geskrewe taal wat formele taal impliseer in die meeste gevalle, is vergelyk met die informele taal of moedertaal (algemene omgangstaal) van die spreker.

#### 1.4.3 Moedertaal (Omgangstaal)

Moedertaal is waarskynlik die taal wat die minste aandag kry tydens gespreksituasies, en is gevolglik die beste materiaal waarmee 'n navorser kan werk. Natuurlike taalgebruik bied die betroubaarste data in 'n taalondersoek. Sprekers is vervolgens waargeneem tydens informele situasies waar gesprekke gevoer is met bekendes uit dieselfde terrein. Hierdie spreektaal is ook waargeneem tydens die uiting van emosies tydens formele situasies of waar die gesprek skielik verskuif is na 'n ander Namakwalander as gespreksgenoot.

#### 1.4.4 Formeelheid

Enige sistematiese waarneming van 'n spreker definieer 'n formele konteks waar daar meer as die minimum aandag aan taal bestee word. Tydens 'n onderhou waar informasie gevra en gegee word, sal die moedertaal nie gebruik word nie, ten spyte van 'n informele of vriendelike houding by die gespreksgenoot. 'n Ander styl sal gebruik word as hy 'n grap met vriende deel, of met sy vrou argumenteer. Transkripsies is vervolgens gemaak van gevalle tydens onderhoude waar die Namakwalander verwissel van sy meer formele spreekstyl, en daar is gelet op watter faktore daart bydra. Dit is vervolgens nodig om te let op teoretiese aannames wat ter sprake is tydens die verkryging van data:

Die sentrale tema hou verband met sosiolinguistiese navorsing wat gedoen is op die gebied van taalvariante met die klem op die sosiale aard van taal. 'n Verband is gesoek met die taalgedrag van sprekers reg deur die wêreld, en skrywers wat die rol van die gespreksgenoot in kommunikasie met effek ondersoek het, is daarom soms direk aangehaal om hierdie verbande duidelik uit te wys.

Hiermee is gepoog om die betrokke navorsing nie net met die van die betrokke sosiolinguiste te vergelyk nie, maar ook om hierdie teorieë te onderskryf en verder uit te brei.

Indien enige definisie of aanname nie sodanig op die Namakwalander van toepassing is nie, is daar vergelykings getref met ander menings in verband met sodanige definisies of aannames en is daar tot 'n algemene gevolgtrekking gekom. Om die rol van die gespreksgenoot in multidialektiese situasies te beskryf, is daar gebruik gemaak van die volgende metodes om data-in te samel:

#### 1.4.5 Gerigte-onderhoudvoering:

##### 1.4.5.1 Onderhoude

Daar is besluit om ongestrukteerde onderhoude met die datapersone te voer aangesien die spreker geneig is tot formele taal indien dit aan die lig kom dat die kommunasie vir navorsingsdoeleindes gebruik gaan word. Waar sou die hoofaktiwiteit van die onderhoudvoerder uit baseer op reeds bestaande data wat oor 'n tydperk van 8 jaar is. Hierdie werkswyse sou egter impliseer dat verskeie met die

respondente gevoer sou moes word, wat uit die aard van die eksterne omstandighede onuitvoerbaar was. Die respondentie is nie net versprei oor 'n wyd uitgestrekte gebied met moeilik begaanbare paaie nie, maar diegene wat die gebied verlaat het, is ook verspreid oor die land.

Die riglyne vir 'n onderhou soos dit deur Robert Merton en Patricia Kendall (1946 : 541-557) voorgestel is, is nagevolg:

1. Die respondentie is Namakwalanders vanaf die skoolgaande ouderdom wat hul hetsy in Namakwaland bevind, of 'n heenkome elders gaan soek het. Daar is gepoog om alle vlakke van die samelewing te betrek, en sluit die volgende in:

1.1 Boere uit die omgewings van Kamieskroon, Garies, Bitterfontein, Nuwerus, Lutzville, Vredendal, Vanrhijnsdorp, Kliprand en Springbok.

1.2 Professionele persone uit Kamieskroon, Bitterfontein, Nuwerus, Vredendal en Vanrhijnsdorp.

1.3 Leerlinge vanaf Sub A tot matriek, veral in Bitterfontein, Kliprand, Nuwerus, Garies en Kamieskroon.

1.4 Persone wat hul buite die gebied bevind en wel in Stellenbosch, Caledon, Saldanha, Pretoria, Johannesburg, Bloemfontein, Upington en Windhoek.

1.5 Persone uit alle lae van die samelewing wat hul buite dié gebied bevind (Sien bylae van datapersone)

2. Die belangrikste hipotetiese elemente of patronen van taalgedrag wat ondersoek moes word, is:
  - 2.1 Maak die respondent gebruik van kodewisseling?
  - 2.2 Wanneer maak die respondent gebruik van kodewisseling?
  - 2.3 Hoe kontrasteer die agtergrond van die respondent met dié van die onderhoudvoerder?
  - 2.4 Watter graad van kodewisseling vind plaas?
  - 2.5 Wat is die houding van die respondent?
  - 2.6 Wat is die houding van die onderhoudvoerder?
  - 2.7 In watter ouderdomsgroep val die respondent?
  - 2.8 Watter eksterne faktore werk op die onderhoud in?
  - 2.9 Watter graad van spanning is betrokke by die onderhoud?
  - 2.10 Watter subjektiewe ervarings ondervind die respondent tydens die onderhoud? Hoe beïnvloed die subjektiwiteit die taal van die respondent?
- 2.11 Word die eiesoortige segwyse van die respondent as-verskillend beskou deur homself?
- 2.12 Hoe visualiseer die respondent homself ten opsigte van sy toekoms en sosio-ekonomiese posisie?
3. Die aard en omvang van die onderhoud is aan die respondent verduidelik.
4. Die versamelde data is nie net deur die navorsers geïnterpreteer en gesistematiseer nie, maar is ook aan ander Namakwalanders voorgelê as verwysingsmateriaal om in groepsverband bespreek te word.

5. Die noodsaaklikheid van 'n ontspanne atmosfeer was essensieel vir die manifestasie van die moedertaal tydens formele onderhoude en dit is doelbewus nagestreef.
6. Wanneer 'n bandopname van gesprekke gemaak is, het die onderhoudvoerder verduidelik waarom die bande noodsaaklik is.
7. Die respondent is aangepor om subjektiewe uitlatings te maak met dié doel dat dit informele taal sal ontlok.

#### 1.4.5.2 Groepsessies:

Wanneer respondente in groepsverband betrek word om data in te samel, moet hul vooraf selektief gegroepeer word, sodat die beste resultate verkry kan word. Groepsessies is 'n gewenste vorm van onderhoudvoering vir hierdie betrokke verhandeling aangesien die respondent dan gespreksgenote uit sy eie gemeenskap of uit ander gemeenskappe het, en vervolgens met meer taalstyle gekonfronteer word  
(Vergelyk Du Plessis 1987 : 92).

Daar is gepoog om die onderhoude in 'n bekende omgewing te laat plaasvind, wat soms nie geslaagd was nie, vanweë die Namakwalander wat hom buite sy eie gebied bevind, en soms nog vreemd voel in sy omgewing. Sommige groepe is gevra om lyste woorde en uitdrukkings waaronder tiperende Namakwalandse segwyses voorkom, te lees en is gevra of hulle alle woorde en uitdrukkings gereeld in hul taal gebruik, wat verrassende,

heftige besprekings ontlok het.

Gedurende hierdie spesifieke groepsessies het enkele sprekers tydens woordewisselings eiesoortige segswyses gebruik, wat pas toegedig is aan die ouer sprekers van Namakwaland. Dit raak die betroubaarheid van die sprekers se menings oor die frekwensie van taalvorme in die gemeenskap, maar is insiggewend vanuit die navorsers se oogpunt.

Toetselemente in groepsessies en tydens individuele onderhoude was selfevaluerend van aard. Die respondent moes die Namakwalandse omgangstaal korrigeer en 'n doelbewuste linguistiese onsekerheid het hierdie toetse onderlê. Elke respondent is uitgevra oor sy familieagtergrond om gevolglik nie net die terugvoering van die toetse te korreleer met bestaande data nie, maar om informeler taal uit te lok met betrekking tot hierdie subjektiewe onderwerp (Vergelyk Du Plessis 1987 : 93).

#### 1.4.5.3 Waarneming

Die doel van linguistiese navorsing is om uit te vind hoe sprekers praat as hul nie dopgehou word nie. 'n Paradoksale verskynsel word hier aangetref omdat hierdie data net deur sistematische waarneming verkry kan word. Om hierdie paradoks te oorkom, is die aandag afgelei van spraak, en die gebruik van die moedertaal uitgelok. Dit is gedoen deur onderbrekings en pauses, waar die spreker nie bewus was van waarneming nie. Die spreker is ook betrek by vrae en onderwerpe wat sterk reaksie ontlok het met betrekking tot sake wat die spreker in die verlede ondervind het.

- Onsistematiese waarnemings:

Waar genoeg lede van 'n spraakgemeenskap- saam gegroepeer is sodat hul spraak natuurlik en duidelik is, kon dit dien as kontrole vir data wat versamel is tydens onderhoude. Hierdie kontrole van data is deur sprekers van die Namakwalandse spraakgemeenskap bewustelik gedoen deur self oor die data te gesels en eiesoortighede te identifiseer. Dié gesprekke is op band geneem en transkripsies is gemaak van die segswyses van die sprekers in dié gespreksituasies.

- Massamedia:

Sistematiese data kan ook van radio- en televisie-uitsendings verkry word, alhoewel die seleksie van stylelemente hier gewoonlik baie sterk aanwesig is. Wanneer die spreker egter nie sy eie spraak monitor nie, en sy aandag eerder by die rapport betrokke is, kan sy moedertaal wel manifesteer. Uittreksels van geskrewe taal in die massamedia toon aan dat die Namakwalander die standaardtaal gebruik in hierdie formelege situasie. Tydens die televisieprogram, SPIES EN PLÊSSIE... MET PERMISSIE, gebruik die Namakwalanders egter hulle moedertaal, moontlik vanweë die aanvaarbaarheid daarvan in hierdie program.

Die formelege kant van die stilistiese variasie van taal:

Wanneer die Namakwalander 'n leestuk sou lees wat in "hoë" akademiese taal geskryf is, lees hy die stuk met die standaardtaalauitspraak. Lees hy egter 'n stuk in 'n informele styl geskrywe, is hy meer geneig tot moedertaalauitspraak.

### Korreksietoetse

Korreksietoetse toon dat sprekers se bewustheid van gestigmatiseerde sosiale taalvariante uitgewys kan word deur hulle te vra om sinne wat in die moedertaal geskryf is, te korrigeer in die standaardtaal. Die omgekeerde is egter nie suksesvol nie, en reflekteer 'n belangrike aksioom: wanneer 'n nie-standaardtaal (Namakwalands) in aanraking kom met die standaardtaalvorm, behoort die antwoorde in 'n formele toets te verskuif van die Namakwalandse spreektaal na die standaardtaalvorm op 'n onreëlmatige en onsistematiese wyse.

Self-evaluasietoetse wys die spreker se houding teenoor taalveranderlikes uit: wanneer hulle gevra word watter taalvorme kenmerkend is van hul eie spraak, sal die antwoorde dié wees wat prestige dra of wat "korrek" is, eerder as die vorm wat hul eintlik gebruik. Hierdie data is egter gekontroleer met die spreker se eintlike spraakpatrone. Daar is egter sekere sprekers wat meer bewus is van prestige-vorme as ander, en wie se gedrag meer beïnvloed word deur uiterlike standaarde wat opvallend is. Hulle sal meer kodewisseling toepas as die spreker wat nie hierdie standaarde sodanig erken nie. Hierdie neiging is gemeet deur 'n lys aan die Namakwalandse spreker voor te lê waar die

standaardtaal neffens die moedertaal aangedui is.

Die spreker is vervolgens gevra watter vorm korrek is en watter vorm deur hom gebruik word. Die som van die items waar die response verskil, is 'n aanduiding van die taalonsekerheid wat die taalgebruiker ondervind. (Vergelyk bylaag G)


Opsommenderwyse kan gesê word dat hierdie studie 'n ondersoek na en 'n vertolking is van die rol wat die gespreksgenoot speel in die taalvariasie van die Namakwalanders. Die ondersoekgroep maak die blanke taalgemeenskap van Namakwaland uit, asook Namakwalanders wat hul buite dié gebied bevind, met die standaardtaal telkens as kontrolemateriaal.

## HOOFTUK 2

### DIE NAMAKWALANDSE GEMEENSKAP

#### 2.1 Geografiese beskrywing

Namakwaland is 'n dorre streek met 'n lae bevolkingsyfer, en strek tussen die breedtegraad deur Vanrhynsdorp in die suide, die smal Sandveldkusstreek in die weste en die Bokkeveldberge in die ooste. Die noordelike grens word gevorm deur die Oranjerivier. Hierdie streek sluit ander dorpe in soos Kamieskroon, Springbok, Nababeep, Okiep, Hondeklipbaai, Alexanderbaai, Nuwerus, Kliprand, Koekenaap en Garies. Die Knersvlakte word ook as deel van Namakwaland beskou, en lê ten noorde van Vanrhynsdorp met die dorpies Nuwerus en Kliprand as grens. Die Namakwalandse streek kan deur middel van die volgende kaart voorgestel word:.



(Aangepas: Leigh 1986 : 24 - 26).

Ongunstige toestande soos 'n lae reëerval, 'n gebrek aan genoeg vars water, alledaagse geriewe, beperkte winkelsentra, mediese en beroepsfasiliteite, hou die bevolkingsyfer laag. Dit impliseer verder dat poste in geskoold beroepe soos onderwysers en predikante nie baie deur persone anders as uit die streek self, gevul word nie.

Vanweë slegte weiveld, 'n gebrek aan voldoende water vir suipings, en klein bossies wat ver van mekaar staan, word place van oor die 20,000 hektaar as skaars voldoende beskou, en plaas 'n groot afstand tussen bure. Sosiale kontak vind gevolglik nie gereeld plaas nie (Vergelyk Von Wielligh 1925 : 157).

Die statiese aard van die gemeenskap word gedemonstreer deur die geldigheid van Von Wielligh se navorsing wat oor 'n tydperk van 62 jaar min verandering of regstelling vereis.

Data versamel in 1925 deur Von Wielligh (1925 : 142) om die bufferstroke tussen die Boland en Namakwaland te bepaal, het die volgende by Clanwilliam opgelewer: "Ons sê nie soos in Namakwaland kees (vir kis), kenners (vir kinders), en ook nie oener vir onder nie; papperets  
(is papperig of pappery), groente op die tafel heet  
toekos of bykos. Se(p)timmer vir September".

Ons sê: Kammatie, kamtag ook kamma. Juistement in die sin: 'Dis juistement hy wat so sê... So praat ons ook van hoendersteier (vir hoenderstellasie)."

Ooreenkoms met die Namakwalandse taal was: twak (vir tabak), koeskop (poenskop), kap (ook stewelpolvy) vir hak, hoeka (vir lankal), en ôtjie (vir varkie). "Ons sê ook nie deuskant vir duskant, beult vir bult nie..." Die inwoners van Clanwilliam en Vredendal sien hulself eerder as Bolanders, en het volgens Von Wielligh ook Namakwalandse vorme soos gjeef (vir gif), droëntyd (droë tyd), almôres (soggens), rapat wees (knaphandig) ontken. Datapersone, veral uit die Knersvlakte, het steeds hierdie vorme in die Namakwalandse taal in gebruik, maar verskil van die Clanwilliamers oor die gebruik van bult (vir bult). Inwoners van Springbok erken ook Von Wielligh se uitsprake, maar dig hierdie data nie in die ouer inwoners van Springbok toe.

Die bufferdistrikte van Namakwaland is nie geografies van aard nie, maar is duidelik segswyses van die distrikte te bespeur, soos van Zoovoorby uit die Knersvlakte opmerkbaar daar mar ook verskille ons sê netnooit netnoumaar e' da' praat o's van toenie van mistoe..." (1987).

Die geografiese faktore wat deur die jare die behoud van eiesoortige segswyses deur die Namakwalanders in die hand werk, naamlik min water, lang afstande tussen bure en relatief swak en ver paaie, het gevvolglik konstant gebly.

Die ryk bodemgesteldheid van Namakwaland wat tot die groot olievonds aan die Weskus geleei het, kan egter hierdie faktore elimineer, en noodwendig die eiesoortigheid van die Namakwalandse segswyse beïnvloed.

## 2.2. Historiese aspekte en verbande

Die veeboer-pioniers het hul in die Noordweste gevestig teen die middel en einde van die 18e eeu. Alhoewel Afrikaans al goed gevestig was in die Kolonie met hul vertrek, het hul taal tog 'n aantal ou Hollandse woorde en klanke behou wat die standaardtaalspreker nie meer gebruik nie, bv. opdat (vir dit), wegens ens. Dit is waarskynlik vanweë die feit dat hul vroeg geïsoleerd geraak het, en nie 'n ander woord vir die Hollandse oorblyfsel aangeleer het nie. Daar was ook ander oorsake vir die ontwikkeling van die Namakwalandse spreektaal:

- (i) Tot ongeveer 1875 was die grond nog oop kroongrond, en het die veeboere na willekeur rondgetrek in die droogtegebiede. Daar was geen skole of kerke gestig nie, en die veeboer was vir geselskap afhanklik van sy familie, en werkvolk.
- (ii) Daar was 'n groot gebrek aan doeltreffende leessstof.
- (iii) Baie gepaste uitdrukings het in die trekproses verdwyn. Nuwe spraakdele wat die veranderende toestande moes vertolk, is weens 'n gebrek aan taalbegrip onhandig gekies, of die toevlug is geneem tot ontlenings van die Hottentot of Boesman
- (Von Wielligh 1925 : 145).

Volgens Van der Zwan (1986 : 26) het die veeboere se isolasie op geografiese en kulturele gebied daartoe geleid dat 'n eiesoortige samelewing ontstaan het in dié gebied. Die bedreiging deur die San, die blanke se behoefte aan ekstra arbeiders, en die ontstamming van die Khoekhoen het die blanke en Khoekhoen na mekaar aangetrek, sodat die Khoekhoen vir die blanke gaan werk het. 'n Ekonomiese eenheid het ontstaan met die blanke en sy gesin, sy slawe en die Khoekhoen arbeiders, en onderlinge kultuurbeïnvloeding onvermydelik. Die blanke het nomade geword, matjieshuise gemaak en Khoekhoense dieretabells : hul kinders vertel, en het as gevolg van sy hoër status, volgingsmodel geword ten opsigte van sy taal.

Baie van hierdie ontleende Khoesanse taalvorme is weens 'n gebrek aan taalbegrip onhandig gekies, of die toevlug is geneem tot ontlenings van die Khoesan  
(Vergelyk Von Wielligh 1925 : 145).

Alhoewel die blanke in hierdie proses baie vorme van die Khoesan (Nienaber 1989 : 7) oorgeneem het, beteken dit nie dat daar geen verskil in segswyse is tussen die boer en sy werkvolk nie. Die basters, kleurlinge en Khoesan-elemente wat die werkvolk uitmaak, praat 'n "platter" taal as die blanke in dié opsig dat blankes se segswyse meer neig na die standaardtaalvorm. Daar kom ook relatief minder vorme van krutaal voor in die omgangstaal van die blanke (Vergelyk Von Wielligh 1925 : 158).

Na 'n proses van akkulturasie tussen die blanke en die Khoekhoen wat ongeveer 'n eeu geduur het, trek die grootste gedeelte van die nie-blanke element noordwaarts, maar nie sonder 'n blywende impak op die blanke se taal nie. (Sien 3.3 vir 'n uiteensetting van sodanige invloed)

### 2.3 Samelewingstruktuur

Die enkeling word gebore in 'n gemeenskap met 'n eie identiteit en kultuurelemente, waaraan hy blootgestel word tydens sy vorming en groei. Sy kultuurerfenis rig hom, orden sy daaglikse gang, en vorm hom sodat hy uiteindelik effektief in 'n gemeenskap sal funksioneer en inpas.

Die samelewingstruktuur in Namakwaland kan beskryf word in terme van bekende aannames oor taal en kultuur.

Taal vorm die hoeksteen van alle kultuur en beskawing. Dit hou 'n belang-gemeenskap byeen, en dien ook as merker om afkoms aan te dui. Die gemeenskaplike taal is die voeder van die middelpuntsoekende krag wat 'n gemeenskap byeen hou, en kweek 'n bewustheid by sprekers van een samehorige geheel (Vergelyk Coetzee 1958 : 3).

Die mens as 'n sosiale wese, voel hom genoodsaak om hierdie samehorige gevoel te handhaaf, voortgestu deur die middelpuntsoekende drang by die mens. Weens die vrees van verwerpding, en die drang na aanvaarding deur die groep, konformeer die spreker reeds wanneer hy skool toe gaan ten opsigte van sy taalgebruik. Indien die spreker 'n werksituasie beklee na skoolopleiding, moet hy opnuut sy taal aanpas by die nuwe situasie.

Die Namakwalandse samelewing is relatief klein en op

mekaar aangewese om 'n bestaan te maak, en alle sprekers het een deelgenoot: hul eiesoortige taalbesit.

Die klein gemeenskap het sy struktuur te danke aan sekere faktore: As 'n streek, word Namakwaland gekenmerk deur groot strukturele nadele, wat die ontwikkeling in die gebied strem. Behalwe minerale, het die bodem geen ander potensiaal nie. Dit het 'n warm, droë klimaat, 'n lae reënval en arm grond.


Droogte is 'n algemene verskynsel, veral in die Noordwestelike dele van die gebied. Die lae bevolkingsyfer, wat wyd versprei is oor die streek, is dan ook aan die klimatologiese eienskappe verwant. Werkverskaffing is baie skaars, en skep dus nie die klimaat vir 'n grootskaalse nywerheidsontwikkeling nie (Vergelyk Emmet 1987 : 48).

Die streek het ook 'n laagontwikkeld infrastruktuur. Daar is geen beduidende hawe of lughawe nie, en die naaste spoorwegstasie vir dorpe soos Springbok, Alexanderbaai, Garies, Hondeklipbaai en Kamieskroon is Bitterfontein, omrent 172 km suid van Springbok, die grootste dorp in hierdie streek.

Met minerale as die een groot ontginningsbron' in die streek, het Namakwaland swaar begin steun op mynbou, wat

merendeels ongeskoolde workers het (Vergelyk Redlinghuis 1981 : 148 - 149). Die kusstrook het ook klein visnywerhede, met klein vissersgemeenskappe daarom gesentreer.

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat die Namakwalandse gemeenskap oorwegend uit persone bestaan sonder naskoolse kwalifikasies, soos aangedui in die volgende figuur:



#### 2.4 Taalbesit as norm van die Namakwalandse gemeenskap

Namakwaland was om verskeie redes een van die mees afgesonderde dele van die Republiek, waar kultuurvorme vir bykans 'n honderd en vyftig tot tweehonderd jaar onveranderd voortbestaan het. Die kultuurlewe van die

blanke inwoners is tans aan groot veranderings onderhewig vanweë kragvoorsiening aan die gebied vanaf 1983.

Die Namakwalandse spreker moet nou noodgedwonge nuwe woorde skep, of woorde ontleen aan 'n ander spreektaal of taal, om hierdie nuwe sake te benoem. Die toepassing van transfonologisering vir nuwe sake, is opvallend in die tale van beide die jonger en die ouer generasie vir woorde soos:

- mouter - motor
- mitijien - masjien
- liksens - lisensie
- taaier - motorband
- poliesvrou - boetebessie
- ghremmiefounpaal - telefoonpaal

Haugen (1966 : 922) wys egter daarop dat geen taal inherent gestrem is nie. Eerder as om die Namakwalandse spreektaal met 'n lae-status te verbind, moet dit volgens Haugen se teorie as 'n funksionele spreektaal beskou word, wat die spreker in staat stel om in sy dagtaak te kommunikeer. Die taal van die Namakwalander bedien 'n tipiese lewenswyse, en het die idiome en eiesoortige segswyse hierom gebou.

Die ryke beelding in die Namakwalandse spreektaal ten opsigte van bv. boerderysake, reflekteer 'n seggingskrag wat met die van enige hoëstatusstaal vergelyk.

Omdat die Namakwalandse idiome sterk ontleen is aan die skaapboerdery, vertel sy idioomgebruik ons van 'n dorre streek en min sosiale kontak. Hierdie eiesoortige idiome ontleen aan die skaapboerdery, sluit byvoorbeeld in:

1. "Hy dra broek" - hy's vet (soos 'n skaap);
2. "Hy's al 'n volbek-jong" - hy's al groot;
3. "Jou klere hang soos 'n wolsak aan jou lyf";
4. "Katpootjie maak" - (vingers bymekaar bring);
5. "Boerkwagga" - plaaskind;
6. "Ouspoor maak" - afskud;

In aansluiting tot omgewing- en sosiale struktuur, kan die waardes van 'n gemeenskap ook 'n effek hê op 'n spreker se taal. Vanweë die aardsheid van hierdie gemeenskap, wat onafwendbaar is as gevolg van die dominansie van die veeteeltsektor, is die taalgebruik soms kru en sommige uitdrukings skokkend reguit, gemeet aan die norm vir standaardtaal in sekere situasies. (Sien bylaag B vir voorbeeld)

Hierdie taaleienskap dra onteenseglik by tot die lae prestige-waarde van hierdie gemeenskap ('n sosiale

evaluering). Alhoewel die volgende voorbeelde min voorkom wanneer die gespreksgenoot 'n standaardtaalspreker is, is die volgende aangeteken tydens formele onderhoudsituasies:

"Ek sal nou nie sê la' jy lie' nie, mar ek glo jou nie..."

"Kwit, da' la' sweet jy my nou..."

Wanneer 'n spreker se segswyse woorde insluit soos:

"Pagoed, pôjaan, smôrs, oolfante, nô (nôi), grusnag, deuskant, kjeend, gloof, moegrag, hunning, Bywelse, têrre, pilsier, ament, vandeeske en kees (kis)", en taalvorme vertoon wat eiesoortig is aan die Namakwalandse segswyse, identifiseer die gespreksgenoot homself onmiddellik as 'n boorling uit Namakwaland.

Die eiesoortighed in sy taal kan die Namakwalander kniehalter in sy omgang met persone wat nie bekend is met sy eiesoortige taalgebruik nie. Die gespreksgenoot gaan determineer of die kommunikasieproses die Namakwalandse segswyse kan akkomodeer. Indien nie, sal die boodskap rekonstruksie moet ondergaan om die kommunikasieproses te laat slaag (Vgl 4.1 verderaan).

Die vraag kan ontstaan waarom dan die sterk individuele karakter in hierdie streektaal? Afgesien van die geïsoleerdheid van die boer op sy groot plaas, moet dit in gedagte gehou word dat die

boer, sy gesin en die plaasarbeiders 'n sosio-ekonomiese geheel vorm, en uit mekaar se terminologie ontleen ter wille van algehele verstaanbaarheid. Dan het boerderymetodes oor die jare heen relatief dieselfde gebly, en is selfs donkiekarre steeds 'n bekende gesig op die plaaspaaie, alhoewel slegs die plaasarbeiders dit deesdae gebruik. Daarom bly die terminologie wat in die daaglikse lewe op die plase veral gebruik word, relatief onveranderd.

Vanweë die psigologiese, sosiologiese en semantiese konnotasies van die spesifieke taal, kan die eksklusiewe aard van die taal lei tot begripsprobleme in gespreksituasies. Manifestasies van sodanige begripsprobleme kom voor by die uitsluiting van persone anders as uit die streek, deur die eksklusiewe aard wat die mededeling kan hê.

Die "buitestaander" word hierdeur uitgesluit omdat die betekenis van hierdie voorbeeld vir hom onbekend sal wees, en hy nie daarop kan reageer nie, tensy die konteks singewend is. Enkele voorbeeld uit die boerderyberoep en die natuur kan vervolgens uitgelig word.

(Vergelyk hoofstuk 3 vir meer volledige besonderhede van taalverskynsels):

"Jou klere hang soos 'n wolsak" (jou klere is te groot)

"Hy kielie die mouter agter die blad" (hy ry vinniger) ;

Die betrokke voorbeeld is telkens in groepsessies betrek, waar die versamelde data (soos in die bylae vervat) met die aanwesige datapersone bespreek is ten opsigte van bekendheid en gebruiklikheid. Uit 'n totaal van 30 persone wat aan groepsessies deelgeneem het, het 21 (bokant die ouerdom van 27) die voorbeeld herken, en het 8 van hierdie 21 die segswyses toegedig aan ouer Namakwalandse sprekers.

Omdat die Namakwalerder nou met die natuur saamwerk in sy beroep, kom eksklusiewe vorme soos die volgende wat handel oor die bodemgesteldheid van Namakwaland, ook in sy taal voor:

baaiskoupweer: weer met baie weerlig;

ploereën: eerste Namakwalandse winterreën;

groen-groen regte hê: 'n kind wat hom dinge veroorloof wat nie byval by ander vind nie;

"Hy lôp klar met hyse lang sikketaarstreeë" (loop met lang treë). Die onderstreepte gedeeltes herinner sterk aan die invloed van Griekwa in die taal. Dié konstruksie kom ook voor in Griekwa-Afrikaans (Vergelyk Claassen en Van Rensburg 1983 : 151).

Lede van die Namakwalandse gemeenskap gebruik 'n sisteem van willekeurige klanke wat deur lede van hierdie groep in woorde geïnkorporeer word, as hul in interaksie verkeer, en waardeur hierdie groep hulself identifiseer

(Vergelyk Sturtevant 1974: 2).

Hierdie foneemalternasie kan vanweë die eksklusiewe aard ook taalverwarring in die hand werk, omdat dubbelsinnighede kan voorkom, byvoorbeeld rook X rok, Koos X Kos.

In 3.2.10 word fonologiese variasies in Namakwalands meer volledig bespreek.

Indien die sosiologiese siening van taal as vertrekpunt geneem word, is die Namakwalandse spreektaal 'n voertuig vir die norme van sy gemeenskap (Vergelyk Koefoed & Von Marle 1978 : 15). Sy kultuurerfenis spreek deur sy aangeleerde taal in die samelewingsverbande van gesin, skool, kerk en samelewingsinstansies. W. von Humboldt (1969 : 597) sê hieroor: "As verskynsel ontwikkel taal egter in sosiale verkeer en die mens verstaan homself slegs deurdat hy die verstaanbaarheid van sy woorde op ander uittoets."

F.E.D. Schleiermacher sluit hierby aan: "Waar daar geen gemeenskap is nie, kan daar ook geen aanknopingspunt vir die (wetersydse) verstaan wees nie" (Hartmann 1960 : 229).

Die enkeling kan gevolglik slegs sy idiolek realiseer in 'n interaksie met sy omgewing, in hierdie geval eerstens met die Namakwalandse spreker. Hierdie gemeenskap sal die nodige taalregister aan hom, die spreker, oordra in 'n leeftyd van sosiale interaksie. Wanneer hierdie spreker egter sy eie gemeenskap verlaat, kan hierdie aangeleerde taalregister hom moontlik faal indien Namakwalanders nie sy nuwe ervarings kan verwoord nie.

## 2.6 Samevattend

Die Namakwalandse gemeenskap word soms as gevolg van die groot afstande tussen dorpe, asook deur geografiese faktore sosiaal geïsoleer van taalinvloede van buite.

Vanweë die ontoereikendheid van die taalbesit van die pioniers uit die Kaapkolonie ten opsigte van die omstandighede en bodemgesteldheid van Namakwaland, het die trekkers woorde van die inboorlinge van hierdie gebied ontleen om nuwe sake te benoem. Hierdie tale het nie alleen die blankes se taal verryk met 'n nuwe reeks van plant- en diername asook plekname nie, maar het ook die sintaksis en idioom van die spreker beïnvloed. Ou Hollandse woorde en klanke het ook in die taalproses onveranderd gebly terwyl dit in die algemene Afrikaans verlore gegaan het.

Alhoewel kopermyne, delwerye en visserye baie werkers lok, vorm die veeboergemeenskap die grootste groep in die omgewing. Dit is ook hierdie daaglikse bedrywighede wat die segswyse van die Namakwaler in 'n mate bepaal. Hierdie eiesoortige segswyse het toegang tot dat die spreker hierdeur uitgeken word as deel van die siale omgewing.

Die Namakwalandse taal kan die spreker egter faal indien dit nie nuwe ervarings kan verwoord nie. As gevolg van die eiesoortige konnotasies van die spesifieke taal, kan "kommers" uitgesluit word deur die eksklusiewe aard van die mededeling tussen twee of meer Namakwalanders in gesprek.

## HOOFSTUK 3

### NAMAKWALANDSE TAALVARIASIE

#### 3.1 Die Namakwalandse spreker

Die norme van die Namakwalandse gemeenskap kom duidelik in sy taalaanwending tot uiting. Hoe taal ook al benader word, of volgens watter waardes dit beoordeel word, word daar telkens op teenstellings gewys. Taal kan slegs bestaan waar 'n gemeenskap vir mense bestaan met 'n eiesoortige waardesisteem, maar het nogtans sy oorsprong en setel in die spreker self. Die spreektaal van die Namakwalander is gevolglik 'n produk van 'n geestesproses, en manifesteer in die eiesoortige uitspraak en idioom van die spreker se moedertaal.

Dit is soms nodig dat die Namakwalandse spreektaal "gangbaar" gemaak word vir 'n groter kultuurlandskap, omdat dit vir 'n nie-Namakwalander soms plat en brutaal voorkom (sien bylae B en G), of bondig is met eiesoortige beeldspraak (sien bylaag A).

Studies oor multidialektiese situasies het aangetoon dat die terrein van die familie 'n belangrike rol speel in

latere taalgedrag. Indien die moeder 'n boorling is van Namakwaland, is die kind 'n potensiële Namakwalandse spreker. Hoe minder die ouers blootgestel word aan eksterne taalinvloede met betrekking tot hul gebied, hoe groter is die moontlikheid dat die kind van die ouer taalvorme sal oorneem. Tog bestaan daar in gesinsverband ook multidialektiese situasies, en dit hou sterk verband met roldefiniëring wat ontstaan deur die deelname van die gesin aan daaglikse bedrywighede soos die huiswerk wat deur lede van die gesin gedoen moet word (selde deur ander huishulp), plaaswerk, ouerdom, ouerdomsrangorde, e.a.

(Vergelyk Fishman 1972 : 19).

Gelykheid in taalaanbieding kom in die familieverband sterk voor. "Manlike taal" (wat kruwoorde insluit) is in die meeste gevalle ewe tuis in die vroulike mond.

(Vergelyk 4.1.1)

'n Bydraende faktor tot die gebruik van "manlike taal" deur vroue van die streek, is die vennootskap wat die egpaar in hul plaaslike handhaaf. Omdat daar in hierdie verband gewoonlik na sake van gemeenskaplike belang verwys word, kan daar aangeneem word dat vreemde sake ook hier 'n ander taalkode kan ontlok

(Vergelyk Taeldeman 1975 : 123).

### 3.1.1 Die verbale repertoire van 'n spreker

Geen spreker se taal is beperk tot slegs een vorm nie. 'n Gedurige wisselwerking kan plaasvind tussen standaard en nie-standaardvorme, uitgaande van die een of ander vorm wat die spreker in die reël aanwend wanneer die taal gebruik word

(Vergelyk Van Rensburg 1983 : 15).

'n Taal se onderskeie spraakgemeenskappe verskil sodanig van mekaar dat die spreker voortdurend besig is om te sistematiseer en te organiseer: Wie praat, watter taal met wie en wanneer in die onderskeie kommunikatiewe situasies (Vergelyk Pride & Holmes 1972 : 15).

---

Die gespreksgenoot se status, ouderdom, geslag, -ras en rol in die gespreksituasie, kanaliseer die spreker se taalkeuse, sodat hy sy taal varieer om by hierdie taalsituasies aan te pas.

Dieselfde spreker gebruik verskillende linguistiese variëteite in verskillende situasies vir verskillende doeleindes. Die totaliteit van linguistiese variëteite wat op hierdie wyse toegepas word, word deur Trudgill as die verbale repertoire beskryf (Trudgill 1974 : 103).

Hierdie term sal vervolgens in hierdie studie gebruik word.

Aangesien geen situasie presies dieselfde sal wees as 'n vorige nie, sal die Namakwalander van analogie (die mag van die voorbeeld) gebruik maak. Indien hy enige ooreenkomsste sien tussen die huidige situasie en 'n vorige taalsituasie, sal hy dieselfde taalregister navolg indien dit geslaagd aangewend was.

Geen taalsituasie moet gesien word as 'n geslotte eenheid van taalgebeure nie. Sodra die Namakwalander se gedagtes sou dwaal tydens sy gebruik van 'n formele taalregister, kan tussenwerpsels gehoor word wat weer eens terugslaan op sy Namakwalandse dialek. Hierdie tussenwerpsels is byvoorbeeld:

1. "'n wat wou ek sê om nie te lie' nie."
2. "'n dieklaste van dinge."
3. "'n sô aa'"

Voorbeeld 1 dui die tiperende klankweglatings aan van woorde soos 'n (en), en lie' (lieg).

Voorbeeld 2 dui op die onreëelmatige meervoudsvorm van klasse naamlik klaste, en klankweglating by 'n (en):

Voorbeeld 3 dui die [.] -klank aan, die Namakwalandse variant van die [o]-klank, en nasalering by aan.

Sosiale faktore kan saamspan om die variasie in hierdie verbale repertoire, wat gebruik gaan word vir 'n spesifieke situasie, te kontroleer, byvoorbeeld, as 'n Namakwalandse spreker se gespreksgenoot terselfdertyd 'n gebiedsgenoot is, sal sy spraak aansienlik verskil van sy taal met 'n vreemdeling in die gebied. (Vergelyk bylaag G)

As informante die Namakwalandse spreker meedeel dat die standaardtaal op alle opvoedkundige vlakke aanvaarbaar sal wees, en die standaardtaal aan sy eie opvoedkundige eise voldoen in die verheldering en organisering van hierdie data, dan is die standaardtaal vir hom bruikbaarder in die verband.

---

Volgens Fishman (1972 : 28) is die kanse goed dat die spreker in so 'n situasie hierdie taalkode gaan kies vir die bepaalde taalsituasie. (Vergelyk bylaag H)

Dieselde kan egter nie oor sosiale situasies gesê word nie. Die Namakwalandse dialek is vir sy sprekers die wyse van voel, lag, huil, redeneer, skinder en skep. Waar die minimale vorm van aandag op sy eie segswyse betrokke is, word hierdie spreektaal deur sy sprekers vir kommunikasie aangewend.

### 3.1.2 Eiesoortigheid en gespreksituasies

Die verandering van gespreksgenote sal linguistiese variasies laat manifesteer. Die verbale repertoire van die Namakwalanders is verwerf met die doel om homself verstaanbaar, en ook aanvaarbaar te maak in enige van die talle taalsituasies in die daaglikse lewe waarin hy verkeer. Dit blyk duidelik uit die vinnige wisseling van segswyse na aanleiding van die veranderinge in die gespreksgenoot, gespreksituasie, of onderwerp.

Tydens 'n formeel onderhoud met 'n Namakwalandse spreker, is oorwegend standaardtaal gebesig, alhoewel die spreker tog die vorm "onse" gebruik het, om na hul vergadering te verwys (Vergelyk bylaag H). 'n Telefoonoproep het die onderhoud onderbreek, en die Namakwalandse spreker het die volgende gesprek gebesig met 'n familielid uit die Knersvlakte:

"Nja ... hy maak net die me'se kwaad ...  
da'lat spyt ek 'n man twiekeer ôr die ding  
Dink die affêring uit, of hoe sê ek da' nou ...  
O, toe maak hulle loof, sit die goed dan op hulle  
se hurke na die so' e' kyk ...

Nou is dit die einde van die reën af ...

Hoe's dit dan me' die ou buurman sam?

Met die koud sam voel ek hulle darem mar ...

Sô die klaste van dinge dan ...

Hy henner my nie meer nie ...

Watse annerlikste nuuste het Pagoed nog?

Ô ja, u' wat mak neef Jônies? ô -ja

Dan ka' Pa hom mos méniejer maak da'.

Ja, ek het hom darem mar sô bekyk ..."'

Die sosiale struktuur kanaliseer en fokus die oënskynlike effektiewe potensiaal wat deur die gebruik van die taal self geskep word. Die taalsimbole van solidariteit sal intens aanwesig wees, en die taalaktiwiteit kan gereduseer word indien taalelemente uit eie omgewing konkreet bly. Eiesoortige taalelemente is egter afwesig in 'n toepaslike situasie, soos tydens 'n onderhou met die standaardtaal as medium. So 'n situasie kan dievlak van angs aansienlik verhoog. Die Namakwalandse spreker kan twee taalresponse gee:

1. 'n Meganiese lojaliteit tot 'n werksgroep waar geen elemente van sy eiesoortige spreektaal aanwesig is nie, kan veroorsaak dat daar geleun word op taalmerkers van hierdie groep, maar slegs in werksverband. 'n Inherente

passiwiteit tot eie taalvorme is hier aanwesig, maar is gewoonlik situasiegebonden. (Die spreker tree nou middelpuntsoekend op)

2. Die spreker kan anti-sosiaal optree, en homself onttrek uit gesprekke waar die andersoortige spreektaalnorme oorheers. (Die spreker tree gevolglik middelpuntvliedend op.)

(Vergelyk Hymes 1966 : 256).

Indien 'n standaardtaalspreker hom in die Namakwalandse gemeenskap as enkeling bevind, kan die subjektiewe weerstand teen buitestaanders, die boorlinge van die streek noop om ouer vorme doelbewus te besig as 'n tipe rebellie:

Voorbeeld 1) In 'n opvoedkundige situasie is daarop gewys dat 'n persoon nie dōt nie, maar doodgaan. 'n Heftige reaksie het hierop gevolg, opgesom in die woorde van 'n standerd sewe seun: "Juffrô, asse skaap dōt, dan dōt hy..." Hierna is die dialektiese vorm steeds konstant toegepas in formele skriftelike werk. Hierdie reaksie toon die middelpuntsoekende krag wat werksaam is in sommige taalsituasies. In hierdie geval is die leerkrag 'n gespreksgenoot uit 'n ander taalgemeenskap met eie waardes en 'n eie segswyse. Deur die segswyse van die spreker in hierdie konteks te kritiseer, het tot gevolg gehad dat die spreker wat

homself as deel van hierdie gemeenskap sien (sy ideaal om in hierdie streek te boer is ook verwesenlik) sy eie kultuur vooropstel. Hy streef nie die "akademiese" taal na wat meer effektief buite sy gemeenskap kan funksioneer nie, maar sien Namakwalands as sy navolgingsmodel, 'n taal wat vir hom in sy toekomstige (en huidige) lewe van nut kan wees. Het hierdie leerling homself in 'n ander gemeenskap of ander beroep geïdealiseer, sou hy moontlik meer geneë wees om die standaardtaal na te volg in klasverband.

Voorbeeld 2) In oorleg met 'n proefpersoon oor sy eie dialektiese materiaal, het 'n spreker daarop gewys dat van die vorme wat aangeteken is, slegs gebruik word om ligsinnig te wees "omdat die anner me'se sô met 'n man spot." Vorme wat in hierdie verband uitgelig is, is die volgende:

"u' da' sê o's haatse vir hutse. oorla hun man hulle wil terre; of tjenners un tjelt net o' aspris te wees"

Die spreker openbaar in die voorafgaande voorbeeld anti-sosiale gedrag in 'n situasie waar standaardtaalsprekers teenwoordig is, in dié sin dat hy homself doelbewus kenmerk as 'n Namakwalander deur die eiesoortige segswyse van hierdie taalgemeenskap te gebruik. In die betrokke voorbeeld beskryf die sprekers hul taalgedrag as "spot", "terre" en "aspris" wat negatiewe

implikasies het. Dit kan die gespreksgenoot negatief instel teenoor die Namakwalander (Vergelyk Hymes 1966 : 256).

### 3.1.3 Taalterreine

(Vergelyk 1.2.5)

Hierdie onderskeie taalterreine veroorsaak dat die taalregister van die Namakwalander verskeie taalkeuses insluit waaruit hy moet kies sodat hy die effektiefste boodskap kan oordra in die proses van kommunikasie.

Nie alleen word die taalkeuse bepaal deur die taalterreine nie, maar ook deur die onderwerp en die gespreksgenoot (Vergelyk Fishman 1967 : 67 - 88).

'n Hipotetiese voorbeeld van 'n multidialektiese situasie: 'n staatsamptenaar, gebore en getoë in Namakwaland, werk in Kaapstad. Hy kom tuis na 'n klubvergadering van sy sportklub. Oor die algemeen word die standaardtaal in sy kantoor gesig, en die

spreektaal by sy huis. In elke situasie identifiseer hy homself met 'n verskillende spraaknetwerk waaraan hy behoort, waaraan hy wil behoort en by watter gespreksgenoot hy aanvaarding soek.

Al hierdie spraaknetwerke is ingesluit in sy omgewing, alhoewel sommige taalvariante behorende tot sy gespreksgenote tot sekere situasies beperk is. Daar is ook geleenthede by sy klub waar hy in óf die standaardtaal, óf die Namakwalandse variant, aangespreek word.

Hierdie Namakwaler sal deur die Namakwalandse spreektaal kommunikeer by sy werk wanneer hy 'n gespreksgenoot van sy tuisdorp daar raakloop. Die twee persone het saam grootgeword, en het dieselfde skool bygewoon. Aangesien die gemiddelde Namakwalandse familie behoudende kultuurelemente navolg, het hierdie genoemde faktore gekombineerd, naastenby dieselfde agtergrond, lewensiëning en waardes by die spreker gekweek, en spreek hulle mekaar in die Namakwalandse spreektaal aan. Beide staak nie in hierdie situasie hulle rolle as staatsamptenare nie, maar behandel mekaar eerder as bekendes in plaas van kollegas.

Wanneer formele sake bespreek word, is daar 'n


neiging by hierdie twee sprekers om die standaardtaal se kode te gebruik, of om meer leksikale, fonologiese en selfs grammatikale invloede van die standaardtaal in hul Namakwalandse spreektaal in te vleg waar die onderwerp dit vereis, alhoewel die intimiteit nie uit die gesprek sal verdwyn nie.

Die kodekeuses ten opsigte van taalsituasies hang dus af van die spesifieke onderwerp van bespreking en die situasie waartydens hierdie onderwerp deur die spreker of gespreksgenoot geopper is. Alhoewel daar geen meganiese verwantskap tussen die onderwerp, situasie en taalkeuses is nie, blyk dit asof die Namakwaler nie net in kleiner groepies hierdie taalgedrag openbaar nie, maar ook in sy interaksie met die samelewing as sodanig.

Daar is verskeie vlakke en benaderings tot sosiolinguistiese en gemeenskapseenhede binne elke taalgebied, soos geïllustreer in die volgende figuur, wat afgelei is van Cooper (1968 : 30) se model, betreffende die verwantskap tussen sekere konstruksies aangewend in multidialektiese situasies.

### 3.1.4 Rolverwantskap van die spreker:

Die tipe interaksie tydens taalsituasies word deur Cooper verdeel in persoonlike en saaklike interaksie, waar deelnemers hul wedersydse regte en verpligting in hul roloverwantskap beklemtoon. Cooper toon die waarde-eenheid van die spesifieke gemeenskap in 'n bepaalde gebied aan, gemeet in terme van tyd en situasie. Die spesifieke roloverwantskappe wat in sosiale situasies ontstaan, asook die tipe interaksie wat hier plaasvind, word ook deur hom aangedui:



VERWANTSKAP TUSSEN SINSKONSTRUKSIES AANGEWEND IN MULTIDIALEKTISE SITUASIES WAARIN DIE NAMAKWALANDSE SPREKER HOM KAN BEVIND, SOOS AANGEPAS UIT COOPER (1968 : 30) SE MODEL.

Die waarde-eenheid, daargestel deur 'n gemeenskap wat oorwegend uit boere bestaan, kan gesien word in voorbeeld soos:

- "Ons sal nou voorste bos toe boer" (vooruitstrewend wees)
- "Sy het vêrplie die trop skrikgemaak" (met die lelikste getrou).

Die netwerk van sosiale situasies lewer 'n interverwantskap van situasie, tyd en roloverwantskap op en wissel van 'n saaklike en meer formele taal, tot 'n meer beskrywende of informele taal. In sy eiesoortige gemeenskap sal meer gewyde geleenthede soos kerkbyeenkomste — 'n saaklike interaksie word, waar formele, en soms selfs oordrewe taal gebruik word:

"Nja (nou ja) doeminie. as doeminie klaar die kos verkonsemeer (opgeëet) het. ka ons bidde";

Is die interaksie egter persoonlik van aard, gebruik die Namakwalander sy eiesoortige taalregister. Die tipe interaksie wat tussen 'n Namakwalander en heterogene TV-kykerspubliek plaasvind, skep interessante taalgebruiksmoontlikhede. Enersyds moet hy vermaaklik wees

weens die aard van die program; andersyds moet hy sy waardigheid as Namakwalander behou. Die spreker se veiligste strategie is om verduidelikend te wees, vanuit 'n gesagsposisie as meester op die gebied.

In die televisieprogram: SPIES EN PLÊSSIE, MET PERMISSIE, dui Louis Schreuder die volgende uitspraakverskille tussen die Namakwalander en die standaardtaal aan:

[jœlə sɛ ɔrəla̯st./ ð:s hɛt ɔrəlpilɔ̯rs]

"Julle sê orreliste, o's het orrelspilers"

[jœlə hɛt xapra:t fa tənor/ ð:s num hɔm tənər]

"Julle het gepraat va'tenoor, o's noem hom tēnner"

[hən œu vat lækər bas/ hei sɪŋ slabas]

"Hin ou wat lekker bas, hy sing slabbas"

Schreuder bevind homself in 'n posisie waar hy Namakwaland verteenwoordig ten opsigte van die eiesoortigheid van taalvorme. Alhoewel daar 'n spottende element is in sy verduideliking van die verskille wat daar tussen die standaardtaal en die Namakwalandse spreektaal bestaan, stel hy die "julle" (standaardtaalsprekers) en "ons" (Namakwallanders) teenoor mekaar. Geeneen van hierdie spreektale staan dus in 'n superieure posisie in dié betrokke konteks nie.

Die tipe spraak wat in 'n taalsituasie aangewend gaan word, is gevolglik afhanklik van gebeure en optrede, in hierdie geval die erkenning en aansporing van Namakwalands in 'n program wat die eiesoortige segswyses van die spraakgemeenskappe illustreer (Vergelyk Cooper 1968 : 30).

Dié data klop met die bevindings van o.a. Fishman (1972 : 15), Mc David (1967 : 33), Trudgill (1974 : 115) en andere ten opsigte van ander spraakgemeenskappe.

### 3.2 Die Namakwalandse taal

Spreektaal impliseer 'n stel reëls wat aangeleer word deur lede van 'n gemeenskap wanneer hulle met mekaar kommunikeer. Hierdie taalreëls sluit die gebruik van eiesoortige idiome, uitspraak, toon, klem, sinskonstruksie, semantiese konnotasies, aanspreekvorme en taalverskille ten opsigte van die standaardtaal in (Vergelyk Jesperson 1946 : 21).

Namakwalands is ryk aan voorbeelde van sodanige taalreëls wat van die standaardtaal s'n verskil, soos vervolgens geïllustreer word:

A. Kulturele eiesoortigheid

3.2.1 Idiomatiese uitdrukkings:

Die Namakwalander se eiesoortige lewenswyse spreek veral deur sy idiomatiese uitdrukkings. Gedeelde kennis oor dieselfde lewenswyse en omgewing, en bekendheid met sake wat vir die "kommers" (mense van buite) vreemd mag wees, is opmerklik in sy taal, byvoorbeeld:

Hy's skön (skoon) katspeen: katswink;

Pakaas hou: onthaal;

Ouspoor maak: afskud (Sien bylaag C, asook 3.2.17 vir verdere voorbeeld)

3.2.2 Name

Persoonsname en byname

Die Namakwalandse aanspreekvorme getuig van 'n sterk humoristiese inslag in voorbeeld soos:

Rooi Jan vir Ruaan;

Byname soos Qu Gjert Byl, Kerneels Platneus, Anneries Pê's, ontvorm eiename na aanleiding van 'n kenmerkende eienskap of gebeure om die naam gepas te maak, en verdring soms die doopnaam sodanig dat die persoon slegs aan die bynaam geken word.

Uitspraak ontvorm in sommige gevalle die naam sodat die weergawe daarvan in die standaardtaal anders klink, soos in die volgende gevalle:

[anəris fəmɛvə] (Andries van der Merwe)

[kɔ:s] (Koos);

[kɛ:s fanevər] ("Cash" Van den Heever)

#### Plantname

Eiesoortige plante van Namakwaland wat relatief onbekend is vir sprekers van die standaardtaal, is byvoorbeeld:

Xarra - taaibos (waar die x-klank met 'n klap van die tong uitgespreek word);

Xatjees - knolplante met bloedrooibessies;

Xein's - wit vygies;

Bouries - knolplante met melkwitsap;

Kloekkoekies - lemoenboombessies;

#### Diername

Namakwalanders se benamings vir diere verskil soms van die standaardtaalvorm:

graatjie - meerkat

t'gie - maanhaarjakkals (Invloed Khoesan)

(Sien bylaag E vir verdere voorbeelde)

3.2.3      Taalvorme wat reeds voor die Groot Trek ontstaan het

Taalvorme wat reeds voor die Groot Trek ontstaan het, en steeds onveranderd in die Namakwalandse spreektaal aangetref word, is:

Deetseember - Desember.

genog - genoeg

laag - leeg

vleis - vlees

grip - watervoor

(Louw 1941 : 5).

"Iemand teen die disselboom gooi" (hom oortref);

"Iemand met springteuels ry" (hom kortvat);

"Knipmes ry" (windmakerig);

"Hom riksdalers ry" (blikners);

Hierdie taalverskynsel is 'n tipiese gevolg van die relatiewe geslotenheid en middelpuntsoekende krag van die gemeenskap.

Oorblyfsels van die trekkerswoorde, wat nog steeds in die Namakwalandse omgangstaal aangetref word, is byvoorbeeld sinonieme vir die jagwoorde soos: bobbejaanbout, halflaai, kraster, loperbui, ses-op-'n pond.

Ander historiese reste en die taalfossiele wat steeds in die Namakwalandse spreektaal aangetref word is die volgende:

"Liebe Gott/Liebe God!" (Bewys van kontak met Duitsers van SWA);

"Die liebe lekkerste van almal";

"Gene en dese noem hom so";

"Jy moet respekte hê vir ou mense";

"Om jou onstewille doen ek dit";

"Hy het vir reën gebidde";

"Vandeeske week saai ons";

"Hogere mense praat mar sô";

Hier word die oorblyfsels van die Nederlandse taalvorme soos dit voor die Groot Trek nog aan die Kaap gebruik is, weer eens uitgewys.

Waarom word daar dan nog ouer taalvorme in die Namakwalandse taal aangetref? Het die Namakwaler dan nog nooit kennis gemaak met nuwer, moontlik meer toepasliker taalvorme nie?

Die volgende faktore kan hierdie vraag beantwoord:

- 1) Die jonger geslag van ongeveer 25 jaar en ouer, het as klein kinders steeds met die waens getrek tussen weiplase, en ou tantes dra

steeds kappies in die omgewing van die Knersvlakte,  
en die gebiede naby die grense van Suidwes-Afrika.

Ou trekwaens is geen vreemde gesig op plase nie.

Daarom is die terminologie aan hierdie sake  
verbonde, steeds bekend aan hierdie generasie.

2) Die enkeling verlaat die gebied om elders te gaan  
studeer en werk. By dorpies soos Nuwerus, Garies  
en Kamieskroon, gaan 'n beduidende persentasie van  
die seuns reeds voor matriek boer, en kom dus nie  
baie kere met ander spraakgemeenskappe as sy eie in  
aanraking nie.

3) 'n Neiging tot middelpuntsoekende taalgedrag skyn ook  
by die Namakwalander voor te kom. Alhoewel die  
Namakwalander bewus is van 'n algemener  
taalregister soos deur die skoolsyllabusse  
nagevolg, dwing die Namakwalander soms in die  
rigting van doelbewuste taalmerkers; "Nie hulle  
spot mos met ons Namakwallanders. sê mos o's melk  
die bôke i'nie straat. Nou rieken o's. o's sal  
hulle iets gee om mie te spot." (Namakwalander:  
Prokureur woonagtig in Bloemfontein, 1989).

### 3.2.4 Volksetimologie

Die Namakwalandse spreker maak veral gebruik van volksetimologie wanneer hy te doen het met elemente van die "buitewereld", en vorme in die volksmond ontstaan as gevolg van misverstand en/of doelbewuste verdraaiing (dikwels humoristies van aard, vergelyk 4.5) (Vergelyk Van der Merwe 1969 : 200). Voorbeeld uit Namakwaland is:

- "Borsel die perd af met die denniebros" (Danny's Brush) ;
- "Nie. ek gebruik ma' wensiedôr" (grysblou materiaal oorspronklik genoem Windsor Blue)
- "Gie vi' my da' sekkinmeel. asseblief." (tweede graad)

### 3.2.5 Humor

Ander voorbeeld van volksetimologie met 'n sterk humoristiese inslag is:

- "Die sindelinghaan hou vieruur 'n diens" (Boerneef 1971);

- "Nie. sy sing deesdae superhaan" (sopraan);

Die eiesoortigheid van die Namakwalandse lewenswyse en segswyse is duidelik waarneembaar as daar na die humor in die taal gekyk word. In die tydskrif SARIE van 31 Mei 1989 gee Jan Spies die volgende raak

beskrywing in verband met die eiesoortigheid van Namakwalandse humor: "Die Namakwaler sien veral (dié) snaakse stories raak. Hulle het 'n oog vir die komiese, vertel dit met smaak en borduur ook heerlik rondom die storie." Ollie Viljoen, regisseur van SPIES EN PLêSSIE, MET PERMISSIE, antwoord hierop: "Humor is nogal streekgebonden. Die ouens in Namakwaland vertel 'n ding anders as dié in Noord-Transvaal. Iemand van die Rand wil so gou moontlik by die knal (Eng. punchline) uitkom, terwyl die Bolanders, Noordwesters en Suidwesters baie borduur. Hulle maak 'n storie daarvan."

Die relatief ongekompliseerde lewenswyse van die boorlinge van hierdie streek sien sake en gebeurtenisse deur die oë van 'n mens wat na aan die natuur leef. Soos in die geval van volksetimologie, tree die Namakwaler skeppend op deur die abstrakte konkreet voor te stel, of die onbekende met 'n bekende saak gelyk te stel, soms humoristies van aard sonder dat die spreker dit so bedoel:

In die winter heet die son: arm man se baadjie;  
 'n Polisieman is behalwe 'n pôliesman ook 'n bardehoed;

'n Perd word kraaiyleis as hy vrek, en 'n donkie is 'n

veloor of 'n langoor;

Baie dun vuurmaakhout word geringskattend kraaineste genoem;

'n Slordige vrou is naatlos;

Vanweë die dik sand wat paaie bedek, ontstaan daar 'n groot gespartel om 'n voertuig wat vasval, los te kry. Indien hy loskom, kom hy sô knieë en elmboë anderkant uit;

Korhaanouers is ouers met een kind;

Trooshartseer word gevoel as 'n kind terug moet gaan koshuis toe na 'n naweek op die plaas;

Perderuiters wat vinnig aangejaag kom, ry ôp en toe;  
koshuis toe;

As iemand vinnig opspring van skrik, vlie hy op sôs in hark waarop 'n man trap.

(Sien bylaag A, B, C vir verdere voorbeeldes)

### 3.2.6 Eufemisme

Alhoewel die Namakwalanders in sommige kringe berug is vir die gebruik van krutaal (sien bylaag B) kom daar tog voorbeeldes van eufemisme voor:

"Kwit, maar jy's net goed ommie dôt te gaan haal";

"Ek sal nou nie sê dat jy lie' nie. maar ...";

"Allamatie. jy lôp net vir gon en negosie op die werf rond";

### 2.3.7 Aanspreekvorme in Namakwalands

Volgens Marais (1988 : 227) is aanspreekvorme aanwysend ten opsigte van linguistiese, psigiese en sosiale werkinge in die kommunikasieproses.

Hieruit kan afgelui word dat die aanspreekvorm 'n manifestasie van die spreker se situasie-analise is ten opsigte van die gespreksgenoot in die besonder. Die aanspreekvorm verteenwoordig die kwalitatiewe verhouding tussen die spreker en sy gespreksgenoot, en dui die respektiewelike posisies van die sprekers in die samelewingsverband aan (Vergelyk Webb 1984 : 346, 347).

Die Namakwalanders se keuse van 'n aanspreekvorm sluit ten nouste aan by sy kodewisseling en gevolglik sy gebruik van formele en informele taalstyle. Indien hy 'n formeler taalkode verkies, gaan sy aanspreekvorme daarmee korreleer.

Formeler taalstyle betrek aanspreekvorme van die standaardtaal:

1. "Dag, Meneertjie, hoe gaan dit ve dag?
2. "Môre, mnr. Pieters, ka' ek mit die bestuurder praat, asb."

Ouer aanspreekvorme is ook waarneembaar by veral ouer taalsprekers:

1. "Dag, Meestertjie, ka' ek 'n oomblik met u gesels?"

Informeler taalstyle verskil meer van die standaardtaal,

soos blyk uit die volgende voorbeelde:

1. "Ma' Antie, dis nie nou eigentlik waar nie, ek dag da' Antie is laas Septimmer ôrsie!"
2. "Nou ma' la' die oompie inkom. Dag, ou swaer, e' waarmie ka' ek nou help ve'môre?"
3. "Nouja, Vennewer (Van den Heever), wá' la' kom jou nou sô vroe' na onse werfgoed?"

#### 2.3.8. Toponimie in Namakwaland

Volgens Raper (1983 : 101) is 'n toponiem 'n taalteken bestaande uit 'n klankpatroon wat grafemies voorgestel kan word, wat semanties, referensieel, grafemies, sintakties en ook in ander opsigte verskil van 'n soortnaam, naam of aanspreekvorm wat in die standaardtaal voorkom. Plekname in Namakwaland weerspieël die kulturele eiesoortigheid van die gemeenskap gebaseer op omgewingsfaktore en die bodemgesteldheid van die gebied. Sekere linguistiese kenmerke word in die name aangetref wat egter nie uniek is nie.

- (a) Leksikale ondeursigtigheid: Dié name kan slegs onduidelike verwysings wees as die gespreksgenote nie weet daar word na plekname verwys nie.
- Puts (wat nie 'n put impliseer nie, maar 'n tunnel onder water deur), Soutputs, Vaalputs, Brakputs.
  - Warmviool (uitgespreek Warmvejool).
  - Sout (nie 'n verwysing na sout nie, maar na die ondergrondse

brak water.

b) Interne sintaksis: Volgens Raper (1983 : 108) het toponieme soms 'n interne sintaksis wat elisie, teleskopering en ander taalprosesse insluit, en die deursigtigheid van 'n naam se etimologie kan slegs voorkom as onkunde t.o.v. die presiese referent bestaan, bv. is dit 'n dorp, 'n plaas, ens. Die gespreksgenoot se veronderstelde kennis sal bepaal hoe spesifieker die naam gebruik gaan word. Dit geld egter vir alle gesprekke in enige gemeenskap. Voorbeeld uit Namakwaland sluit in:

- Bobbejaanwater (wat impliseer dat bobbejane hier water drink)
- Doringkraal ('n kraal gemaak van doringbos)
- Matjiesfontein ('n fontein waarvandaan die biesies verkry is om die matjieshuise te maak. Verskeie plase in Namakwaland en die Karoo dra hierdie spesifieke naam).

## B. FONOLOGIESE TAALVERSKYNSELS

### 3.2.9 Uitspraakverskynsels

Alhoewel die Namakwalanders wat as pioniers die gebied kom bewoon het, Afrikaans as taalbesit gehad het, was die mense veeboere, en het hulle ten nouste saamgewerk met hulle helpers, wat hoofsaaklik uit die Khoesan bestaan het. Daar is gou ontlenings gemaak uit hierdie tale om beter kommunikasie te bewerkstellig, en het ook tipiese uitspraakverskynsels soos klankweglating (Vergelyk bylaag F), palatalisatie in voorbeeldde soos: [çɛlt], [hjɛlp], [kjɛnt], [kjɛmal] en konsonantveranderings (Vergelyk bylaag F) van die Khoesan oorgeneem.

Kontak met ander blankes was min omdat die Namakwalerder 'n nomadiese bestaan moes voer vanweë die droogtes in die gebied, en is die standaarduitspraak in sommige gevalle agterweë gelaat. Voorbeeldde hiervan is woorde soos [ənxɛjahə] vir ingejaag [ska:vaxtər] vir skaapwagter [ɛrənəs] vir ergenis, ens.

KLEM: Die plasing van die klem in sommige woorde, verskil van die standaarduitspraak soos swaarweer, katpootjie

### 3.2.10 Fonologiese variasies

As laefunksietaal is Namakwalands nie 'n taal wat op meer kan aanspraak maak as dat dit 'n omgangstaal is nie. Die eiesoortigheid van dié variëteit lê in 'n kombinasie van klankverskynsels wat reflekteer word in data wat ingesamel is. Die feit dat Namakwalands oorwegend 'n spreektaal is, moet in ag geneem word by enige vergelyking met die standaardvorm. Al kom die meeste van die klankverskynsels ook in die standaardtaalspreker se uitspraak voor, vind dit nie neerslag in die standaardskryftaal, wat konvensioneel meer behoudend is, nie. Waar Namakwalands wel in geskrewe vorm voorkom, word woorde volgens uitspraak geskryf ter wille van die trefkrag en literêre oorwegings, bv. karakteruitbeelding, skepping van 'n scenario, ens. Vgl. byvoorbeeld die aanhalings uit Kotzé (1987 : 92)

1. "Hulle lê in ou Kortkruisband se rissewôr. Ek was dors. Dis toe lat ek by die rissewôr gaan drink. Met die drink saam, neuk die pampier met lekkergoed en al in die water. Hy was in die pampier toegedraai. Toe ek hom met die fluitjiesriet uitkrap, is die pampier safnat. Dis toe lat ek hom maar so met die kaalhand uitbring, Lewies."
2. "Nout had ek mos boekgeleertenteit nie..."

Klankverskynsels in ander woorde uit dieselfde verhaal, bv. betterie, stane skrywe, apelkasie, sigretbokse, loks, stêre, skannemaak, founpaal, suiwe(suig) ens. stem ooreen met verskynsels wat in data voorkom en vervolgens uitgewys word.

### 1. Die klanksegmente en die klankboupatroon

#### 1.1 Klankwaarde

Konsonante: Die onderliggende klanksegmente verskil nie veel van die standaarduitspraak nie, en klanke wat uniek is aan Namakwalands is gewoonlik konsonantkombinasies wat ontleende klapklanke wil voorstel. Vergelyk 1.3 verderaan.

Vokale: Die vokale stem ook ooreen met die standaardvorm van Afrikaans maar daar is tog enkele verskille wat die klankwaarde betref:

Alhoewel die vokale van die standaardvariant se stand in die auslaut beperk is (Vergelyk De Villiers 1973 : 90), staan baie vokale in die auslaut-posisie as gevolg van r-skrapping.

(Vergelyk 1.4 verderaan), bv.:

/a/ - sta', ja'(jaag), ma'(maar); /o/ - blo,

1.2 Assimilasie: Die gebrek aan standaardtaalinvloed met 'n geneigdheid tot letteruitspraak by sommige formele registers, het daartoe geleid dat assimilasie

ongeïnhibeerd in die Namakwalandse spreektaal kon voortgaan. As bloot 'n spreektaal is daar ook nie skryftaalvorme wat uitspraak kan beïnvloed nie.

Weglatingsassimilasie kom voor in sowel Namakwalandse as in die standaardspreektaal, en sluit voorbeelde in soos [harəkuja:vəl], [əni], [ska:vaxtər], [stembok] (steenbok), [sœka] (sulke), [bərə] (berge), [pərə] (perde), [sɔnə], waarin assimilasie van r/d, n/d, p/w, n/b > m, k/d, r/g, r/d respektiewelik voorkom (Vergelyk bylaag F vir verdere voorbeelde).

Nasaalassimilasie impliseer die aanpassing van die n ten opsigte van onderskeidende kenmerke by daaropvolgende konsonante, en kom geredelik in Namakwalandse soos in die standaardspreektaal voor, bv. [satanskjɛ:t], [ã:ker]. Die n word heeltemal weggelaat in voorbeelde soos [ɔ:s] (ons), [mɛ:s] (mens), [vɛ:s] (wens), [spɛ:s] (spens).

1.3 Voorbeelde van affrikatisering word veral gehoor in Khoesan leenwoorde soos [tsama], [tsɔibɔs], [t/ama] wanneer sluitklanke stadic en geleidelik ontsluit (Vergelyk bylaag E).

1.4 Konsonantverswakking vind plaas wanneer konsonante 'n verandering in die rigting van die swakker konsonante op die konsonantehiërargieskaal ondergaan.

(Du Plessis 1987 : 131). Hieruit kan afgelei word dat konsonante sodanig verander dat dit met die minste inspanning gevorm word, byvoorbeeld:

d → r weduwee x werevrou

b → w dubbel x duwwel

(Vergelyk ook die voorbeeld by 1.2)

r-skrapping vind gereeld in Namakwalands plaas, byvoorbeeld:

- ma' (maar), da' (daar), wa' (waar)
  - sikketaarsvoël
  - 'sant (sersant)
  - pebeer.
- 

1.5 Konsonantversterking vind in die teenoorgestelde rigting plaas as konsonantverswakking

(Du Plessis 1987 : 133). Hiermee word konsonantvoeging ingerekken, byvoorbeeld:

- ament
- kruidjie-roer-my-niet
- affêring
- badskamer.

### 3.2.11 Die Grafeemteorie m.b.t. Namakwalands

Volgens De Klerk (1976 : 49) is 'n grafeem 'n skryfteken of skryftekens wat "in opposisie staan teenoor ander skryftekens in die taal" met betrekking tot woordsoortonderskeiding. Grafeme se hooffunksie in 'n taal is om woordonderskeidend op te tree op semantiese vlak. Dit moet egter steeds in gedagte gehou word dat Namakwalands slegs in die letterkunde skriftelik weergegee word.

#### 1. Voorbeeld van grafeme in Namakwalands:

##### 1.1 Vokaliiese elemente

<a>	-> [a:] :	sam, lat	(saam, laat)
		geeftag	(giftig)
<ee>	-> [ə] :	kjeend	(kind)
<o>	-> [oo] :	Kos	(Koos)
		vortgaan	(voortgaan)
<ou>	-> [a:] :	Koup	(Kaap)
	-> [eu] :	skrou	(skreeu)
	-> [oi] :	nout	(nooit)
<oe>	-> [ɔ] :	koestawel	(konstabel)
<eu>	-> [œ] :	kjeusing	(kussing)
		deweld	(dubbeld)

##### 1.2 Konsonantiese elemente

<b>	-> [p] :	pôjaan	(bobbejaan)
		petaal	(betaal)

C. Grammatiese verskynsels

3.2.12 Die lidwoord

Die 'n word deur die persoon in Namakwaland as hun of hin uitgespreek, soos blyk uit die versamelde data:

- (a) Hin man het my gespreek.
- (b) Jy sal nie hun perd sien lōp nie.

3.2.13 Die werkwoord

Die voorvoegsel ge- word soms deur die Namakwalander voor verlede deelwoorde gevoeg wat begin met be-, er- her- ont- en ver-, in woorde soos gebeginne, ge-erken, geonthou, en geverneem, wat na aanleiding van analogie ontstaan (Vergelyk Rademeyer 1938 : 62).

Ongewone vorme van die werkwoord word ook in Namakwaland gehoor in gevalle soos:

"Hier bore ek" - (hier is ek gebore);

"Hulle is afgesterf" - (hulle is dood);

Verkorte vorme van die werkwoord word gereeld gehoor in gevalle soos. blo, geblo, vloor (verloor), geboor (gebore).

(a) As verdere illustrasie van die frekwensieverskil tussen sintaktiese verskynsels in Namakwalands en ander variasies van Afrikaans kan die staan+ww.-konstruksie genoem word, byvoorbeeld - Hy sta' slaap sieker weer  
- Wat sta' maak jy nou?  
- Nie, hy sta' sing toe me' die ien sam

Die bykomende sinsdeel deel het onder ander die funksie om aan te toon dat die hoofaksie 'n voortdurende proses is/was, en kom algemeen voor in Namakwalands. In die standaardtaal is dit bekend in die informele register.

(b) Deeltjiewerkwoorde is vorme waarin die dele nie los van mekaar kan bestaan nie sodat die werkwoordelike element en die deeltjie saam 'n leksikale eenheid, die hoofwerkwoord, vorm (Vergelyk Ponelis 1979 : 232 - 235). Voorbeeld van deeltjiewerkwoorde in Namakwalands wat nie in die standaardtaal voorkom nie, is:

1. Setselagtige deeltjies: - Hy het die hoender geïn  
(nadergetrek)

- Ek het die beult geoor

2. Naamwoordelike deeltjies: - Die man sit speel  
klaasska wagter (bekkig)

3. Adjektiwiese deeltjies: - Staanmaak die paal jong!

4. Komplementkonstruksies: - Toe raak ek nou hun  
annerster skaamkwaad

### 3.2.14 Sintaktiese variasie in Namakwalands

Grammatiese variasie sluit beide sintaktiese en morfologiese taalvariasies in. In Namakwalands is daar 'n beduidende aantal sintaktiese eiesoortighede wat verskil van die standaardvorm.

#### 1 Die gebruik van voornaamwoorde

1.1 Die voornaamwoord word oorwegend soos in die standaardvorm toegepas. Dit verskil egter ten opsigte van manlike en vroulike voornaamwoorde waar die verskil opgehef word, en 'n ooreenkoms toon met Griekwa-Afrikaans (Vergelyk 3.3). Hierdie taalverskynsel kom algemeen voor in Oranjerivier-Afrikaans (Vergelyk Du Plessis 1987 : 120) bv.

#### Nie, hy sal nie sy se rok dra nie, kry hom se jas

1.2 Die besitlike voornaamwoord verskil in die sin dat dit in kombinasie met se gebruik word, bv. Hulle se goed het gekom met die pos sam.

1.3 Die betreklike voornaamwoord wat ondergaan ook 'n verandering in die volgende gevalle: Moet watsem? (Met wat?), Watse (watter) annerlike dinge praat die man nog?

Die Namakwalandse spreker se gebruik van die persoonlike voornaamwoord verskil in sommige gevalle van die gebruikswyse van die standaardtaalspreker. Die onderwerpsvorm hy word in die volgende gevalle gegeneraliseer wanneer hierdie woorde optree as eerste konjunktiewe:

- "Hy se perd is mank

Die verdringing van hy vind ook ten opsigte van die vroulike vorm plaas (Vergelyk Ponelis 1979 : 616). Hierdie eiesoortige gebruik van die voornaamwoord het 'n definitiewe sosiale funksie: Die Namakwaler verwys ook slegs na 'n vroulike lid van hul eie gemeenskap as 'n "hy", neffens die manlike vorm. Die gebruik van hy in -plaas van sy geskied nie teenoor vreemdes nie. Indien 'n vrou van 'n ander omgewing sou kom, word daar na haar verwys as 'n sy, bv.

- "Nie, hy sal sieker nou-nou sy se brood uithal"  
(Verwysing na Namakwalandse boervrouw);
- "Sy la' weet toe ek moe' nou vi' Alta skôl toe bring la'  
o's nou sy se rokgoed pas"  
(Die sy waarna verwys word, is die betrokke onderwyseres wat moet toesien dat hy ('n skooldogter) se kostuum pas. Omdat die boervrouw saam met die man boer en werskaf,

verleen dit in die oë van die Namakwalander aan haar 'n gelyke status (Vergelyk Links 1986 : 6). 'n Namakwalandse spreker verklaar dit so:

"Vir my wêreld se meisies sal ek sê hy, maar vir hom ('n onderwyseres wat nie van die omgewing is nie) sal ek sê sy want hy is 'n sy."

Die toepassing van hy waar eerder sy gebruik moes word, het dus 'n subjektiewe kwaliteit en berus op 'n sosiale evaluasie van die betrokke onderwerp van bespreking.

Dit word sinsanafories toegepas in Namakwalandse waar dit onderskeidelik onderwerp en voorwerp word (Ponelis 1979 : 598). Namakwalanders gebruik ...dit... om gevoelswaarde uit te druk. Dikwels word dit gebruik om die aandag van die onderwerp af te trek, en op die handeling te vestig, veral as 'n emosionele mededeling gemaak word, soos die volgende transkripsies getuig:

- (i) "Het jy nie gehoor hoedat dit raas nie?"
- (ii) "Dit sê mos nie waarheen dit loop nie, dit loop net."
- (iii) "Nou ko' dit e' vertel vi' my sy hoed is vloor.  
dit sta' mos e' twak praat me' die kjiéreltjiegoed  
sam"

#### D. Semantiese verskynsels

Sommige woorde in die standaardtaal het 'n ander, soms baie meer toepassingsveld in Namakwaland, byvoorbeeld die woord breek, wat in verskeie kontekste gebruik word.

##### 3.2.16 "Iemand breekslaan"

"Iemand breekslaan" beteken om iemand stukkend te slaan of ook halfdood te slaan. Dit kan ook verwys na seer, stukkend, verbreek, tot niet, ens. soos in die volgende voorbeelde duidelik blyk:

"Hy het sy been breek geval" (het seergelyk);

"Die stoel se poot is breek" (stukkend);

"Die kontrak is breek" (verbreek);

"Die hele ding is breek" (tot niet);

##### 3.2.17 Idiome

Die betekenis van idiome (vergelyk 3.2.1) is ook eksklusief met 'n gebruiksheer wat beperk is tot die taalgemeenskap, bv.

"Sy boud is breek" (sy bobeen is besoer);

"Dit het slangsleepsel gereën" (net 'n bietjie reën);

(Sien bylaag A vir verdere voorbeelde)

3.2.18 Kompleksiteit in samestellings

Sommige begrippe wat reeds eksklusief is tot Namakwalands, word in die geselstaal saamgegooi om samestellings met 'n eiesoortige betekenis te vorm, bv. "woelfletter van bye"; "koffiebrandstap" ens.

Woorde met 'n onspesifieke verwysing, bv. goed en ding se betekenis is slegs in konteks spesifiek. Voorbeeld van eiesoortige samestellings uit Namakwaland waarvan die betekenis tog duidelik is, is bv. magoed

pagoed,

rookgoed/rookding

lapgoed/lapding

blylêvee

gelêmaak

(wat ook voorkom in Griekwa-Afrikaans)

(Vergelyk bylaag C)

### E. Versteuring van die taaleie

Taalinvloede hou verband met die veranderende lewenswyse van die Namakwalander wat die eiesoortigheid waardeur die Namakwalander uitgeken word, aantast. Die verwantskap tussen "groot" sosiale en taalgebeurtenisse kan volgens Martinet (1964 : 522) ontaard in 'n "katastrofe" wat die linguistiese ekwilibrium kan versteur, en interne faktore van die taal kan beïnvloed wat oor 'n lang tydperk onveranderd gebly het. Die komste van die televisie is hier 'n sprekende voorbeeld. Voordat hierdie massamedium Namakwaland met sy uitsendings bereik het, was die kontak met die ander variëteite van Afrikaans, behalwe die Bolandse spreektaal, minimaal. Aangesien die koshuisinwoners van skole by Nuwerus, Garies, Bitterfontein en Kamieskroon tot vyf en negentig persent die kinders van boere is, word daar ook met vakansies "plaaswerk" gedoen, wat verdere kontakmoontlikhede verminder waar kinders met ander taalvariëteite in aanraking sou kon kom. Die televisie het egter die ander taalvariëteite, veral van Standaard-Afrikaans, na die inwoners van Namakwaland gebring, en tekens van beïnvloeding is neergeskryf tydens dataversameling by kinders soos:

"Haai oe, nou's ek skaam" (Liewe Heksie)

"Nou's die man beswaard, hoor" (Koöperasiestories)

"Al's is beter met Coke"

### 3.3 Invloed van die Khoesan op die Namakwalandse taal

Voorbeeld van Griekwa-Afrikaans kom uit Rademeyer (1935).

Die historiese verband tussen die taalgroepe word in Hfst. 2 van dié verhandeling uitgewys.

#### 3.3.1 Die byvoeglike naamwoord:

Eienaardige vorme soos govwermentlike, behulpsamag en moeitlik word algemeen aangetref veral onder ouer sprekers.

Komparatiewe vorme soos beterder, grôterder, warmder stem ooreen met die Griekwa-taal van vroeër.

Die predikatiewe vorm word soms onveranderd as die attributiewe vorm van die adjektief gebruik:

'n dooi perd;

'n Hoog boom;

'n sleg vent;

Die superlatiewe vorm van die adjektief het soms dubbele vorme soos die Griekwa-taal:

Hy is die mees windmakerste van almal;

Hy is die mees beterste van die lot.

#### 3.3.2 Die voornaamwoord:

Die opvallendste ooreenkoms tussen die Namakwalandse en die Griekwa se gebruik van die voornaamwoord is dié

van die besitlike voornaamwoord: hy se en hulle se vir haar. Die gebruik van die hy (se) vir vroulike persone of diere is ook gebruiklik onder die Rehobothers en die blankes van die Noordwes-Kaap. Voorbeelde van hierdie vorm wat waargeneem is by die blanke sprekers in Namakwaland, is die volgende:

- hy se kenners;
- hy se bees;
- hy se lapgoed;

Die vorm: hulle se word ook soms gehoor:

- hulle se mouter;
- hulle se skaap;
- hulle se plaas;

Hygoed: Die uitgang -goed is soms net 'n vormwoordjie, gebaseer op analogie, en het dieselfde funksie as die postmorfeem -hulle:

- Hansgoed;
- Pagoed;
- Magoed;
- gusgoed;
- Boetiegoed;

(Vergelyk Rademeyer 1938 : 66).

Reeds in DIE BURGER van 21 Oktober 1930 word onder die rubriek VAN ALLE KANTE melding gemaak van die feit dat meneergoed vir meneer en mevrou in Namakwaland gehoor word.

Volgens dr. J.A. Engelbrecht beteken die Hottentotse woord xu, goed. Dr. J.J. le Roux meen weer dat die agtervoegsel -goed ontstaan het uit die Hottentots gu, wat hulle beteken (Vergelyk Rademeyer 1938 : 68).

Die bywoord kry in baie gevalle 'n agtervoegsel by soos deur die Khoesan in die gebied gebruik is. Hier speel analogie 'n beduidende rol.

Na aanleiding van die gebruik van die agtervoegsel -lik in die volgende woorde: kortlik, noulik, word ook laatlik gehoor in die sin van onlangs, of kort geleden.

"Hy was nou kortlik (laatlik) hier."

Kontaminasie-konstruksies soos al smôrs vir smôrens en al môres word gehoor, tiperend van die Griekwa-taal.

### 3.3.3 Sintaksis

Verlede deelwoord in plaas van infinitief:

Die Namakwalanders gebruik soms die deelwoord in plaas van die infinitief in gevalle soos: "Nou wiet ek nou nie wie't sô gestaan maak nie", wat ooreenstem met byvoorbeeld grepe uit die dagboek van Hendrik Witbooi, p. 20: "... op uwe poort kom gestaan", en ook p. 63 "... loop geskiet" (Rademeyer 1938 : 63). Waar die standaardtaal gewoonlik die dubbele infinitief gebruik, gebruik die Namakwalanders, soos die Griekwa, by voorkeur die verlede-deelwoord plus die infinitief:

"hy't my gelôp slegmaak";

"ons het gesit praat";

"toe sta' lieg die man vir my";

"hy't daar gelôp sterf";

"toe ga' sta' die man e' koop die ding";

"hul sta' bid toe...";

"sy lê slaap toe ek daar kom";

"ek sit die hele middag e' wag";

"Jy moe' die skaap lôp haal"

(Vergelyk Rademeyer 1938 : 66 - 75).

### 3.3.3.1 Funksiewisseling

"Iemand breekslaan" (kapot, stukkend, halfdood).

Hierdie verskynsel is reeds in Die Burger van 21 Oktober 1930 aangeteken as 'n eiesoortige segswyse van die Namakwalander. Breek word in die volgende voorbeeld ook in die plek van stukkend gebruik:

"Hy val sy arm breek";

"Die pot het breek geväl";

"Ons wil die ys breekmaak";

Ander vorme van gebruik:

"Die transaksie is nou breek" (ongeldig);

"Sy rug is breek" (seer);

Ander vorme van woordsoorte wat in 'n eiesoortige sinsverband toegepas word, is:

"Toe döt die skaap";

"Hy wil hom nou wraak" (wreek);

"Hy's geaf" (dood);

"Toe flou sy net daar";

met-saam: Die met-saam-konstruksie word algemeen in die Namakwalander se taal aangetref, en is 'n kenmerk van die Griekwas en Basters se taal:

"Hy lôp met die pad sam";

"Toe slaat hy my met die sweep sam";

staamaak: (staan maak)

In baie gevalle het die staanmaak saamgesmelt tot 'n vaste kompositum in die sin van neersit (Rademeyer 1935 : 80).

"hy ít gaan die paal staamaak teen die muur";

"gaan staamaak die ding!";

ôrwaat (ôrwat): (waaroor, waarom)

Soos die Griekwa gebruik die blanke Namakwalanders die volgende: "Oor wat sou hy my nou plae?"

### 3.3.3.2 Inheemse plante en diere

Omdat die Khoesan reeds 'n verskeidenheid van die inheemse plante en diertjies in Namakwaland benoem het, is van die taalvorme oorgeneem met die vestiging van die blanke trekkers in Namakwaland.

Selfs die jong Namakwalanders kan tot vyf tel in Nama: tjoei, tjamma, hakka, bisi, tjôrô.

Ook plekname in Namakwaland het hul oorsprong uit hierdie tale: Garies, Oukiep, Nababeep, en Kamieskroon, soos in 3.2.8. uiteengesit word.

Dit is veral plant- en diername wat

sterk ontleen is aan die Khoesantale, bv. t'kamma (draaijakkals), t'akie (bakoorjakkals), t'oibok (khoibos), fyntwa (grassoort). (Vergelyk bylaag E).

### 3.3.3.3 Analogiedruk

Die Namakwalander gebruik ook die taalvorme wat deur analogiedruk ontstaan het in die taal van die Namas en Griekwas:

"Hy't 'n mooi pêre gehet";

"Hy het my gevertel, hoe hy hulle geja het";

"Hy het my goed gebehandel";

Die werkwoord word dus sonder uitsondering die voorvoegsel ge- toegevoeg in die verlede tyd.

Meervoudsvorme soos yelskoens, en sardiens is ook nie ongewoon nie.

Die posisie van die werkwoord in die sin na die onderwerp, byvoorbeeld, Die man lag, inisieer ook die volgende gebrauke eiesoortig aan die Griekwataal:

"Die gras groen nou";

"Dit mis erg";

"Dit mot ve'môre";

### 3.4 Samevatting

Die eiesoortigheid van die Namakwalandse spreektaal is soms van so 'n eksklusiewe aard dat 'n buitestandaander daarvan uitgesluit kan word vanweë eie skeppinge, volksetimologie, ontlenings, of selfs die sterk humoristiese inslag in van die taalvervorminge of nuwe skeppinge.

Persone word soms geseen met 'n paslike bynaam deur die gemeenskap; meeste plantname word óf geskep, óf is ontleen aan die Khoesan-tale, en is soms vreemd vir die besoeker omdat die bodemgesteldheid en klimaat die groei van plante wat nie algemeen in Suid-Afrika voorkom nie, aanmoedig.

Foneemalternasie, palatalisasie en konsonantveranderings wat sterk herinner aan Khoesan-invloede, versterk verder die eiesoortige aard van Namakwalandse spreektaal, en maak dit soms ontoepaslik in akademiese of formele kultuurkringe, as gevolg van die grammaticiese verskynsels soos die onvaste gebruik van die voornaamwoord, en die lidwoord. Die vrye wisseling van woordsoorte in kontekste waar die standaardtaalvorm nie ooreenstem nie, bv. die verlede deelwoord in plaas van die infinitief

en die voorkoms van die werkwoord in die sin wat ook verskil van die voorgeskrewe vorm van die standaardtaal, bemoeilik verder die paslikheid van Namakwalands in sekere taalsituasies. (Sien bylaag C vir verdere voorbeeldes).

Veral semantiese verskynsels van die Namakwalandse spreektaal kan vir die gespreksgenoot probleme skep. Onbekende samestellings van woorde wat reeds eksklusief tot Namakwalands behoort, asook die talle idiome wat in die meeste gevalle uit die eiesoortige lewenswyse van die Namakwaler afgelei is, sluit die gespreksgenoot uit die ervaringsveld van die Namakwalandse boer, visserman en mynwerker.

Indien die Namakwaler egter hierdie eiesoortige "ervaringswêreld" verlaat, kan sy taal hom in die steek laat, omdat die belewenisse buite Namakwaland nie effektief in Namakwalands verwoord word nie. Sy taal spring egter nie die invloed van moderne kommunikasiemiddelle vry nie. Tekens van beïnvloeding kan by kinders gehoor word wat gesegdes uit televisiereekse oorneem in hul taal en hierdie gesegdes gebruik in hul kommunikasie met mekaar. Hierdie invloede kan egter tydelik van aard wees, afhangende of dit die toets van tyd deurstaan.

## HOOFSTUK 4

## DIE ROL VAN DIE GESPREKSGENOOT IN DIE KOMMUNIKASIEPROSES

## 4.1 Kommunikasiebeginnels

4.1.1 Die Namakwalandse spreektaal as kommunikasiemedium

Taal is in die eerste instansie gerig op oordrag, die polariteit "vanuit ... na toe" (Odendaal 1983 : 12).

Die een pool stel die Namakwalandse spreker voor wat 'n boodskap het wat hy wil, of moet oordra aan 'n gespreksgenoot. Hierdie boodskap kan 'n emosie, 'n gedagte, 'n idee of bloot inligting wees. Die boodskap kan in 'n informele of formele kode wees, afhangende van die situasie waarin die kommunikasie plaasvind.

Indien die kode informeel is, sal die Namakwalandse moedertaal gebruik, of dan, die Namakwalandse spreektaal met sy eiesoortige segswyse. Die formele taalkode sal egter taalaanpassing impliseer, wat veroorsaak word deur eksterne stimuli. Hierdie eksterne stimuli sal faktore insluit soos die posisie van die gespreksgenoot, die situasie, spanning in die

situasie, bekendheid van die omgewing, bekendheid met die gespreksgenoot, doel van kommunikasie, en fisiese steurings uit die omgewing. Die gespreksgenoot se rol in die kommunikasieproses word in die volgende diagram verduidelik:

EKSTERNE STIMULI

- Situasie
- Omgewing
- Doel
- Implikasie
- Fisiese steurings

BOODSKAP

- Emosie
- Gedagte
- Inligting

NAMAKWALANDSE SPREKER

- Ingesteldheid
- Aandag
- Posisie

SITUASIE

- Multidialekties
- Namakwalandse taalsituasie

TAALMEDIUM

- Informeel
- Formeel

HOORDER OF GESPREKSGENOOT

- Ingesteldheid
- Aandag
- Posisie

TERUGVOERING

DIE AANGEPASTE KOMMUNIKASIEMODEL

(Van Schalkwyk 1982 : 5).

Dit is belangrik dat die regte boodskap 'n spesifieke gespreksgenoot op 'n spesifieke tyd bereik (Meiring 1985 : 199). Indien 'n gesprek tussen twee Namakwalanders sou plaasvind kan die aard van die taal die interpretasie van die werklike boodskap versteur vir byvoorbeeld 'n standaardtaalspreker wat ook aan die gesprek moet deelneem soos in die volgende geval: Die betrokke sprekers (albei Namakwalandse boervrouens) gesels oor hulle kinders se doen en late en dele van die gesprek is soos volg aangeteken: "Toe moet jy wiet kom hulle hier aan met hulle se lapkind (baie kinders) en ek prissemeer (veronderstel) toe darem maartjies prens en vrede (teenwoordig en tevrede) ma' die ien is sô perkaatlik (vol manewales) la' ek nou deetlik gemoerak (laat swaarkry) sta raak die hiele godse naweek. Dit was op tierasegat na of ek neuk die man..."

Waarneembaarheid van die boodskap is dus ook 'n voorwaarde vir suksesvolle oordrag, en as die vreemdheid van die segswyse daartoe lei dat te veel tyd bestee moet word aan die ontsyfering van die boodskap, gaan daar elemente van die boodskap wees wat in die proses nie oorgedra word nie.

Indien die variëteit onder bespreking, nl. Namakwalands, inherent ontoereikend is om 'n kommunikasieproses te laat vlot, gaan die boodskap ook verlore wees. Die ontoereikendheid kan die gevolg wees van 'n gebrek aan woordeskatalogus, uitdrukings, sinsvorme, ens. wat noodsaaklik is om variasies in styl en registerwisseling teweeg te bring. Getoets aan 'n aantal situasies het dit geblyk dat Namakwalands telkens die boodskap kon oordra, en wel t.o.v. 'n verskeidenheid tipes boodskappe waarin die gespreksgenoot bepalend was.

Die boodskap kan veelvuldig van aard wees.

Pretorius (1978 : 23) noem enkele soorte boodskappe:

1. Emosiebelaai.
2. Magsvertoon.
3. Buigsaamheid.
4. Erkenning.
5. Begryping.
6. Ontmoeting.
7. Gesprek.
8. Waardeoordrag.
9. Intersubjektief.
10. Distansiërend.

Die faktore is individueel en gesamentlik teenwoordig in

gebruiksvariasie (styl-en registerverskille) in die taal.

a) Die emosiebelaaide boodskap wat aan die gespreksgenoot oorgedra word, word hoofsaaklik deur die moedertaal oorgedra omdat minder aandag aan die korrektheid van die boodskap bestee word, soos uit die volgende gesprek blyk wat tussen 'n onderhoudvoerder en 'n datapersoon plaasgevind het: "Ek sou nou sê dat daar geen verskil is tussen onse taal en die taal van die Bolanders nie, o's sê nou wel bôm en hulle sê boem ma' andersins praat o's ma' dieselfde taal... ma' Gjertjie ek sta' neuk jou nou met die vrinnemens sam. Lôp slap (slaap) op die sabander! Kwit, da' sta' raak die man nog ramboeliestert (parmantig)! Sôs ek nou weer wou sê om nie te lie' nie, ons praat ma' dieselfde rieken ek..."

Die datapersoon se aandag het oënskynlik vir 'n oomblik verslap terwyl sy met die kind geraas het, en het sy vervolgens die meer formele praatstyl met 'n informele praatstyl vervang.

b) Wanneer die gespreksgenoot 'n magsposisie beklee, gaan die Namakwalander 'meer aandag aan sy segswyse bestee, soos blyk uit die voorbeeld in (a). Indien die Namakwalander

homself egter in 'n magsposisie bevind, is die gespreksgenoot se invloed op sy kodewisseling minder. 'n Boer uit die omgewing van Kamieskroon voel soos volg oor boerderymetodes in Namakwaland: "Nie kiyk. ek daag ienige vrynnemins uit om hier te ko' sta' perbeer ôrleef op die Knêrsvlak sam. Ek ka' ienige kjêrel blo dis nie hin hiermaarse (gewone) menier van boer sos hulle se annerlike boer nie. Da' sta' raak algar t'ghommie (dom-onnosel) as die drôgte jou moerak (laat swaarkry) e' jy nie affêring kan menteneer (baasraak) nie."

Omdat hy homself as die meester op die gebied van boerderymetodes in hierdie droë wêreld sien, is die mening van sy gespreksgenoot ook van minder belang.

Gesag en manhaftigheid spreek uit: ek daag, ek ka' ienige kjêrel blo, raak algar t'ghommie, ens. Vgl. ook 3.4.1.

c) Buigsaamheid by die oordrag van 'n boodskap impliseer die aanpassing van die spreker of gespreksgenoot deur styl ter wille van effektiewe oordrag.

Die taal word nou sodanig aangepas dat dit van bedagsaamheid teenoor 'n vreemdeling getuig alhoewel die taal self eiesoortig/ dialekties is, byvoorbeeld: "Nou da' is jy nou van die annerlike minse wat ons têp (opneem). Nja, da' praat o's hun annerlike taal. e' jy sal sô met verdrag sam die wörde e' dinge lêr. Nou julle met die

boekgeleertenteit sam pra' van spiere dié goed. ma' o's  
praat van muggels. Sie' jy dié. dis hin tiemaans  
(blikbeker)..."

d) 'n Boodskap kan 'n erkenning wees deur terugvoering op kommunikasie van die gespreksgenoot. Dit kan verder deur kodewisseling ook die rol van die gespreksgenoot bevestig (soos in 4.3.2 uiteengesit word).

e) Begrip in 'n boodskap is die basis vir sinvolle gesprekvoering omdat dit impliseer dat die bedoeling van die sprekers verstaanbaar is, dat daar geen misverstand is nie, en dat interpretasie van die taal die gewenste boodskap laat realiseer deur sinvolle terugvoering. 'n Gebrek aan linguistiese en/of kulturele kennis kan begrip bemoeilik, wat die eksklusiwiteit van taal betrek.

Indien die Namakwalander die gespreksgenoot se agtergrond opsom (soos in 4.2.2 uiteengesit word), gaan sy terugvoering aandui wat sy bevinding was. Die volgende eensydige telefoongesprek is 'n aanduiding van 'n sodanige situasie-analise deur 'n Namakwalander: "...dis hy wat  
praat. Ja, mnR. Bois, hoe kan ek u help vandag? U sê u is  
van...ô, da' praat ek met 'n Namakwalander. Hoe ga' dit me'  
die weer sam? Nie, o's sterte sta' nog sô!" Die spreker

het sy gespreksgenoot se boodskap geïdentifiseer en hom as Namakwalander uitgeken vanweë sy segswyse. Die formeler praatstyl is onmiddellik vervang met 'n informeler praatstyl toe hy besef dat sy gespreksgenoot "een van sy eie mense" is.

f) Waardeoordrag vind deur middel van gesprek plaas deur die formulering van die boodskap. Die gespreksgenoot se waardes sal vervolgens deur sy boodskap spreek, en kan die Namakwalander sodanig beïnvloed dat kodewisseling toegepas sal word, soos uit die volgende terugvoering blyk tydens 'n onderhoud: "Ag nie, kom sit by die praaimis sam, dis darem maartjies koud. Moet watse kan ek jou help? Data, data vir wat? Ma' da' moet ek nou in my oppassens wees as jy my taal neerskryf, anders dink julle se me'se ons is sô." Die spreker het die gespreksgenoot se norm verstaan in dié sin dat alle segswyses anders as sy eie, neergeskryf sou word, en as "verskillend" geïnterpreteer sal word, waarvoor die spreker nie te vinde was nie.

g) 'n Intersubjektiwiteit kan ontstaan tussen die spreker en sy gespreksgenoot waar die boodskap tydens oordrag en terugvoering 'n subjektiewe kleur het. Die Namakwalander gebruik oorwegend sy moedertaal om subjektiewe boodskappe

te formuleer, met emosionaliteit as 'n bykomende faktor by die taalkeuse, soos die volgende gesprek aandui:

Namakwalander: "Ma' julle se me'se is mos altevol KP wat onse land vi' ousôrt wil sta' gie, kwit, da' moet o's wa' gaan?"

Gespreksgenoot: "Maar oom, dis dan net 'n... 'n hoe sal ek sê, droë wêreld sonner water. Wat kan nou leef sonner water?"

Namakwalander: "Hie' is water hiesô onner die grond, of hoe sê ek da' nou. Da' reën dit darm ma' in die winter... julle dôners sit sta' mak droog da' bô e' wil nou onse storie kom riel."

Die spreker of gespreksgenoot kan homself dus distansieer van die ander deur die styl wat hy gebruik. Gemerkte taal soos in bg. gesprek getuig van groepsgebondenheid asook uitsluiting van ander. Die middelpuntsoekende aard van die mens kom weer eens na vore in dié verband, en sy verbondenheid aan sy eie gemeenskap word bevestig.

Hieruit kan afgelei word dat die boodskap deur die taalmedium draer is van die soort verhouding waarin die Namakwalander tot die gespreksgenoot staan. Kodewisseling weerspieël dat die gespreksgenoot se roloverwagtinge en sy waardes en oortuigings geakkommodeer word.

Faktore soos emosionaliteit, gesaghebbendheid, toegeeflikheid, erkenning, begrip, herkenning, wellewendheid, waardeoordeel, subjektiwiteit en distansiëring word in die taal weerspieël.

Die gespreksgenoot beïnvloed die taalgebruik van die spreker op 'n ingrypende wyse, en wel die bepaalde vorm van die taal wat die spreker gaan gebruik, soos afgelei kan word uit die gesprekke/ onderhoude in 4.4.1.

Kodewisseling word beïnvloed deur

(a) Die stof waaroor gepraat gaan word. Indien die boodskap nie effektief bewoerd kan word in Namakwalands nie, pas die Namakwalander sy taal aan of maak gebruik van kodewisseling om so sy boodskap suksesvol oor te dra, indien sy ingesteldheid ten opsigte van gespreksgenoot positief is. Die volgende voorbeeld illustreer 'n Namakwalandse spreker wat die werking van 'n kragopwekker aan 'n "kommer" wil verduidelik: "...ô die kragopwekker... wel jy druk darie starting knop of jy kan hom slinger. Da' start die battery die mitjien. O's praat nie sodanig van hun kragopwekker nie, ma' van hun ligtemitjien."

(b) Die sake waarna verwys word. Sommige onderwerpeleen hulself nie daartoe om in Namakwalands bespreek te word nie, omdat hierdie sake nie in die Namakwalander se ervaringswêreld voorkom nie, soos die volgende Namakwalandse wat hom buite dié gebied bevind, illustreer:

"Nê, da' praat o's nou hun annerlike sôrt... taal ka' hun man nou sê as o's nou moet watsem... moet klasgê. Jy ka' mos

nou nie hie' sta' praat van ousôrt nie. jy sê kleurling.  
Da' sta' werk o's g'n daar met al julle se rekenaars e' dié  
klaste van dinge nie. ' O's lêf op onse menier da', of hoe sê  
ek da' nou?"

(c) Die woordeskat, sinsbou, uitspraak en toon. Indien die gespreksgenoot 'n hoër posisie beklee as die Namakwalander met laasgenoemde in 'n ondergeskikte rol in byvoorbeeld 'n werksituasie, of 'n sosiale opset, en daar 'n middelpuntsoekende krag werksaam is in die situasie, gaan die Namakwalander sy segswyse aanpas of verander ten opsigte van woordeskat, sinsbou, uitspraak en toon. Die beeldende en ongeïnhiberde taal van die Namakwalander maak nou plek vir 'n meer formeler segswyse. (Sien bylaag H).

(d) Die sosiale posisie wat deur die gespreksgenoot gevul word kan die kodekeuse van die Namakwalander beïnvloed indien die spreker deur die sosiale opset geraak word. Die Namakwalander kan deur die sosiale posisie van die gespreksgenoot geraak word en poog om 'n goeie indruk op die persoon te maak ter wille van eie sosiale gewin deur die gebruik van 'n meer "verhewe" taalkode.

5. Die persoonlike aspek van taal. met ander woorde die geslag, ouerdom, geskoolde of ongeskoolde agtergrond, en persoonlikheid

Die persoonlikheid van die Namakwalandse spreker speel 'n beduidende rol in die voorkoms van kodewisseling. Sprekers wat gesteld is op die uitwerking van hul segswyse, of hulself in 'n ander rol indink as dié van 'n Namakwalander is geneig tot meer kodewisseling as diegene wat hulself met Namakwalandse identifiseer. Hierdie verskynsel kan gedemonstreer word met 'n uittreksel uit 'n onderhou wat gevoer is met 'n Namakwalander wat haarself tans buite dié gebied bevind:

"Miskien praat die ouer me'se nog hierdie taal, maar o's me'se van Springbok is nie meer sô nie. jy moet weet ons het tot muurbalbane, en dis nou nie dat ek rieken dat ons beter is as die anner Namakwalanders nie. ma' daardie me'se op SPIES EN PLêSSIE... dis nou die wat agterbly. Jy moet weet, my ma het verder geleer, en o's het maar sôs julle leer praat..."

(Vergelyk Odendaal 1983 : 14).

Indien die gespreksgenoot egter nie in staat is om sy taal te beheers nie, is die spreker geneig tot die volgende taalgedrag:

1. 'n Stadiger tempo word gevolg;
2. Woorde wat vir die gespreksgenoot bekend is word gebruik (Vergelyk 4.1.1 (c));
3. Minder ingewikkelse sinne word gekonstrueer;
4. Daar word duideliker geartikuleer (Vergelyk bylaag H).

Sou die gespreksgenoot 'n spreker van die standaardtaal wees, gaan uitdrukkings soos die volgende byvoorbeeld 'n duideliker omskrywing verg om die boodskap te laat realiseer:

1. "Die man smaak my maak alles opduis" (deeglik)
2. "Nie, da' moet o's nou maartjies die sakie pêlielie" (toesmeer)
3. "Ek wil prissemeer la' jy die annerster ding gestuur het" (aanneem)
4. "Jy moet ma' jou se oë laat sperwel" (soek)  
(Sien bylaag C vir verdere voorbeelde)

#### - 4.1.2 Taaleenheid in die kommunikasieproses

In Namakwaland en elders in die R.S.A. is daar 'n kontinuum van taalvariante wat varieer vanaf die standaardtaal tot die mees gelokaliseerde variant in geïsoleerde gebiede. Die volgende tabel illustreer hierdie situasie soos dit die uitspraak van die woord belowe affekteer in die streeksuitspraak, gebaseer op Peter Trudgill (1974 : 42) se tabellariese voorstelling van die standaard en lokale-aksentuitspraak (Eng. regional accent) in 'n bepaalde streek:

## STANDAARD EN LOKALE-AKSENTUITSpraak VAN NAMAKWALAND

<u>AKSENT</u>	<u>KNERSVLAKTE</u>	<u>KAMIESKROON</u>	<u>SPRINGBOK</u>
lokaal	belôwe	blô	belôwe
	blô	blô	belôwe
mees geloka-	blô	blô	blô
liseerd			

In die voorbeeld van die gebruik van die lokale aksent, is daar slegs een voorbeeld van die lokale taalvariant, terwyl daar drie voorbeelde by die mees gelokaliseerde uitspraak voorkom by dorpies soos Nuwerus, Bitterfontein, Kamieskroon, Garies en die res van die Knersvlakte.

Die Namakwalandse taalvariëteit is toereikend vir die boorling in sy eie gebied, omdat dit relevante sake met betrekking tot sy eie lewe voldoende beskryf.

Soms het hierdie variëteit verskeie woorde wat die een bestaande begrip in die standaardtaal uitbrei, byvoorbeeld die volgende woorde uit die boerderyberoep:

- LAM: 1. Weggooilam;  
 2. Bakha'se (hanslammers wat uit 'n bak moet eet);  
 3. Ha'sies (hanslammers);  
 4. Xirries (pasgebore lam wat sterk en huppelend is);
- WEER: 1. slangsleepsel (bietjie reën);  
 2. Drupweer (mooi weer met 'n paar druppels);  
 3. Xoeroeweер (mis en donderweer deurmekaar);  
 4. Ploereen (eerste winterreën);
- MIS: 1. Sleepmis;  
 2. Toemis;  
 3. Seemis.
- SPOOR: 1. Ouspoor  
 2. Douspoor (vroeg in die oggend)  
 3. Hoen(d)erspoor (min reën)  
 4. Katspoor maak (versigtig loop)

Die gespreksgenoot van buite hierdie gebied, ken nie hierdie onderskeidings nie. Indien die karakoelboerdery as 'n beroep bestempel word, kan hierdie terminologie in verband met die boerdery gevvolglik parallel gesien word met 'n vaktaal, want die taal is eksklusief, het betrekking op 'n spesifieke groep, en verwoord betrokke sake en aktiwiteite van sy lede (Vergelyk Claassen en Van Rensburg 1983 : 20, 28).

Alhoewel die Namakwalandse spreker relatief min kontak met die buitewêreld het, is sy gemeenskapslewe onderworpe aan verandering as gevolg van die invloede van massamedia soos die televisie en radio. Wanneer hierdie spreker hom later in 'n ander spraakgemeenskap bevind, kan hy hom makliker aanpas by hierdie taalgemeenskap indien hy hier opgeneem wil word. Dat die taalgemeenskap ook beïnvloed kan word deur hierdie aanpassings is ewe waar vanweë die strominge en tipes van onderlinge menseverhoudings (Vergelyk Coetzee 1958 : 3).

Die voortbestaan van die gemeenskap vereis dat al die lede daarvan die wette, verordeninge en ander voorskrifte sal begryp en reg vertolk. Daarom is dit vir die Namakwaler se selfbehoud belangrik dat hy hom vereenselwig met hierdie vereistes wat sy gespreksgenote se gemeenskap daarstel.

Gesien vanuit die hoek van die gemeenskap staan ons dan voor die eerste groot taalvereiste, nl. taaleenheid. Hiermee hang saam die posisie van die standaardtaal teenoor die plaaslike Namakwalandse spreektaal wat as 'n taaleenheid moet funksioneer ter wille van algehele verstaanbaarheid.

In die Namakwalandse spreker se daaglikse kommunikasie

is daar in terme van Coetzee (1958 : 3) se uiteensetting eenvorming teenoor geleding, verstarring teenoor vernuwing en aanpassing, en skryftaal teenoor spreektaal. Die vraag ontstaan nou wat die norm vir enige taalgemeenskap sal wees.

#### 4.1.3 Norme vir die spraakgemeenskap

Elke taal besit taalnorme waarsommer die betrokke taal nie beskryf kan word nie. Taalnorme bestaan op talle terreine van die lewe insluitende sosiale- en taalsituasies, waar taalnorme sekere beginsels omvat wat as riglyne dien in gespreksituasies waarin 'n lid van die betrokke spraakgemeenskap homself mag bevind, asook die wyse waarop gespreksgenote se taal beoordeel gaan word. Hierdie norme opereer natuurlik en soms op 'n onbewuste wyse (Vergelyk Webb 1983 : 372-375).

Webb (1983 : 375) stel verder 'n paar taalnorme voor:

- Kommunikasienorme: Die klem val op presiese en heldere formulering van boodskappe ter wille van verstaanbaarheid.
- Norme vir linguistiese interaksie: Alle konvensies van gesprekvoering resorteer hieronder, insluitende groetwyses, inisiëring van 'n gesprek, wyse van gespreksbeëindiging, ensovoorts.

- Sosiolinguistiese norme veronderstel meer as een moontlikheid ten opsigte van 'n linguistiese eenheid in 'n taal, waar een sodanige opsie geassosieer kan word met 'n spesifieke taalgemeenskap, en net by sekere taalgemeenskappe voorkom (maar hul kan ook by ander voorkom). Sou 'n spreker dan 'n segswyse gebruik wat een of ander taalgemeenskap kenmerk, impliseer hierdie manifestasie van 'n taalnorm 'n spesifieke lewenswyse, en het die taalnorm vervolgens 'n sosiale funksie (Vergelyk Webb 1983 : 376).

Die gebruik van die taal gee self die norm aan wanneer die struktuur van 'n taal ter sprake is.

Stellenbosch met sy universiteit, sy opleiding van onderwysers en predikante en met sy kulturele prestasies is nie slegs die naaste universiteit vir die Namakwalander nie, maar skynbaar ook die gewildste. Indien hy homself in hierdie gemeenskap sou bevind, gaan hy voor die norme van die spraakgemeenskap asook die studentegemeenskap te staan kom.

#### 4.1.4 Middelpuntsoekende en middelpuntvliedende kragte in die kommunikasieproses (Vergelyk 1.2.2)

(a) Middelpuntsoekende krag

Indien die individu nie middelpuntsoekend van aard is nie, val die gemeenskap uiteen. Daarom trek die individuele taalverskille, of nie-aanpassende taalvorme by die taalnorme van die betrokke taalgemeenskap, onmiddellik die aandag. Waar die individuele die byval vind van die ander taalgebruikers in die gemeenskap en deur hulle aanvaar word, word dit algemene taalbesit van elke lid van die groep, anders verdwyn dit deur afwysing in die vorm van bespotting deur gespreksgenote van hierdie betrokke groep.

(Vergelyk bylaag G).

Verskeie faktore is hier op die spel, waarvan die middelpuntsoekende drang van die enkeling om deur die groep aanvaar te word, seker die kragtigste is. Die enkeling streef na geborgenheid in die groep vanweë sy onderliggende aard as kuddedier. Soos by 'n kudde die geval is, word die sterkste en/of grootste as leier beskou en gevolg. Indien die enkeling besef dat die toonaangewendes in 'n taalsituasie sekere taalvorme besig, kan hy besluit om dit na te volg indien dit vir hom voordele kan inhou. (Vergelyk 1.2.2)

Die spreektaal word egter soms met die vreemdeling gebruik, deels as gevolg van 'n gevoel van potensiële bedreiging van hul eie kultuurbesit, en andersins vanweë 'n vyandigheid, gekweek deur patriotisme, met ander woorde behoud van die eie.

In 'n Namakwalandse klassituasie het leerlinge heftig gereageer op die verwysing na die onbepaalde lidwoord in, en was dit eens dat die lidwoord as hun uitgespreek moet word, ten spyte van die feit dat die lidwoord taalkundig beskryf word in handboeke, sodat onkunde oor die standaardtaaluitspraak nie 'n faktor is nie.

Hierdie Namakwalandse klassie het die lidwoord beskou as verteenwoordigend van hul kultuur en lewenswyse, en die belangrike kultuurelement: die taal. Soms staan die enkeling egter afsydig teenoor spesifieke norme in 'n stelsel, bv. die onderrignorme in die skool. Sy eie belang, eie begeertes word te veel aan bande gelê ter wille van die belang van groepsgenote wat 'n opstand teenoor die groepsverband veroorsaak. Hierdie opstand illustreer middelpuntvliedende krag wat ook in terme van taal manifesteer waar groepsidentiteit beskerm word.

Die persone wat met hierdie spraakgebied geassosieer word, brei uit op die tipiese taalvorme van die gebied, om hierdeur hul aparte sosiale en kulturele identiteit uit te wys, en hul behoud van 'n identiteit te beklemtoon.

Sprekers is bewus van die sosiale implikasie van hierdie taalvorme en hul houding daarteenoor is gevolglik gunstig as gevolg van sosiale waarnemings (Vergelyk Trudgill 1974 : 24).

Die balans tussen middelpuntvliedende kragte, d.w.s. weerstand teen standaardtaalvorme en middelpuntsoekende kragte, beskerming van groepsidentiteit deur voorkeur te gee aan eiesoortige taalvorme is deurentyd in die Namakwalandse taalgemeenskap ter sprake.

#### 4.2 Sosiale druk en verandering

Wanneer daar verskillende taalvariante in 'n taalsituasie bestaan, kan een met verloop van tyd die botoon voer, alhoewel hulle ook naas mekaar kan bly bestaan in die gespreksituasie. Die kans dat Namakwalands die botoon in so'n gesprek kan voer is skraal, omdat daar te veel taalfasette is wat versteurings in die kommunikasieproses kan veroorsaak. Die standaardtaal staan 'n beter kans om die voertaal te word in die betrokke situasie, omdat beide Namakwalander en standaardtaalspreker, hierdie taalvorm aangeleer het in skoolverband (Vergelyk Steyn 1976 : 25).

Nie alle variante dui egter op verandering nie, bv.

- 
1. Spreektaal-verskille wat 'n mate van reëlmatigheid vertoon, maar geen teken is van sintaktiese verandering nie;
  2. Gesistematiseerde variante wat die spreker kan aanwend om ten opsigte van styl en betekenis te differensieer;
  3. Variante wat min of meer dieselfde semantiese en stilistiese waarde, of kommunikatiewe waarde besit, en op verandering kan dui (Vergelyk Steyn 1976 : 25).

Voorbeeld van spreektaalverskille wat taamlik gereeld voorkom, maar nie veranderingstendense aandui nie, en die gevolg is van nie-talige faktore soos geheuebeperkinge en die afname van aandag, is byvoorbeeld die herhaling van, of onnodige byvoeging van woorde soos vir hom, af, en dan in:

- (a) "... die kêrel vra my wragtag dat ek moet sing vir hom."
- (b) "... nou's dit die einde va' die reën af";
- (c) "... Sô die klaste van dinge dan";

'n Voorbeeld van 'n variant met 'n kommunikatiewe funksie, is die ontkenningsin wat in Namakwaland gebruik word.

Die spreker kan of nie gebruik soos in voorbeeld (a), of g'in soos in (b):

- (a) Ek pla jou tog nie.
- (b) Ek pla jou tog g'in.

(b) Middelpuntyliedende krag

Indien 'n standaardtaalspreker die Namakwalandse gemeenskap betree, kenmerk sy eiesoortige segswyse hom as 'n "kommer" met 'n ander lewenswyse en lewensfilosofie soos deur sy gemeenskap aan hom oorgedra is, wat hulself nie altyd met die relatief ongeïnhieberde, eenvoudige lewenswyse van die Namakwalerander (Vergelyk 2.1, 2.3) kan vereenselwig nie.

Omdat die Namakwalandse gemeenskap 'n hegte eenheid vorm vanweë die lae bevolkingsyfer wat veroorsaak dat baie lede mekaar goed ken, en ook op mekaar aangewese is ten opsigte van die alledaagse bedrywighede, kan die "kommer" homself as 'n buitestaaander bevind ten opsigte van 'n gemeenskap wat sentreer om skaapboerdery, en moontlik nie aan sy lewensverwagtinge ten opsigte van kulturele- en sportbedrywighede, asook die beskikbaarheid van lewensmiddele en dienste voldoen nie. Data wat ingesamel is toon dan ook die reaksie van die Namakwalerander op die standaardtaalspreker se evaluering van Namakwaland in 4.3.2. Hierdie distansiëring van die gemeenskap ten opsigte van vreemde elemente van buite, manifesteer homself ook in die taal, bv. die gebruik van sy ten opsigte van 'n vroulike persoon in plaas van hy, soos vir boorlinge van die streek nie.

4.2.1 Die rol van sosiale druk op die segswyse van die Namakwalanders

Vanweë lae sosiale druk, kan die verdringing van die skryftaal deur die spreektaal in samehang gesien word met die ouderdom van sprekers. Soos reeds bespreek is, het sosiale druk die grootste invloed op sprekers tussen die ouderdomme 31-45. By 'n Namakwalandse leerling in Sub B is die sosiale druk nog nie so opmerklik in sy taal nie. Die feit dat 'n Sub B-leerling nog nie die spelreëls van die standaardtaal onder die knie het nie, moet ook in ag geneem word. Dit blyk uit die volgende opstel van 'n Sub B-leerling, T. Nieuwoudt (Nuwerus):

EK IS 'N MUIS

"Ek het een keer by die gaat uitgeloer toe sien ek 'n klomp kinders haartloop ek uit die gaat en toe sien ou Hannes vir my en almal vil my toe vang en ou Inus van vir my toe sit hulle vir my in hin boter bakie toe vat juffrou my pouse kom teekamertoe maak juffrou vir meneer visser skrik toe maak ek vir meneer skrik"

Slegs tiperende Namakwalandse taalvorme word vervolgens uitgewys, aangesien hierdie opstel ook ander foute het wat tiperend is van hierdie ouerdomsgroep reg deur die land, bv. die veelvuldige gebruik van toe, vil (wil), gebrek aan leestekens, hoofletters, en die werkwoord aan die begin van sinne, ens. Die verlenging van die [a]-klank word waargeneem in haartloop en gaat (Vergelyk data versamel van volwasse Namakwalanders: [a:lə] x alle, [a:mpr] x amper ; die kenmerkende wisselvorm [xa:t] x [xat] kom voor; en die [hən] x [ə], asook die lang ô-klank [bɔ:tər] (boter bakie) is aanduidings van die afkoms van hierdie spreker. Dat die skrywer wel kennis dra van die grafeemteorie, is duidelik in die gebruik van [ɔ] in kometeekamer i.p.v. [ɔ] soos in boter.

Die grootste rede waarom die Namakwalandse taal niks anders as 'n spreektaal kan wees nie, is die laefunksie-kwaliteite wat dit het teenoor 'n hoëfunksietaal soos Standaard-Afrikaans. Die Namakwalandse lewenswyse is ingestel op die boeregemeenskap wat 'n ongekompliseerde lewenswyse handhaaf. Sy ervaringsveld ten opsigte van nuwe tegnologiese ontwikkelinge en vakterreine buite sy eie wêreld van plaas, skool, kerk, en algemene handelaar, is relatief klein. Indien die spreker sy segswyse in 'n moderne ontwikkelde gemeenskap as spreektaal sou aanwend, sou hy die standaardvorm van die taal moes gebruik, ten minste ten opsigte van die leksikon, wat in pas is met nuwe ontwikkelings en sake wat bencuem moet word. (Vergelyk ook 4.3.3. en 4.3.4).

#### 4.2.2 Die rol van sosiale druk in taalkeuses

Hoewel een taalvariant nie meer geskik is om in 'n standaardtaal te ontwikkel as 'n ander nie, is die superioriteit van 'n besondere dialek vir hierdie doel nie absoluut nie. Die politieke, ekonomiese en kulturele superioriteit van 'n betrokke taalgemeenskap verleen egter sosiale status aan sy taalgebruik. Die wisselwerking van een spraak met 'n ander het volgens Von Wielligh (1925 : 79, 80) die volgende tendense wat ook op die Namakwalandse spreker betrekking het:

- Dit is die tweede geslag (gebore uit die eerste groep sprekers wat in kontak kom met 'n "verhewe" spreektaal) wat eenvormig praat, indien die ouers wel elemente van die standaardtaal wou oorneem. 'n Onbeduidende minderheid - hoe hoog ontwikkel ook al - laat min spore van invloed na, en los hulle in die meerderheid op waar daar nie 'n beduidende verskil in die beskawing bestaan nie;
- Naas skoolhandboektaal geld moederspraak die meeste.
- Wanneer die graad van ontwikkeling tussen die partye aansienlik verskil, lê die oorwinning op taalterrein aan die kant van die beskaafste al is hulle ver in

die minderheid;

- Die spraak van die nuwelinge word in die begin as persoonlike eienaardighede beskou en word nie dadelik nagevolg nie;
- Die spraak van Namakwaland is 'n natuurlike ontwikkeling en is minder as groot sentra blootgestel aan vreemde invloede  
(Vergelyk Von Wielligh, 1925 : 79, 80).

In sekere gemeenskappe word spesifieke taalgedrag verwag, hoewel nie voorgeskryf nie, van sommige individue teenoor mekaar (Fishman 1972 : 21), en alle ouderdomsgroepe is blootgestel aan ekstralinguistiese faktore wat hom inspireer om sy spreektaal aan te pas in gespreksituasies (Vergelyk Labov 1972 : 261).

Leerlinge aan die kleiner skole, wat 'n groter konsentrasie van Namakwalandse sprekers bevat, en in baie gevalle ook onderwysers het uit die streek, maak egter gebruik van standaardtaalvorme in hul skryftaal. Vir die leerlinge is die gebruik van die standaardtaal dan ook bevordelik vir skolastiese prestasie.

Die volgende uittreksels uit 'n skoolkoerantjie toon die taalkundige korrektheid van standerd nege en standerd tien leerlinge se taalgebruik alhoewel hul

informele taalgebruik wel die ouer vorm van

Namakwalands is:

#### EK IS MELAATS

"Ek is melaats ... 'n doodse vrees pak my beet. Weg moet ek gaan van my ou rustige dorpie. Weg om nooit meer terug te kom. Ek ril, want ek is bang vir wat voorlê, op my eensame pad vorentoe. Mense loop 'n ompad om my, praat saggies wanneer hulle my teëkom op pad na my eindbestemming ... die dood: Die dood wat baie mense vrees, maar vir my, die melaatse, is dit 'n blye vooruitsig, want ek gaan na die stad van God" (Tooings 1981 : 11).

Annotasies van dieselfde skrywer se informele taal tydens gesprekke met Namakwalandse gespreksgenote het getoon dat Namakwalands in hierdie situasies voorkeur bo die standaardtaal geniet.

Wanneer hierdie twee taalkodes wat tot een spreker behoort met mekaar vergelyk word, kan die verskille ten opsigte van die standaardtaal en Namakwalands herken word wat in beide boodskappe voorkom:

<u>STANDAARDTAAL</u>	<u>NAMAKWALANDS</u>
[dot]	[tu dət di kjεrəl nɛt da:]
ek <b>is</b> bang	ek bang die man
[forlɛ]	[fɔ:rłɛ]
[forəntu]	[fɔ:rəntu]

Die leerling het gevolglik vir formele doeleteindes in hierdie situasie die standaardtaal gebruik, maar met 'n informele betoog (waar subjektiwiteit betrokke is) Namakwalands gebruik.

"Tooiings" was weer aan die woord in die volgende artikel:

#### ONS sê ONS Sê ... JASPER EN DIRNA

"Aan almal wil ons net baie dankie sê wat ons gekies het. Dankie vir die vertroue wat julle in ons gestel het. Ons hoop dat ons altyd net die beste sal kan gee en julle nie teleurstel nie. Aanvaar ons soos ons is - nog jonk, onvolwasse en nog baie om van die lewe te leer, maar sien ook die goeie in ons raak. Laat volgende jaar soos elke jaar 'n nuwe uitdaging wees, dat ons elke dag in ons skoolwerk, sport en sosiale lewe Nuwerus se naam hoog hou, maar bowenmal ons Here s'n.

Laat elke dag dan 'n voorbeeld vir die volgende dag wees, en dat ons nooit skaam hoef te wees om die voorbeeld van gister na te volg nie" (Smith 1981 : 11).

'n Vergelyking met die vorige annotasie van "Tooiings" se mondelinge taal met die voorafgaande geskreve stuk, lewer die volgende resultate:

STANDAARDTAAL	NAMAKWALANDS
[levə]	[li:və]
[ɔns] (oorwegend)	[ɔ:s] (konstant)
<u>ons</u> Here	<u>o'se</u> vastigheid

Tog dring hierdie veranderings nie deur tot alle lae van die samelewing nie, maar die gebruik vind soms in 'n omgekeerde rigting plaas. Die jonger geslag soek die meer moderne woord, die ouer klas die woord met die hoogste prestige-waarde, of die woord verkies deur die toonaangewendes op kultuurgebied. 'n Nuwe kenmerk kan soms ook 'n analogiese effek hê op ander woorde (Vergelyk Koefoed 1978 : 202).

Die segswyse van die jonger geslag in Springbok word vergelyk met die ouer spreker se taalgebruik in die

volgende tabel:

STANDAARDTAAL (PRESTIGE- VORM)	NAMAKWALANDSE SEGSWYSE JONGER SPREKER	OUER SPREKER
-Van die begin	-Van die begin af	-Uit wans uit
-Teruggetrokke/	-terughoudend	-Njommie wees/ inskottel wees
-hy kom teen skemer terug	-hy kom teen ske- mer terug	-hy kom vuil- -skemer terug
-Makietie hou	-makietie hou	-pakaas hou
-Maak gou!	-maak gou!	-gooi plat so wat jy kan!
-hy wou pa se guns wen	-hy wou pa se guns wen	-hy wou pa se voet val
-ryk grootword grootword	-ryk grootword	-volop
-redekwel	-redekwel	-hoehaai
-hou as ek sê hou:	-hou as ek sê hou:	-hook as ek sê ha:
-hy moor sy don- kies	-hy moor sy don- kies	-hy moerak sy pitkoppe
-hy ry spoggerig	-hy ry spoggerig	-hy ry juts
-hy's 'n flukse dier	-hy's 'n uithaler /flukse dier	-hy is 'n ge- dammasseerde

Uit hierdie tabel kan afgelei word dat die jonger Namakwalandse spreker oor die algemeen die standaardtaal begunstig, of elemente daaruit oorneem. Tog moet in aanmerking geneem word dat daar faktore is wat veroorsaak dat die ouer spreker meer na die standaardtaalvorme neig, en die jonger spreker ouer Namakwalandse taalvorme gebruik:

1. Ouer sprekers kan die standaardtaal idealiseer, dieselfde taalvorme by hul ouers geleer het, of middelpuntvliedend ingestel wees ten opsigte van sy gemeenskap.
2. Die jonger spreker kan homself as Namakwalander idealiseer, die ouer taalvorme by sy ouers aanleer, of min sosiale druk ondervind.

Ter wille van effektiewe kommunikasie "verstel" die Namakwalandse spreker sy taalinstrument sodanig dat hy verstaanbaar is, en by sy nuwe sosiale milieu kan inpas. Tog vind die ouer dialektiese verskynsels nog neerslag in pennevrugte van sub A-leerlinge wat nog nie die grafeemteorie baasgeraak het nie, en dan maar skryf soos hulle praat. Die sosiale druk vir standaardisering van die spreektaal het by dié gevalle blykbaar nog nie geslaag nie.

1. Spreker	Namakwalandse spreektaal x <u>standaardtaal</u>
ANNA-MARIE NEL SUB A:	
"Ek het 'n boek gelees.	
Toe <u>dunk</u> ek kom ver-	( <u>dunk</u> x dink)
tel vir <u>jili</u> dit is	( <u>jili</u> x julle)
die-sewe bokkies en	
die ma- Ma het die kos	( <u>mama</u> x (mamma) [a:] x [a])
gaan <u>hal</u> toe kom oom-	( <u>hal</u> x haal) [a] x [a:]
Wolf en eet sy klyn-	( <u>sy</u> x haar)
kies".	
2. JOHAN TOLKEN SUB A:	
"Op 'n dag se <u>rooie</u>	( <u>rooie</u> x rooi)
<u>kapie</u> vir sy <u>maa</u> .	( <u>kapie</u> x kappie) [a] x [a:]
	( <u>sy</u> x haar)
Ek sal proebeer	
die donkie tery as	
Hy nie wil nie nie	
wil stop nie sal ek	
in sy <u>oore</u> praat"	
3. HANNES ZANDBERG SUB A:	
"Jona het nie naa die	

Here ge <u>koo</u> toe gol	(ge <u>ko:</u> x gekom)
hull hom in die see	
toe sit <u>hin</u> vis hom	( <u>hin</u> x 'n)
in en toe spoel die	
vis hom uit"	

(Smith 1981 : 13).

Indien die drie opstelle met mekaar vergelyk word, kan 'n patroon geïdentifiseer word waar die sprekers dieselfde "foute" maak:

- Die neiging van die Namakwalander om die [a]-klank soms te verleng na [a:] (Vergelyk 4.2.1 se opstelevaluering);
- die verkorting van die [a:] na [a] (Vergelyk 3.2.11);
- die verlenging van die [ɔ]-klank (Vergelyk 3.2.11);
- die gebruik van hin i.p.v. in (Vergelyk 3.2.12), - en -
- sy i.p.v. haar (Vergelyk 3.2.15), dui op die afkoms van hierdie sprekers, en is dit duidelik uit die enkele voorbeeld van die leerlinge se spelprobleme dat hy die taalregister van sy Namakwalandse spreektaal gebruik om sy gevoelens, idees en gedagtes uit te druk.

#### 4.3. Kodewisseling

##### 4.3.1 Kodewisseling a.g.v. sosiale druk

Sosiale druk beïnvloed kodewisseling gedurig - nie van 'n onbepaalde punt in die verlede nie, maar as 'n teenwoordige sosiale krag wat deurentyd werksaam is

(Vergelyk Labov 1972 : 8). Hieruit kan afgelei word dat die oorsake van taalaanpassings sosiaal gemotiveerd is. Indien sodanige aanpassing suksesvol is ten opsigte van die gespreksgenoot of gespreksgenote, sal die Namakwalanders volhard in hierdie spesifieke taalgedrag. Indien die taalaanpassing van so aard is dat dit weinig of geen invloed op die gespreksgenoot of die toepaslike situasie het nie, of die spreker dit nie meer nodig ag om hierdie aanpassing te maak nie, sal die taalaanpassings nie meer gemaak word nie. Die taalgedrag van die spreker hang dus af van sy huidige situasie-analise ten opsigte van sy gespreksgenote en die prestigewaarde van 'n taalvorm.

Sturtevant (1947 : 74-84) meen tereg: "Before a phoneme can spread from word to word, it is necessary that one of two rivals shall acquire some sort of prestige." Die Namakwalanders moet gevolglik besluit dat die gebruik van spesifieke taalvorme in die plek van ander, vir hom voordeel of prestigewaarde kan inhou wanneer hy 'n situasie-analise maak.

Tydens 'n departementele seminaar van Nasionale Opvoeding het die voorsitter (oorspronklik van Namakwaland) van hierdie seminaar die hele program geleei in 'n akademiese praatstyl wat gekenmerk word deur die standaardtaal. Met die ontvangs van die notule van hierdie vergadering, het daar egter die Namakwalandse vorm van die besitlike voornaamwoord ons + se ingesluip, 'n aanduiding dat algehele standaardisering nog nie plaasgevind het nie, en dat die aandag verslap het:

"Vanweë die snelle ontwikkeling op ekonomiese terrein het 'n steeds groeiende vraag na opgeleide kantoorpersoneel ontstaan wat deeglik onderleg is in die sake- en beroepslewe. Dit is daarom van die grootste belang dat ons aan die vraag na effektiewe werkers voorsien deur dat ons onse voorbereiding deurdink en doeltreffend beplan."

#### 4.3.2 Sosiale stratifikasie en sentralisasie

Wanneer ons die Namakwalander wat homself steeds in Namakwaland bevind se kodewisseling vergelyk met dié van die Namakwalander buite hierdie streek, is dit opmerklik dat die meeste sprekers gewoonlik een styl op die platteland het, wat slegs op formele vlak minder idiomatiese uitdrukkings bevat.

Daar blyk ook nie 'n neiging tot die gebruik van

prestige-vorme te wees nie. Indien die spreker homself egter buite Namakwaland bevind, is daar meer geleentheid vir kodewisseling omdat baie soorte gespreksgenote hier saamgetrek is. Die gespreksgenote se agtergrond, verwagtings en roloverwantskappe ten opsigte van die Namakwalander veroorsaak 'n aansienlike toename in variasie.

Sommige woorde het 'n groter ooreenkoms met die standaardvorm wat hul fonetiese vorm of posisie in die taal betref as ander, ten opsigte van 'n verspreiding deur ouderdom en tyd.

Verander die neiging na kodewisseling dan ten opsigte van die ouderdomsvlak van die spreker?

Volgens Labov (1971 : 21) toon die aanname van 'n sekere klank/ taalvorm 'n gelykmatige toename soos die ouderdomsvlak toeneem en bereik sy piek tussen 31-45 jaar. In hierdie ouderdomsgleuf vestig die Namakwalander homself as lid van die gemeenskap en in sy professie. Na die ouderdom van 45 jaar het die individu 'n hoogtepunt bereik veral in werkverband, en neem sy lewenskragte stadig af. Veral die Namakwalander wat homself op hierdie ouderdom steeds in die gebied bevind, kan nie meer veel baat vind in die gebruik van prestigevorme in sy segswyse nie. Hy het sy vriendekring opgebou, sy reputasie gevestig, en

gewoonlik sy topskaal in sy werksituasie bereik. Die persoon tussen 31 en 45 jaar moet egter nog sy ideale verwesenlik en sy sosio-ekonomiese posisie bepaal. Hy idealiseer 'n sekere sosiale groep en neem hul uiterlike kenmerke aan soos taalmerkers. (Sien 4.4.1)

Bloomfield (1933 : 347) meen dat hierdie verandering 'n graduele begunstiging van sekere nie-distinktiewe variante en 'n nie-begunstiging van ander is. "Dit is verwyderd van die normale fluktuasie van nie-distinktiewe vorme en dit is ten alle tye hoogs waarneembaar."

Tog meen Bloomfield (1933 : 365) dat 'n akkurate fonetiese opname van 'n taal ons nie altyd kan vertel watter taalvorme wel-verander-het-nie. Die veranderinge wat ons waarneem is heel moontlik gevolge van ontlenings en analogieveranderings (Vergelyk 2.2.12, 2.2.16, 3.1.1)

Sosiale veranderlikes soos beroep en inkomste, opleiding en sosiale aspirasies, en gesindhede kan deur kruisverwysing met mekaar in verband gebring word. Wanneer die boeregemeenskap en die dorpenaars se neiging tot stylwisseling vergelyk word, wil dit voorkom asof die boeregemeenskap die meeste gebruik maak van die tiperende Namakwalandse segswyses, ook in formele verband. Hulle gebruik meer ouer Namakwalandse vorme (die jonger geslag in

'n mindere mate) wat nie veel verskil van die segswyses van die inwoners van die baie klein dorpies soos Kamieskroon, Kliprand, Nuwerus, Bitterfontein, Oukiep en Garies nie (Vergelyk uittreksels uit onderhoude in 4.1.1). Dit is egter in Springbok waar daar 'n sterk neiging tot groter kodewisseling bestaan, veral wanneer die gespreksgenoot 'n persoon is wat 'n hoë posisie beklee soos 'n predikant, of van 'n groter taalgemeenskap afkomstig is. Ingeslote by die laaste groep is die persone in die kleiner dorpies wat verder studeer het, en 'n hoë posisie in die samelewing beklee, byvoorbeeld onderwysers (Vergelyk bylaag H).

Tog wil dit voorkom asof die inwoners van kleiner dorpies graag deel van die Namakwalandse kultuur wil wees, en hoofsaaklik sy moedertaal gebruik om in die omgewing te kommunikeer. Indien 'n persoon afhanglik is van persone wat die standaardtaal praat, sal hul sy taalvorm navolg, maar die spreker se taalgedrag korreleer met uitdrukings weerstand van persone wat sterk teen invloede van buite gekant is, of persone met nuwe idees. Sentralisasie bereik 'n piek in ouderdomsgroep 35 - 45, en in hierdie ouderdomsgroep neem jy 'n verandering aan of jy laat dit. Hierdie groep verkeer onder 'n groter spanning as ander sprekers van Namakwaland. Die mans het sekere ekonomiese

welvaart bereik, en het intussen besluit of hy gaan bly en of hy die gebied gaan verlaat (Vergelyk Labov 1971: 30).

Baie persone was in die boere-oorlog, ander het têrsiere opleiding elders ontvang, en op 'n stadium moes hulle besluit of hulle in Namakwaland 'n bestaan wil maak of elders 'n lewe wil gaan soek met 'n hoër opleiding en natuurlik meer geld en groter erkenning op ander plekke. As daar persone is wat in altwee rigtings getrek word, kan daar linguistiese spanning ontstaan, soos blyk uit die volgende woorde van 'n persoon wat nie kan besluit of hy die gebied wil verlaat of nie. Die formeler taalkode is opmerklik wanneer hy na die "lewe daar buite" verwys:

"Nie, ek sal nou nie kan sê of ek wil weggaan nie. dis nou sô... ek wil ga' leer en dan probeer om in Kaapstad reg te kom. ma' nou is dit annerlik sô la' ek nou my pagoed help. Hy's te oud met die skaapwerk sam. ma' nou met die droogte weet 'n man nie of jy wil ga' of nie. Moe' jy nou die kans vat of almiskie kom die reën af..."

'n Hoërskoolleerling staan ook voor die keuse of hy in Namakwaland wil bly of nie. Indien hy nie daar wil bly nie, sal sy taalgedrag met sy strewe korreleer. Hy sal homself in 'n ander gemeenskapspatroon voorstel en van die ouer vorme agterweé laat ten gunste van die milieu waarin hy homself graag sou wou sien.

Die distansiëring van een groep en vereenselwiging met 'n ander groep sal in sy taal reflekteer

(Vergelyk Labov 1972 : 34). Die middelpuntvliedende en middelpuntsoekende kragte wat hier aan die werk is, bepaal uiteindelik watter variëteit voorkeur sal geniet.

Aanvaarding of verwerpning deur 'n groep bring dieselfde taalgedrag tot stand.

Opsommenderwys kan gesê word dat wanneer mens opsetlik vorme soos bôjaan, Optoormaand, Agusmaand, gramte, oolfante ens. in 'n onvanpaste geleentheid gebruik, jy onbewustelik besig is om te beklemtoon dat jy van hierdie spesifieke taalgemeenskap afkomstig is, dat jy 'n inwoner van 'n gebied is waaraan hierdie taalvorm behoort, en tevrede is met die stand van sake.

Waarom word sentralisasie egter sterker in die jonger ouderdomsgroepe? Dit wil voorkom asof verskillende groepe met verskillende uitdagings in aanraking kom. Vir die jonger generasies word die uitdagings sterker as gevolg van groter kontak met gespreksgenote van moderner taalgemeenskappe. Hulle ondervind egter groter sosiale spanning in taalsituasies om die volgende rede. Labov (1972 : 36) wys daarop dat die ouer generasies verwys na vorige generasie se taalwaardes, en hulle vorm dan 'n

verwysingsgroep. Die meer prominente figure in die ouer generasies dien as verwysingspersone, en hulle word dan ideale navolgingsmodelle. Die skielike toename in die gebruik van ander taalvorme as sy eie moedertaal begin met daardie persone wat in kontak kom met ander taalgemeenskappe of kimmers, of persone wat die plek moet verlaat en homself moet handhaaf in 'n nuwe gemeenskap. Die aanname van ander spraakvorme is gevvolglik 'n onderdeel van Namakwalands wat vir jonger lede van die gemeenskap 'n simbool is van die ouer generasie wat dan vir hulle as verwysingsgroep dien.

Indien 'n persoon wel in Namakwaland wil aanbly, bly hierdie model van 'n ongeïnhieberde boeregemeenskap met behoudende idees nou vooropgestel in sy gedagtes. As hy egter wil weggaan, gaan hy vir homself 'n ander verwysingsgroep soek om homself te kan handhaaf, en die invloed van die ouer gespreksgenote word minder.

#### 4.3.3 Vooronderstelling en vooroordeel

Sosiale variasies in die taal kan ontwikkel deur sosiale buffers en sosiale afstand. Die verspreiding van 'n linguistiese kenmerk in 'n gemeenskap mag gestuit word deur vooronderstellings van sosiale klas, ouderdom, ras, religie en ander faktore. Sosiale afstand mag dieselfde effek hê as geografiese afstand: 'n linguistiese innovasie wat moontlik in hoër klasse begin, sal die laer klasse die laaste beïnvloed, met inagnome van die houding ten opsigte van verandering (Vergelyk Trudgill 1974 : 35).

---

Vooronderstellings word aangetref op elke vlak van spraak; gestel dat 'n tiperende woord van die Namakwalandse segswyse ander woorde voorafgaan. Die woorde wat sal volg, sal woorde op dieselfde vlak wees. Verander die houding van die spreker egter, sal 'n nuwe taalvlak aangepak word. Die gebruik van elke vlak is afhanklik beide van die bekendheid van die sprekers, en hul relatiewe status (Vergelyk Trudgill 1982 : 109).

In die volgende brief aan die pers word die selektiewe aanwending deur die skrywer van die standaardtaal as spreektaal aangedui omdat die Namakwalandse spreektaal nie sou spreek tot 'n volk wat 'n wanindruk het oor toestande in Namakwaland nie:

"Die berig oor Namakwaland in Rapport van 1 Februarie gee 'n skewe beeld van die gebied. Dit is waar dat Namakwaland net soos die res van die land getref word deur die kwaai droogtes van die afgelope jare en die inflasionistiese depressie wat ons tans beleef. Dit is ook so dat oneconomiese boerdery-eenhede geabsorbeer is deur sterker boere. Namakwaland is egter nie besig om te sterf nie. Ons is nie bewus van enige iemand wat so afgesondert leef dat selfs die Evangelie hom nie kan bereik nie. Die probleem van die boerdery en mynbedryf hier is dus tydelik van aard. Wat betref die twee voorbeelde van agteruitgang wat u noem, net dit: die vernaamste rede waarom Wallekraal leeggeloop het, is omdat die meeste grond daar aan die De Beers-myne behoort en hulle nie meer hul grond verhuur nie. Wat Soebatsfontein betref, is daar nie net die klompie gesinne op die dorp nie, maar ook 'n stuk of sestien of sewentien boere in die omgewing, onder wie drie jong boere wat binne die laaste paar maande tot die boerdery toegetree het. Ons kan u ook verseker dat hier wetenskaplik geboer word, dat hulle hul windpompe in orde hou sodat geeneen, soos u beweer, treurige en blikkerige geluide maak nie"

(Van der Westhuizen 1987 : 20).

Hierdie taalverskynsel word teweeggebring deur die instinktiewe besef deur die betrokke skrywer dat sekere taalgedrag meer suksesvol is in sommige taalsituasies as ander. Om sekere doelwitte in sy werk, sosiale omgewing en die gemeenskap in die algemeen te bereik, gaan die Namakwalanders homself vervolgens toerus met 'n paslike taalmondering.

Die taalmondering wat die Namakwalanders sal "dra", gaan alle moontlike eienskappe besit van meer suksesvolle taalgedrag soos deur hom waargeneem in sy talle interpersoonlike verwantskappe. Deur hierdie kodewisseling poog die Namakwalanders om van die leemtes wat sy eie taal soms mag hê te ontkom, in dié geval die feit dat Namakwalanders nie 'n skryftaal is nie, behalwe in literêre werke.

Eenvormigheid van taal is 'n idilliese, teoretiese begrip wat moeilik op taalgebruik afgedwing sal word. Die teendeel is waar: indien die Namakwalandse spreker oortuig daarvan is dat 'n ander taalkode vir hom meer voordeel inhoud as sy eie, sal hy dit in 'n kommunikatiewe situasie verkies, om die volgende redes:

1. Hy verkry eienskappe van die "prestige"-taalkode wat hy nou navolg deur nabootsing van 'n rolmodel uit die betrokke gemeenskap waaruit hy die taalmerkers ontleen;
2. Die gebruik van die "prestige"-taalkode integreer hom outomaties in die betrokke gemeenskap, omdat taal 'n merker van 'n samelewing uitmaak, en sodende verkry hy die betrokke gemeenskap se identiteit van superioriteit wat hom in die eerste instansie oorreed het om kodewisseling toe te pas;
3. Die spreker word gelykwaardig aan lede van die gemeenskap wie se taalkode hy navolgt, gestel, en verloor in 'n mate die etikettering wat sy eie segswyse kan meebring ten opsigte van sosio-ekonomiese kriteria; en
4. die gelykwaardigheid wat die spreker nou beklee, kan voordele inhoud in die werksituasie, die kulturele, akademiese en die sosiale lewe.

Dit wil voorkom asof Namakwalandse sprekers soms bewustelik taalmerkers van 'n superieure dialek gebruik in sosiale situasies wat 'n beroep doen op prestige. Oppervlakkige taalmerkers soos tussenwerpsels, word soms hiervoor ingespan. 'n Sodanige spreker wat homself aan die Witwatersrand bevind het, het na 'n kort periode die volgende tiperende tussenwerpsels van hierdie gebied gebruik:

"Hey, ek verstaan nie mooi nie?"

"Wow, dis mooi!"

"Jis, wat kan ek vir jou doen."

'n Namakwaler wat hom tans in Bloemfontein bevind, het gou die tussenwerpsel né aangeleer in voorbeeld soos:

"Toe vat die man die bôl da', né"

waar die Namakwalanders op die Knersvlakte eerder die tussenwerpsel "of hoe sê ek dan nou" sou gebruik.

Tiperende Namakwalandse tussenwerpsels soos opgeteken is tydens waarneming, klink eerder so:

"Da' ga' dit nog goed hierie kant, e' sô aan."

"Nie, dit gaan darem maartjies aan. e' dié klaste van ding dan"

"Ma' my liebeste magtie, la' ek perbeer"

"Nou watsem... ek ga' aan"

Volgens Trudgill (1982 : 14 - 19) is taal as 'n sosiale fenomeen nou betrokke by die sosiale struktuur en waardesisteem van 'n gemeenskap, en word verskillende dialektes en aksente op verskeie maniere geëvalueer. So het die JOT (Johannesburgse Omgangstaal) in bogenoemde geval meer status en prestige vir die Namakwalander gehad as sy eie spreektaal (Vergelyk Trudgill 1982 : 14 - 19).

Alhoewel die variëteit wat die spreker gekies het ook 'n laefunksie-variëteit is en baie van die standaardtaal verskil, het hierdie kodekasse vir die spreker meer sosiale voordele ingehou as sy eie spreektaal, in hierdie geval Namakwaland en deur die betrokke taalmerkers aan te neem van die JOT, kon hy bewustelik of onbewustelik hoop om as deel van dié betrokke groep beskou te word, wat 'n moderner lewenswyse, 'n meer liberale lewensbeskouing, en groter materiële welvaart beleef as die inwoners van Namakwaland (Vergelyk Du Plessis in Claassen en Van Rensburg 1983 : 43).

'n Effektiewe maatstaf vir 'n spreker se agtergrond is nie slegs die woorde wat gevouer word nie, maar ook die wyse waarop dit gesê word. Aksent (Eng. accent) en spraak (Eng. speech) wys onteenseglik die herkoms van die spreker uit, met ander woorde, dit neig om 'n persoon te kenmerk as besitter van 'n spesifieke agtergrond, en gee 'n aanduiding van selfs idees en houdings deur die afkomsgroep gehuldig (Trudgill 1974 : 14).

Namakwalanders wat buite hul eie streek 'n heenkome vind, interpreer soms hierdie etikettering op 'n negatiewe wyse. Vanweë die ontwikkelingspeil van die Namakwalandse streek, en die vergelykings wat met ander streke van die land getref word ten opsigte van sakegebiede, kultuurfasiliteite en lewenswyse, staan die Namakwalander soms gekenmerk as 'n persoon uit 'n lae sosio-ekonomiese klas. 'n Boorling van die gebied som hierdie laestatus-sindroom soos volg op: "Niee..... julle sê mos o's is agterrieklip, e' lat o's die bokke nie strate melk." Dit is ook opmerklik dat bewoners van die bufferstreke van Namakwaland ontken dat hul enige deel van Namakwaland vorm, of hul eiesoortige taalgebruik besig. Die inwoners van Vredendal, Clanwilliam en sommige van Vanrhynsdorp, maak graag

daarop aanspraak dat hul deel van die Boland is.

Sommige Namakwalandse sprekers is gedwing om die standaardtaal of ander dialektiese vorme te bemeester vanweë onbevredigende belewenisse in sy eie taalgemeenskap, terwyl party in ander taalgemeenskappe tuis voel soos in sy eie. Sy taalaanpassings ten gunste van die ander vorme van taal mag impliseer dat die ander taalgemeenskappe vir hom 'n verwysingsraamwerk word (Lambert 1967 : 91 - 108).

Sportsituasies word gekenmerk deur die verdwyning van sosiale verskille, waar die Namakwaler en sprekers van oor die land, terme gebruik soos driedruk, lynstaan, skrum, hoekie, dribbel, doel, ens. Tog praat die Namakwaler onderling van tôkke (rugbystewels), jirsie (trui), sokkies (rugbykouse) en bôlle (balle). In kontak met ander taalvariante, neig die Namakwalandse spreker om te konformeer ten opsigte van sy segswyse, vanweë die kwalitatiewe en kwantitatiewe superioriteit van ander en groter klubs, en sportgebiede. Die taal dien as instrument vir die Namakwaler om gouer aanvaar te word in 'n groep, hetso op sport-, werks- of sosiale gebiede (Vergelyk Lambert 1967 : 91,108)

Intieme ontlenings kan deur verskillende faktore teeëgewerk word. Wanneer Namakwalandse sprekers 'n klein minderheid vorm, kan hul mettertyd oorheers word deur 'n superieure groep in 'n bepaalde gebied. Al word met die onbeholpenheid van sy "inferieure" inheemse taal gespot, waardeur sommiges (veral in die omgewing waar sy meerderes op kultuurgebied die sterkste optree, soos in die administratiewe en vernaamste stede) daartoe gedwing word om die sogenaamde "superieure" taal aan te leer, is daar altyd die dorpies soos Nuwerus, Garies, Kliprand, ens. waar die Namakwlanders nog in onversteurde gemeenskappe woon, en die vreemde invloed nie sterk genoeg is om die inheemse idioom te verdring nie.

In dergelyke omgewings het die moedertaal steeds 'n sterk weerstand teen die standaardtaal gevorm, soos in 4.2.2. uiteengesit word.

(Vergelyk Sapir 1925 : 153).

Arno van Zyl van Springbok spreek hom uit oor hierdie bewustelike verskil van die standaardtaal in sy kontrei op die program SPIES EN PLÉSSIE. MET PERMISSIE: "Hoe sé o's da': 'n Man mekeer ...hy vloor (as iemand weggraak) ... ek het nou gewonner wat 'n man spietkop in Afrikaans noem maar toe meer ek dis ók 'n spietkop... In Namakwaland kort ons mar af. ôrlat o's soe

stadag praat."

Die distansiërfaktor spreek uit sy verwysing na die standaardtaal as Afrikaans, met die implikasie dat Namakwalands 'n heel ander taal is. Sinspeling of sosiale vooroordele lê in die fyn spot van die laaste sin.

#### 4.3.1 Die integrasie van makro- en mikroparameters

Die situasionele analyse van taal en gedrag verteenwoordig die grense tussen mikro- en makrososiolinguistiek. Die verskynsel dat 'n klubpraatjie tot 'n ander spraakvariëteit behoort as 'n ekonomiese lesing, is 'n belangrike sleutel tot 'n meer veralgemeende beskrywing van sosiolinguistiese variasie. Die feit dat humor gedurende 'n formele lesing realiseer deur 'n metaforiese oorskakeling na 'n ander variëteit moet 'n bewys wees van 'n onderliggende sosiolinguistiese gebeurtenis wat gereeld plaasvind, gebaseer op die gewaarwording dat die Namakwalandse spreektaal dalk tydens 'n humoristiese situasie gepas sal wees, maar moontlik nie tydens die lesing nie (Vergelyk Gumperz 1968 : 407 - 34).


Die spreker kan ook bewus wees van die feit dat die standaardtaal hier 'n meer paslike keuse sal wees.

Sonder hierdie besef, of algemene norm wat 'n spesifieke onderwerp of situasie koppel aan 'n spesifieke spreektaal eerder as aan 'n ander, sou die Namakwalander se aanpassing buite sy eie milieu in kommunikatiewe situasies moeilik wees (Vergelyk Fishman 1972 : 28).

Terreine van taalgedrag het sy oorsprong by die spreker se intuisie vir die paslikste taalaanwending. Tydens die televisieprogram, SPIES EN PLêSSIE, MET PERMISSIE, het McMinnamin, wat op Springbok getoë is, situasie-analise soos volg opgesom:

"Nie, kwit, tot'n dood sal ek dit (Namakwalands) nie afleer nie. Maar die ding is nou ... as jy nou onner watter omstandighede is da' moe' jy nou 'n bietjie annerster, wa' da' kom jy nou in 'n kêffie in e' jy sê: 'Ag, Antie, gie vir my 'in boks mêtjies asseblief, e' da' lag die do'ners vir jou ..."

Die verskillende taalterreine besit dan hierdie situasieveranderlikes in grade van relativiteit, en word soos volg voorgestel:



TENTATIEWE SKEMATIESE ORDENINGSFAKTORE IN SPRAAKGEBEURE  
 VIR KODEKEUSES BY DIE NAMAKWALANDSE SPREKER  
 (Gebaseer op teoretiese uiteensetting van Sankoff 1972 : 44).

Deur die eis van die verstaanbaarheid van taal en taalgebruik (Vergelyk 4.1.1.5) is die mens enersyds gebonde: hy het slegs speelruimte binne sekere perke. Die spreker tree terselfdertyd op as boer, hy is ook diaken, sportman, politikus, baas, vader en vriend, en kan in enige kombinasie van hierdie rolle pas. Hy is ook in kontak met sy gemeenskap deur middel van die pers, tydskrifte, radio en televisie. Hy moet elke dag met allerlei soorte mense omgaan, hul aanhoor en verstaan, of moet ook verstaan word (Vergelyk Boshoff 1963 : 18).

Indien die spreker sy roloverwantskappe met taalterreine baseer op persepsie van die tiperende woorde, uitdrukings, uitspraak en sinsformulerings van ouoritêre sprekers op daardie spesifieke taalterreine, is die moontlikheid om as kommunikeerder te slaag op daardie taalterrein nou groter, as wanneer hy sy eie dialektiese vorme sou toepas. (Vergelyk die artikel in 4.3.3)

Die artikel van J.C. van der Westhuizen, voorsitter van die Namakwalandse Boere-unie, sou heel anders klink met Namakwalanders as gespreksgenote. Die volgende uittreksel van hierdie artikel, vergelyk met 'n prototipe van die tipiese Namakwalandse segswyse, beeld die formele en informele situasie uit, wat verband hou met die status van die gesprekgenoot of medium van taalgebruik:


Formeel: "Die berig oor Namakwaland in Rapport van 1 Februarie gee 'n skewe beeld van die gebied. Dit is waar dat Namakwaland net soos die res van die land getref word deur die kwaai droogtes van die afgelope jare en die inflasionistiese depressie wat ons tans beleef" (Van der Westhuizen 1987 : 20)."

Informeel: "Nie kwit, da' sê die kjêrel wrat tag dat ons agterrie klip is innie Rapport van ien Feberwarie. Da' issit so la' die drô'gte algar eietyd slan, e' lat o's met die droëntyd sam, half skjêrp die been moet afkoerie".

Uit bovenoemde voorbeeld wys die skryftaal homself uit as 'n formele medium. Juis om die "lae status" van Namakwaland te verdedig, word die standaardtaal aangewend in die artikel, wat

geassosieer word met 'n "hoër" status.

Hierdie neiging van die spreker om 'n meer "superieure" variant in formele situasies te gebruik, kan soos volg voorgestel word:



# TAALKUSE IN MULTIDIALEKTISE SITUASIES VAN DIE NAMAKWALANDSE SPREKER

(Aangepas uit Trudgill 1982 : 35).

#### 4.4 Hiperkorreksie tydens kodewisseling

In die mees formele situasie toon sprekers die neiging om te correageer met prestige-woorde (Trudgill 1982 : 113). Vanweë 'n sosiale ongemaklikheid in formele situasies wat vir die inwoner van Namakwaland soms 'n rare situasie kan wees, kan 'n oorreaksie met prestige-woorde wel plaasvind.

'n Kenmerkende oorreaksie met prestige-woorde word vergestalt in die gebruik van hoë woorde, wat soms onvanpas is in die konteks, of die verafrikaans van anderstalige woorde, in vorme soos:

- "Wil jy nie prosedeer nie" (Mc Minnamin : Spies en Plêssie ... met permissie);
- Die vuur maak vlambou (Frans ; flambeau);
- Hy is 'n boordslid (Engels : board);
- Die motor is possetief mooi (Engels : positively);
- Jy moet eers alles viesenteer voordat jy optree;
- Hy het referensie kom soek (Kotze 1975 : 39);
- Jy sal nie alles kan verkonsemeer nie (verteer. eet).


#### 4.4.1 Die Namakwalander se spraakbesluit

Die Namakwalander neem gereeld 'n spraakbesluit.

Sou die gesprek in die Namakwalandse spreektaal geskied, sal die gespreksgenoot 'n boorling, of inwoner uit eie gebied wees. Hy sal meer aandag aan sy taal bestee met die toename van spanning in die situasie.

Gesprekke in die standaardtaal sal in formele situasies soos tradisionele geleenthede, religieuse byeenkomste, en besigheidstransaksies gebruik word. Informele taalgebruik soos in briewewisseling en gesprekke tussen mede-Namakwalanders of ontspanne gesprekke met nie-Namakwalanders, kan voorspelbare response ontlok. In spesiale omstandighede soos tydens onderhoude, waar "verhewe taal" gebruik word, en onder normale omstandighede, waar taalmerkers van die standaardtaal deur die Namakwalander gebruik word, skyn dit ook die geval te wees.

Die spraakbesluit wat deur die Namakwalandse spreker in taalsituasies geneem kan word, kan tabellaries voorgestel word:



## DIE SPREEKBESLUIT VAN DIE NAMAKWALANDER IN FORMELE EN INFORMELE SITUASIES

Die afleiding word gemaak dat die Namakwalandse spreker sy natuurlike moederdialek in gespreksituasies gebruik om sy subjektiewe gedagtes te openbaar. Wanneer 'n formele taalsituasie egter opduik, is hierdie taalvorm 'n ongelukkige keuse. 'n Prototipe van die tiperende gedagtepraat van die Namakwalander om die vloeigang van die segswyse aan te dui, is soos volg:

"Nou is dit die einde van die reën af, of hoe sê ek da' nou,  
e' met die koud sam voel ek hulle darm mar, e' die klaste va'  
dinge dan, e' da' sit die blom nog op hulle se hurke, of  
sô..."

Die gedagtepraat sluit eiesoortige bysinne en sinsnedes in, wat sy gedagtes saambind tot 'n geheel. Tydens 'n formele gespreksituasie, val hierdie bysinne en sinsnedes weg, terwyl die spreker nou meer aandag aan sy taalgebruik skenk. Na bovenoemde eensydige telefoongesprek afgehandel is, het die spreker die aangehaalde gedeelte soos volg verduidelik: "Nie, die reën is nou verby da: volgens die koue, e' da' is die blomme ook nog klein." Volgens Hymes vergesel 'n frons en 'n gespanne gesig gewone formele taalgebruik in 'n gespanne situasie. 'n Verandering in uitspraak en die gebruik van eiesoortige idiome ontbreek. Terselfdertyd word 'n neiging openbaar om kort preekstyl sinne te gebruik (Hymes 1966 : 270).

#### 4.4.2 Spanning by taalkeuses

Die Namakwalander kom in 'n groot mate in kontak met die standaardtaal in skoolverband, en spesifiek in die klaskamer.

Indien die onderwyser self 'n gebore Namakwalander is, sal Namakwalands manifesteer op die sportveld, en ander informeler aktiwiteite in skoolverband. Die standaardvorm van Afrikaans word gevvolglik in 'n gedwonge formele situasie aangeleer, op 'n gereelde basis. Dit blyk uit skriftelike opdragte wat deur leerlinge voltooi is dat hul wel redelik tot goed onderleg is die Afrikaanse taalreeëls, maar dat op informele en soms in formele situasies met 'n laer spanningselement, teruggeval word op Namakwalands.

Tydens debatte lewer die sprekers 'n redelike weergawe van die standaardtaal, maar tydens oop besprekings kom Namakwalands ook voor, byvoorbeeld: "Meneer die seremoniemeester, ek wiet nou nie mooi van daardie stelling van Koos Pens nie. Smaak my die man was noggie oor die grens nie. of hoe sê ek dan nou?" Die [e]-klank in weet, en seremoniemeester word 'n [i]-klank, en eiesoortighede soos "smaak my" en "of hoe sê ek dan nou", kom ook voor. Sintaktiese verskille soos "wiet nou nie mooi van" verskil ook van die formeler inhoudelike van die toesprake as sodanig.

#### 4.4.3 Taalstyle by die Namakwalandse spreker

Sprekers se taalgebruik beweeg of op 'n skaal van formeelheid, wat style aandui om 'n situasie verbaal te hanteer, of wissel van een dialektiese vorm na 'n ander - die situasionele variasies of style is duidelike sub-variasies van een streeks- en/of sosiale streektaal (Vergelyk Trudgill 1974 : 115). Daar is geen eenstylige spreker nie. Sommige informante vertoon 'n groter verwisseling van style as ander, maar elke spreker sal 'n verskuiwing van linguistiese veranderlikes toon met die wisseling van sosiale konteks, en verandering van onderwerp (Vergelyk Labov 1972 : 30 - 87).

Vier verskillende style kan onderskei word wat varieer vanaf die informele spraak, deur formele taal en leestaal, tot die formeelste praatstyl. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat verskille in die sosiale konteks (gedefinieer om die gespreksgenoot, spreker, onderwerp en situasie in te sluit), lei tot die gebruik van verskillende style. Hierdie style word gekarakteriseer deur verskille in woordeskat, insluitende aanspreekvorme, grammatika en

uitspraak. Dit kan beskou word as variëteite binne 'n dialek, aangesien dit voorkom in 'n spreker se taal as 'n respons op stimuli uit die sosiale konteks, en toon steeds eienskappe van die spreker se gewestelike en sosiale agtergrond (Vergelyk Trudgill 1974 : 115). Wat die aard van die enkeling se taal is, hang af van sy leeftyd, sy ervarings en ontwikkeling, sy bedryf en bedrywighede, oortuigings en opvattings, die maatskaplike en beroepskringe waarin en waarmee hy verkeer, ensovoorts. Elkeen leef in 'n eie wêreld en hoef ten opsigte van sy taalgebruik geen toneelspeler te wees as hy telkens sy taal by allerlei situasies aanpas nie.

'n Dosent in Handelsreg-(35 jaar) wat gebore en getoë-is in Namakwaland, het die kodewisseling goed gedemonstreer in die volgende situasie wat tydens 'n lesing vir N4-studente by 'n kollege wat oorwegend Standaard-Afrikaans as moedertaal het, ontstaan het: "Verjaring begin loop vanaf die dag waarop die skuld betaalbaar is. of vanaf die datum waarop die skuldenaar ... Jong. ek steek sommer jou boek brand: Watse annerlike dinge skryf jy in jou boek? Julle kjenner sal lat êk op dôt ..."

Tydens die formele klassituasie is die standaardtaal se sinskonstruksie en segswyse toegepas.

Die Namakwalandse spreektaal is egter toegepas om

sy diepste emosies en gevoelens weer te gee. Die standaardtaal is dus verteenwoordigend van die formele taal en die Namakwalandse spreektaal van informele taal in hierdie situasie.

Dit is geen buitengewone verskynsel as die Namakwalandse spreker sy formele taal skielik afwissel met informele taal, of sy informele taal met formele taal nie (Vergelyk Boshoff 1963 : 15). Hymes benadruk dat faktore soos persoonlikheidsverskille tussen sprekers ook bestaan, en vervolgens taalresponse beïnvloed (Vergelyk Hymes 1966 : 258).

Persone leer taal aan en verander daaraan tot die ouderdom van twintig, en bring later weinig veranderings aan (Koefoed 1978 : 196, 197).

(Vergelyk ook 4.3.2)

#### 4.4.4 Eaktore wat 'n rol speel by die keuse van taalstyle

(Vergelyk 1.1.3)

(a) Die dimensie van die medium: Spreektaal en skryftaal se style sal drasties van mekaar verskil. In die kinderopstelle is daar aanwysinge van die groeiende intensie van die skoolkind om standaardtaal te skryf, wat uiteindelik suksesvol aangewend word deur die

ouer lede van die gemeenskap. Tog word die Namakwalandse spreektaal ook in fiksie aangewend om hierdie omgewing se leefwyse en karakters uit te beeld. Skrywers soos Theuns Kotze, Theo Potgieter en A.A.J. van Niekerk gebruik hierdie eiesoortigheid van segswyse en doen van die Namakwaler om hul boodskap by die leser tuis te bring.

Uittreksels uit A.A.J. van Niekerk se werke dui op die eie taalbesit van sy Namakwalandse karakters:

"Net onsmaaklik humeurig. dwars-in-die-weg en botterkopesel-koppig" (Van Niekerk 1980 : 109).

"Vat vir Emma. maar moenie by my kom sta' kla'" (Van Niekerk 1980 : 112).

"Laat kom daar sommer voor die voet. laat ek vyf-en-twintig aftel" (Van Niekerk 1980 : 113).

(b) Die rol van die onderwerp in die gespreksituasie

Die feit dat twee individue wat gewoonlik met mekaar in die Namakwalandse spreektaal gesels tog soms na 'n ander kode oorslaan, bevestig die rol wat die onderwerp speel as 'n reguleerder van taal in multidialektiese situasies (Vergelyk Fishman 1972 : 15).

Sommige taalkodes hanteer sekere onderwerpe beter, of meer toepaslik in spesifieke taalsituasies. Hierdie toepaslikheid kan veroorsaak word deur verskeie faktore. Die spreker kon die gewoonte aangeleer het om 'n sekere soort onderwerp in die standaardtaal te bespreek, veral wanneer hy onderrig is daarin. Hy het byvoorbeeld universitêre opleiding in Ekonomiese ontvang in die standaardtaal, gedeeltelik as gevolg van die feit dat sy eie dialek nie voorsiening maak vir hierdie terme nie. By Nuwerus word steeds speels verwys na eenrandmuntstukke as "ponde", en ander muntstukke as "pennies" wat nie in die besigheidswêreld buite die gebied sal deug nie.

---

Die kodekeuse ten opsigte van taalterreine hang gevolglik af van die spesifieke vraagstuk op hande.

Volgens Fishman (1972 : 31) is daar geen meganiese verwantskap tussen mikro- en makrososiolinguistiek nie, en is beide konseptueel en metodologies komplimentêr. Die spreker se kodewisseling verskil van die een situasie tot die volgende en hang af van die

gesindheid van die spreker. Hy mag in kleiner groepsverband 'n heel ander kodekeuse openbaar as in 'n groter groep, wat steeds dieselfde situasie-elemente bevat.

(c) Die linguistiese en kulturele kennis van die gespreksgenoot

Die taal en styl wat 'n spreker aanwend in enige gespreksituasie sal die gespreksgenoot se kennis akkommodeer. Daar is altyd 'n mate van veronderstelde kennis tussen gespreksgenote om 'n gesprek op te baseer. Die faktor sluit aan by die basiese gespreksreeëls wat nagekom word en berus op duidelike, relevante, voldoende inligting wat in binnegroep- asook intergroepverband uitgeruil word. Oortreding van die basiese kriteria vir sinvolle gesprekvoering, impliseer ook die verontagsaming van die gespreksgenoot as determinant in 'n situasie.

(Vergelyk die voorbeeld in 4.4.3)

#### 4.5 Begrip en Misverstand

Die basis vir 'n sinvolle gesprek is verstaanbare en gedeelde kennis. Die gespreksgenoot se ouderdom, beroep, algemene kennis en gespesialiseerde kennis ten opsigte van 'n onderwerp is bepalend vir 'n sinvolle gesprek. In hierdie gesprek hang die wedersydse begrip

en die korrekte interpretasie af van die mate van gedeelde linguistiese en kulturele kennis wat daar tussen gespreksgenote bestaan.

Verwarring mag voorkom waar die gespreksgenoot van die Namakwalander nie op hoogte is van die Namakwalandse segswyse nie, soos byvoorbeeld die woord boud: Die Namakwalander sien die boud as deel van die menslike anatomie wat strek vanaf die knie tot by die heup, soos die boud van 'n skaap. Boud vir 'n standaardtaalspreker impliseer gewoonlik die sitvlak, en hy onderskei daarmee die bobeen en sitvlak van mekaar, soos in 3.2.17 uiteengesit word. (Sien bylaag C vir verdere voorbeeld)

Grammatiese verskynsels soos die gebruik van die persoonlike voornaamwoord kan onduidelikheid in die taal in die hand werk. Die voorkoms van hy in 'n sin kan heel moontlik 'n vroulike persoon aandui, en indien die gespreksgenoot nie hiervan bewus is nie, kan die kommunikasieproses hierdeur versteur word (Vergelyk 3.3). Veral op vakkundige terrein is 'n uniforme woordeskat tussen werkers noodsaaklik. Indien die Namakwalandse spreker 'n gespesialiseerde rigting in sy werksituasie navolg, sal hy spesifieke taal moet gebruik wat gekoppel is aan die bepaalde vakterrein. Sy eie moedertaal sal

hier ontoereikend wees. In die ekonomiese wêreld sal Namakwalandse verwysing na rande as ponde nie deug nie. Gowwerment, pôlieste, mouter, Groot Skuur (Grootte Skuur) en ander tiperende woorde van hierdie spreektaal is ook 'n ongelukkige woordkeuse indien die spreker suksesvol in die sakewêreld wil kommunikeer (Vergelyk bylae A, B en C vir verder voorbeeld).

#### 4.5.1 Betekenisverandering

Die woord wat vir 'n sekere begrip gebruik word, mag dieselfde bly terwyl die begrip of betekenis deur die jare verander. Verstaanbaarheid en suksesvolle gesprekvoering kan hierdeur geraak word.

- Motorkar het oorspronklik uit die woord perdekar gegroei. Die Namakwalandse spreker gebruik die woord mouterkar in sy informele taal en die woord kar in formele taal.
- Remedie was oorspronklik 'n sinoniem vir kuur. Dit word egter gebruik in die sin van suinig werk met iets.

Betekenisverandering vind plaas in voorbeelde soos die woord boud soos vroeër in 4.5 uitgewys is.

#### 4.5.2 Funksieverandering

- Voorsetsels dui gewoonlik 'n posisie aan ten opsigte van die onderwerp en voorwerp, of enige sake. In die Namakwalandse spreektaal verkry die voorsetsel egter werkwoordstatus:

Toe oor ek die vrou om die lig aan te sit (oorbuig)

Toe oor hy die beult

Hv uit die huis

Hv onder hom gou

- Enkelvoud kry ook meervoudstatus:

Die skaap döt op hin streep

Daar was baie mens in die lorrie

Alhoewel betekenis afleibaar is uit die konteks, is eiesoortige segswyse nie in alle gevalle, en teenoor alle gespreksgenote gepas nie. Met 'n standaardtaalspreker as gespreksgenoot sal die Namakwalerder sy eie taal met standaardvorme probeer aanvul indien hy die norme ken. Standaardisering op mikrovlak kan stelselmatig tot verdere standaardisering lei, 'n geval van herskepping van die taalkode.

#### 4.5.3 Herskepping van die taalkode

In multi-dialektiese situasies is een party se taalvariant soms wensliker as gevolg van politieke, ekonomiese en kulturele superioriteit. Hierdie party kan die Namakwalanders oorreed om kodewisseling toe te pas in hierdie betrokke situasies, omdat hierdie taalkode meer sukses sal behaal as sy eie. Die gevolelike eenvormigheid in die situasie impliseer effektiewe kommunikasie. (Vergelyk Van der Merwe 1969 : 155).

Die Namakwalanders poog om effektiewe kommunikasie te bewerkstellig sodat sy boodskap suksesvol oorgedra sal word aan die gespreksgenoot. Die gespreksgenoot word vir die Namakwalanders 'n kommunikasiemodel wat hy doelbewus probeer nastreef indien hy (die gespreksgenoot) suksesvol sou wees in 'n kommunikatiewe situasie. Labov (1972 : 323) verwys na die "destroy and rebuild"-teorie, en wys op die analogiese herskepping van die woordeskata ter wille van verstaanbaarheid.

Dit is dan juis ook die destruktiewe aard van die kodekeuse wat die spreker gedurig moet maak wat 'n meer sistematiese aard aan sy eie moedertaal gee.

Deur die eliminering van eie taalvorme en die opbou van  
'n toepaslike segswyse ten opsigte van die betrokke  
situasie deur die oorname of ontlening van taalvorme van  
die ander taalkodes in die situasie poog die  
Namakwalanders om hierdeur sy boodskap korrek oor te dra.

#### 4.6 Samevatting

Die Namakwalander bevind homself soms in situasies waar Namakwalanders nie die enigste variant van Afrikaans is wat gebesig word nie. Alhoewel lede van 'n Afrikaanse gemeenskap wat elk 'n verskillende taalvariant as taalkode gebruik, mekaar goed sal verstaan, blyk dit duidelik uit die veldnavorsing wat gedoen is met Namakwalanders as datapersone, dat die gewoonte wat sprekers ontwikkel om in sekere situasies kodekeuses te maak, nie 'n vrye keuse is nie. Hierdie keuse word bepaal deur verskeie faktore. Effektiewe kommunikasie beteken dat slegs een van die beskikbare taalvariasies in die taalsituasie gekies sal word ooreenkomstig die tipe situasie, die tipe gespreksgenoot waarmee gekommunikeer word, en die onderwerp ter sprake.

Die verskynsel dat twee sprekers met mekaar kommunikeer in een taalvariant, en dan oorskakel na 'n ander wanneer daar 'n verskuiwing van onderwerpe plaasvind, toon aan dat die onderwerp 'n bepaler van taalkeuses kan wees. Soos deur die studie uitgewys is, word sekere onderwerpe beter "hanteer" deur die Namakwalander as hy die standaardtaal aanwend in die situasie, en die Namakwalandse spreektaal agterweé laat. Hierdie taalkeuse kan veroorsaak word deur 'n aangeleerde

gewoonte om sodanige onderwerp in die standaardtaal te bespreek, omdat die spreker in die standaardtaal opgelei is ten opsigte van die onderwerp. Die Namakwalandse spreektaal kan tekortskiet om hierdie spesifieke onderwerp se terminologie te verwoord, of dit mag vreemd klink om hierdie onderwerp in Namakwalandse te bespreek. Die Namakwalander se taalkeuse word ook bepaal deur die gespreksgenoot. Indien die Namakwalander met 'n spreker van 'n ander variëteit te doene kry, neem hy soms van die spesifieke variëteit se taalmerkers oor. Hiperkorreksie kan aangewend word, en 'n totale wisseling van taalkode kan ook plaasvind.

Hierdie wisseling van taalkode is 'n gevolg van die middelpuntsoekende drang by die spreker. Die spreker wil graag verstaan word, en reageer op die verskillende onderwerpe, medium, gespreksgenote, situasies en prestige-elemente in die omgewing. Hierdie sosio-ekologiese verskynsel manifesteer homself op verskeie maniere, naamlik die formele, informele, intieme en tussengroep taalkeuses wat deur die spreker gemaak word. Die formele taal word gewoonlik gebruik vir seremoniële en religieuse gebrauke; die tussengroepstaal word vir ekonomiese sake en ontspanning aangewend asook vir kommunikasie met die staatsdiens;

die informele taal word tussen vriende gesig, en die intieme taal hoort tussen familielede en boorlinge van dieselfde gebied tuis.

Die soort taal wat die Namakwalanders in 'n taalsituasie verkies, dien as 'n simptoom van sy situasie-analise, waar sy morfologiese en sintaktiese keuses beïnvloed word deur die aard van die informasie wat hy wil oordra aan 'n spesifieke gespreksgenoot. Daar kan voorspel word watter taalkode die spreker gaan kies in 'n taalsituasie.

Om te besluit wie watter taal met wie praat in situasies waar meer as een taalvariant bestaan, is dit belangrik om te kyk na die binnegroep asook die intergroep van 'n spraakgemeenskap.

In situasies met meer as een taalvariant betrokke, is dit veral die jonger geslag wat geneig is om 'n "gelukkiger" taalkode vir veral formele situasies te gebruik, aangesien hul meer vatbaar is vir dwingende sosiale invloede. Die feit dat die spreker en hoorder geïdentifiseer word na aanleiding van hul eiesoortige segswyse, speel hier ook 'n belangrike rol. Dit is eerder die ouer spreker wat in Namakwaland gevestig is,

waarvan die middelpuntvliedende drang sterker is. Die spreker staan meer afsydig tot kodewisseling, daar bestaan soms 'n onbewustheid van prestige-elemente in die taalsituasie, 'n weerstand teen "kommers" en norme van die hoë klas, en 'n beduidende posisie in die sosio-ekonomiese eenheid kenmerk hierdie tipe spreker.

Die normale funksionering van 'n gemeenskap produseer 'n sistematiese differensiasie tussen situasies en persone, en hierdie gedifferensieerde vorme wissel in status of "prestige" deur 'n algemene verstandhouding onder gespreksgenote.

## HOOFSTUK 5

### GEVOLGTREKKING

'n Belangrike element van die sosiale kontekste waarin die Namakwalandse spreker homself kan bevind, is die gespreksgenoot, asook die roloverwantskappe en onderlinge statusse van die deelnemers in 'n gespreksituasie.

Die gespreksgenoot speel 'n dominante rol in die kodekeuse van die Namakwalander wanneer hy homself in multi-dialektiese situasies bevind, waar Afrikaans die voertaal is. Dit gaan van hierdie gespreksgenoot afhang watter bepaalde vorm van die taal die spreker gaan gebruik. Nie net die stof waaroer gepraat word nie, maar ook die uitspraak, klemtoon, woordeskat en sinsbou, duï 'n beduidende verskil aan in die opnames van gesprekke tussen 'n Namakwalander en sy ouers, dosent of werkgewer.

Kodekeuses verskil egter van dorp tot dorp in Namakwaland aangesien die sprekers in die suide Bolandse komponente in hul spreektaal het, die sprekers op die Knersvlakte oorwegend ouer Namakwalandse taalvorme gebruik, en die inwoners van Springbok baie "kommers" het, wat nuwer taalvorme aan die Namakwalander voorstel.

Hierdie kodekeuses reflekteer die Namakwalander se situasieanalise van die geleentheid, onderwerp en respektiewelike roloverwantskap ten opsigte van die gespreksgenoot. Die spreker se morfologiese en sintaktiese keuses word bepaal of beïnvloed deur die aard van die informasie wat hy aan sy gespreksgenoot wil oordra.

Namakwalanders in gesprek met mekaar, praat Namakwalanders met sy eiesoortigheid van segswyse. Tog moet faktore soos persoonlikheidsverskille tussen sprekers ook in aanmerking geneem word, waar dit 'n rol speel in taalresponse soos kodekeuse. Naas persoonlikheidsverskille, is die ouderdom van die gespreksgenoot belangrik. Faktore soos bekendheid, familiebande, hoflikheid en erns onderliggend tot hierdie taalsituasies, speel ook 'n rol ten opsigte van die spreker se taalkeuse wanneer hy met 'n spesifieke gespreksgenoot wil kommunikeer.

Die kommunikasie tussen 'n Namakwalander en 'n gespreksgenoot wat nie van die streek is nie, kan versteur word indien die spreker se taalgebruik nie ooreenstem met die hoorder se taalbesit nie. Die verskynsel dat die woordgebruik en woordbetekenisse van die Namakwalandse spreektaal ook gekoppel word aan die sosio-ekonomiese, die boerderybedryf in die besonder, en ook aan 'n droë, afgeleë gebied met 'n eenvoudige lewenswyse, kan veroorsaak dat

sekere woorde verskillende betekenisse vir die spreker en gespreksgenoot respektiewelik het.

Indien die spreker sy roloverwantskappe met taalterreine baseer op persepsie van ouoritêre sprekers op daardie spesifieke terreine, is die moontlikheid om as kommunikeerder op daardie terrein te slaag groter as wanneer hy sy eie spreektaalvorme sou toepas. As dieselfde terminologie in 'n soortgelyke situasie gebruik sou word soos wat waargeneem is, word die Namakwalander se kanse beter om ook as gespreksgenoot op die sosiale gebied van hierdie situasie te slaag, aangesien almal "dieselfde" taal sou praat. Indien die graad van formeelheid nie reg voospel is nie, word die sosiale afstand tussen die sprekers groter.

Die taal dien as instrument vir die Namakwalander om gouer of beter aanvaar te word in 'n groep, hetsy dit 'n werks-, sport- of sosiale groep sou wees. Namakwallanders gebruik soms bewustelik taalmerkers van 'n superieure dialek in sosiale situasies wat 'n beroep doen op prestige. In die mees formele situasies, toon Namakwallandse sprekers die neiging om te oorreageer met prestige-woorde, veral wanneer daar 'n formele situasie opduik waar hy nie deur middel van analogie ten opsigte van ander situasies in sy daaglikse omgang, kan optree nie.

Die leerder van taalkodes se etnosentriese neigings en sy houding teenoor die ander register, bepaal vervolgens sy sukses in die aanleer van die ander taalkode se eiesoortige, of gelukkiger taalmerkers.

Indien die Namakwalander egter 'n lekker storie te vertelle het, of die "klimaat" geskik is vir 'n grap, sal hy dit die beste kan doen in sy eie spreektaal, en wel op 'n informele wyse. Die Namakwalandse spreker is geneig om meer ontspanne te wees indien daar 'n mindere mate van spanning by situasies betrokke is, waar sosiale klasse nie ter sprake is nie, en waar persone uit sy eie milieu teenwoordig is.

Die Namakwalander is gedurig besig om sy gespreksgenoot te takseer en waar te neem. Indien sy eie spreektaal moontlik nie deur die gespreksgenoot waardeer sal word nie, gaan hy aanpassings in sy taal maak of selfs van taalkode verwissel. Die Namakwalander kan die gespreksgenoot se rol in die taalsituasie of samelewning identifiseer na aanleiding van sy (die gespreksgenoot) se eie spreektaal. Hy leer ook uit ervaring in taalsituasies waarin sprekers van die standaardtaal betrokke is, dat sy eie spreektaal in baie gevalle verkeerdelik beskou word as die spreektaal van 'n laer sosio-ekonomiese eenheid, omdat die toepassingsaard van hierdie spreektaal nie altyd in aanmerking geneem word nie.

Die gespreksgenoot kan ook 'n taalaggressie by die Namakwalander ontlok sodat die spreker doelbewus gebruik maak van tiperende Namakwalander vorme.

Die belangrikheid van die gespreksgenoot in die taalvariasie van die Namakwalander is dus 'n sterk bepalende faktor in die proses van kommunikasie in die samelewingsverband, en speel 'n beduidende rol in die taalkeuse wat gemaak word in die taalsituasies. Die natuurlikheid waarmee 'n Namakwalander van kodewisseling gebruik maak waar die gespreksgenoot se linguistiese en/of kulturele kennis dit afdwing, beklemtoon ook die feit dat Standaard-Afrikaans vir hom bloot 'n funksionele variant is.

## BRONNELYS

1. Barber, B. 1957. Social Stratification, Harcourt & Brace, New York.
2. Bloomfield, L. 1933. Language. Holt, Rinehart, Winston; and Allen and Unwin.
3. Boerneef, 1971. Boplaas, Tafelberg Uitgewers, Kaapstad.
4. Boshoff, S.P.E. 1963. Radiopraatjies oor Afrikaans, Voortrekkerpers, Johannesburg.
5. Brazelle, J.J. 1945. "Taalomstandighede in Boesmanland" Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 11, Aflewing 1.
6. Chambers, J.L. & Trudgill, P. 1980. Dialectology, Cambridge University Press, Cambridge.
7. Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. 1983. Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Academica, Kaapstad.
8. Coetzee, A. 1951. Taalgeografiese Studies I. Impala Opvoedkundige Diens, Johannesburg.
9. Coetzee, A.J. 1958. Teenstellings in die Taal, Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad.

10. Combrink, J. 1983. "Afrikaanse gesinstaal" in Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans, Academica, Kaapstad.
11. Cooper, R.L. 1968. "How can we measure the roles which a bilingual's language play in his everyday behaviour?" Proceedings of The international Seminar of the Measurement and Description of Bilingualism, Ottawa, Canadian Commission for Unesco.
12. De Klerk, G.J. 1976. In Grafemiese ondersoek van die Dag-en Kasboek van Johanna Duminy, J.L. van Sckaijk, Pretoria.
13. De Klerk, W.J. 1967. "Die vergelykbaarheid van dialektiese verskille", Taalfasette, Volume 4.
14. De Villiers, M. 1973. Afrikaanse Klankleer: Fonetiek, Fonologie en Woordbou, A.A. Balkema Uitgewers, Kaapstad.
15. Du Plessis, H. 1983. "Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers", in Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J. Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans, Academica, Kaapstad.
16. Du Plessis, H. 1987. Variasietaalkunde. Serva Uitgewers. Pretoria.
17. Emmet, T. 1987. "Agriculture, Land Tenure and Development in a Namaqualand Reserve", Africanus, Volume 17, nommer 1 & 2.
18. Fasold, R.W. 1974. "Two models of socially significant linguistic variation," Language 46.

19. Ferguson, C.A. 1981. "Foreigner Talk as the Name of a simplified Register". International Journal of the Sociology of Language. Volume 28, nommer 11.
20. Fishman, J.A. 1967. "Bilingualism with and without diglossia; diglossia with and without bilingualism". J. Soc. Issues. Volume 23, nommer 2.
21. Fishman, J.A. 1972. "The Relationship between Micro- and Macro-Sociolinguistics in the Study of Who Speaks What Language to Whom and When", Sociolinguistics, Pride J.B. & Holmes, J., Penguin Books Limited, Middlesex, England.
22. Grove, A.P. 1976. Letterkundige Sakwoordeboek vir Afrikaans. Nasionale Opvoedkundige Uitgewery, Beperk, Elsiesrivier.
23. Gumperz, J.J. 1968. "The Speech Community", International Encyclopedia of Social Sciences. Volume 9.
24. Hagan, A., Stijnen P. & Vallen, A. 1977. "Standaardtaal-contact en Grammaticaliteitsoordelen van Dialectsprekers". Taal en Tongval: Tijdschrift voor Dialectologie, Jaargang 29.
25. Hartmann, N. 1960: Die Philosophie des Deutsches Idealismus; Walter de Gruyter & Co., Berlyn.

26. Haugan, E. 1956. Bilingualism in the Americas: A Bibliography and Research Guide, University of Alabama Press, Alabama.
27. Hauptfleisch, T. 1979. Language loyalty in South Africa, Volume 3: motivations to language use: opinions and attitudes of White adults in urban areas, in First Report Languages Survey, Institute for Languages, Literature and Arts, Human Sciences Research Council.
28. Hauptfleisch, T. 1983. Taalvariasie op die verhoog: enkele gedagtes na aanleiding van Afrikaanse voorbeeld, in Claassen en Van Rensburg, 1983. Taalverskeidenheid: in Blik op die spektrum van Taalvariasie in Afrikaans, Academica, Kaapstad.
29. Hymes, D. 1966. Language in Culture and Society, Harper & Row, New York.
30. Jesperson, O. 1946. Mankind. Nation and Individual from a linguistic Point of View, Indiana University Press, Bloomington.
31. Koefoed, G.A.T. & van Marle, J. 1978. Aspekte van Taalverandering, Wolters Noordhoof, Groningen.
32. Kok, B., Fensham, F.C., Senekal, J.H., Venter, H. & Viljoen, D.J. 1975. Afrikaans ons Pérel van groot Waarde, Perskor, Doornfontein.

33. Kotzé, E.F. 1984. "Gespreksrituele as Blootleggers van Sosiale Struktuur" in Webb, V.N. 1984. Kongresreferate 20ste Nasionale Kongres, Universiteit van Pretoria.
34. Kotzé, T. 1987. Die vlugroep van die Kelkiewyn, Saayman & Weber, Kaapstad.
35. Kotze, G.M. 1975. "Streektaal in Namakwaland", Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jaargang 31, Aflewing 2.
36. Labov, W. 1972. Sociolinguistic Patterns, University of Pennsylvania Press, Inc., Pennsylvania.
37. Lambert, W.E. 1967. "A social psychology of Bilingualism", Problems of Bilingualism. The Journal of Social Issues, Volume 23, nommer 2.
38. Leigh, M. 1986. Toergids vir Suid-Afrika, Struik Uitgewers, Roggebaai.
39. Le Roux, J.J. 1944. Praatjies oor ons Taal, Nasionale Pers, Kaapstad.
40. Linde, C. & Fasold, R.W. 1974. Studies in Language Variation, Georgetown University Press, Washington.
41. Links, T. 1986. "Die Namakwalandse Taalakker", Rapport, Jaargang 16, nommer 14.
42. Louw, S.A. 1941, Taalgeografie, J.L. Van Schaik, Beperk, Pretoria.
43. Louw, S.A. 1954. "Dialekstudie in Europa en in S.A.", Hertzog - Annale, Volume 3, Nommer 7.

44. Marais, H.C. 1988. "Semantiese Dimensies van Aanspreekvorme" in Mouton, J. 1988. Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe. RGN-studies in Navorsingsmetodologie, RGN-Drukkery.
45. Merton, R.K. & Kendall, P. 1946. "The focussed interview". American Journal of Sociology 51.
46. Martinet, A. 1964. "Structural variation in Language". Proceedings of the Ninth International Congress of Linguistics, The Hague, Mouton.
47. McDavid, R.I. 1967. Dialects in Culture: Essays in General Dialectology, The University of Alabama Press, Alabama.
48. Meiring, B.A. 1985. Vaagheid - 'n semantiese probleem, Ongepubliseerde D.Litt et Phil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.
49. Mouton, J. 1988. RGN-studies in Navorsingsmetodologie, RGN-Drukkery, Pretoria.
50. Nienaber, G.S. 1989. Khoekhoeense stamname - 'n Voorlopige verkenning, Academica, Pretoria.
51. Odendaal, F.F. 1983. Aspekte van Taal, Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Beperk, Goodwood.

52. Ponelis, F.A. 1979. Afrikaanse Sintaksis,  
J.L. Van Schaik, Pretoria.
53. Pretorius, J.W.M. 1978. Kommunikasie in die klaskamer,  
J.L. van Schaik, Pretoria.
54. Pride, J.B. & Holmes, J. 1972. Sociolinguistics,  
Penguin Books, Middlesex.
55. Rademeyer, J.H. 1938. Kleurling-Afrikaans, N.V. Swets  
& Zeitlinger, Amsterdam.
56. Raper, P.E. 1983. "Toponimiese manifestasies van  
taalvariasie" in Taalverskeidenheid: 'n Blik op die  
spektrum van taalvariasie in Afrikaans, Academica,  
Kaapstad.
57. Redlinghuis, A.C. 1981. Die Ontwikkelingspotensiaal van  
Vyf Landelike Gebiede in Namakwaland, DPhil.-tesis,  
Universiteit van Wes-Kaapland.
58. Sankoff, G. 1972. "A quantitative paradigm for the study  
of communicative competence. Paper given at Conference  
on the Ethnography of Speaking", Austin, Texas
59. Sacks, H. 1967. "Typescript of classroom lectures",  
Division of Social Sciences, University of California,  
Irvine.

60. Sapir, E. 1925. "Sound Patterns in Language", Language.
61. Schmidt-Rohr, E. 1932. Volume 1. Die Sprache als Bilderin der Völker, Munich.
62. Smith, J. 1981. "Ons sê ons sê ...". Nuwerusiet, Jaargang 1, Nommer 2.
63. Steyn, J. 1976. "'n Paar Sintaktiese Onvastighede in Afrikaans", Taalfasette 17.
64. Sturtevant, E. 1947. An introduction to linguistic Science, Yale University Press, New Haven.
65. Taeldeman, J. 1975. "Regelordening, Taalverandering en Ruimtelijke Taalvariatie", Taal en Tongval, Jaargang 27.
66. Tooings, 1981. "Ek is melaats", Nuwerusiet, Jaargang 1, Nommer 2.
67. Trudgill, P. 1982. Sociolinguistic Patterns in British England, Penguin Books, Middlesex.

---

68. Trudgill, P. 1974. Sociolinguistics: An Introduction, Penguin Books, Middlesex.
69. Van der Merwe, H.J.J.M. 1972. Afrikaans. Sy Aard en Ontwikkeling, J.L. Van Schaik Beperk, Pretoria.
70. Van Niekerk, A.A.J., 1980. Die Bruidskat, De Jager-Haum Uitgewers, Pretoria.
71. Van der Westhuizen, J.C. 1987. "Geen treurige windpompe", Rapport, Jaargang 17, Nommer 7.

72. Van der Zwan, D. 1986. Die taalgebruik in die dagboek van Hendrik Witbooi, Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.
73. Van Niekerk, A.J.J. 1980. Die bruidskat, De Jager-Haum Uitgewers, Pretoria.
74. Van Rensburg, C. 1970. Fasette van die Studie van Nie-Standaard Afrikaans, UOVS.
75. Van Rensburg, C. 1976. "Wie se wat? - die bestudering van Voornaamwoordvorming". Gedenkbundel H.J.J.M. van der Merwe, onder redaksie van De Klerk, W.J. & Ponelis, F.A, J.L. van Schaik Beperk, Pretoria.
76. Van Rensburg, M.C.J. 1983. "Inleiding: die bestudering van taalvariante", Taalverskeidenheid, onder redaksie van Claassen, G.N. en Van Rensburg, C., Academica, Kaapstad.
77. Van Schalkwyk, H. 1982. Taalkommunikasie in Afrikaans, McGraw-Hill Boekmaatskappy, Johannesburg.
78. Van Wyk, E.W. 1983. "Gepidginiseerde Afrikaans", Taal-verskeidenheid, onder redaksie van Claassen, G.N. en Van Rensburg, C., Academica, Kaapstad.
79. Visser, H.E. 1984. "Dialekstudie: Wes-Kaap", Werkstuk 3, UNISA.
80. Von Humboldt, W. 1969. Schriften zur Sprachphilosophie, J.G. Gotta'sche Buchhandlung, Stuttgart.
81. Von Wielligh, G.R. 1925. Ons Geselstaal, J.L. Van Schaik Uitgewers Beperk, Pretoria.

82. Webb, V.N. 1983. "Aspekte van taalnorme - gesien vanuit die perspektief van die gemeenskapsgrammatika" in Van Rensburg, M.C.J. Kongresreferate, 19de Nasionale Kongres, Linguistevereniging van Suider-Afrika.
83. Webb, V.N. 1984. Kongresreferate, 20ste Nasionale Kongres, Linguistevereniging van Suider-Afrika.
84. Webb, V.N. & De Villiers, A. 1985. "Standaardafrikaans: Chomskties of Laboviaans?" in Grieshaber, N.J. & Venter, J.L. Kongresreferate, 21ste Nasionale Kongres, Linguistevereniging van Suider-Afrika.
85. Wright Mills, C. 1956. White Collar, Oxford University Press, New York.

## BYLAAG A

### IDIOME

#### 1. LYS VAN IDIOME BEPAAL DEUR DIE SKAAPBOERDERY

Die skaap dra broek vanjaar (die skape is vet)

Hy ja die hele speul roepsek (aanvoer)

Hy sal moet tropskommel (die trop/mense aan die beweeg kry)

Die kjêrel vroetel soos hun oorbosluis

Die trop derm veld toe (beweeg in dun streep)

Die skaap gooï lammers (die skape lam)

Dis altevol net hun katspoeg weg (dis baie naby)

Maar maak katspoor la' ek sien (hand krom trek)

Sy litte kraak oorloopkapater (litte kraak erg)

Hy is sommer nog hun suipkjend (baie klein)

Hy raak nou lelik doringskof (opstandig)

Hy trek nou wrat>tag gatskuur (werk hard)

Raak die ooi nou bontnier ka o's haar ma' uitsit

Die man lyk asof hy nou vleisvat (vet word)

Hy staan skiewekop soos hun vark wat donderweer hoor

Hy dra broek (hy is vet)

Hy is 'n volbekklong (hy is al mooi groot)

Iemand se water wegdam (hom keer in iets)

Kwit, die nô vang wrat>tag skaap (lelike meisie)

Nou ve'dag is die man skôn skurweskof (lugtig)

Vi' wat sta' maak julle da' bondel?

Nou vi' wat sta' sit jou tong nou vas? (stilbly)

Nou sta' lê die stoeletjie hand innie sy (skeef)

Kwit, da' la' maak die man se ribbes spoor! (maer)

Da' sta' sla' die man bakke-oerie/ gatsoorkop

Nie, ek ga' sta' e' deurnag e' nou dra my oë sam (het sakke onder oë)

Nou smaak my raak als skôn oorgans (deurmekaar)

Smaak my o's ka' net nie takbreek diékant nie (kan nie regkom nie)

Nou vi' wat sta' e' hoehaai die man me' Koos Uil sam?

(ginnegaap)

Ga' haal nou jou boetiegoed op die sabander! (dadelik!)

-Ma' smaak my die kjênd is te doeksaf! (te klein)

Wat is die skorting nou? (wat is nou verkeerd)

Ko' haal nou jou aguurtjie! (koffie)

Wat se annerlike gewoelfletter sta' maak die kjend nou?

Die koffie trek nou oumoer (koffie raak sterk)

Nja, ek leer hom maar so paaiementsgewys

(bietjie-bietjie)

Nie, toe moet dit mos opduis vyfuur begin mot (presies)

Toe ek nou eintlik by die bykos haal toe is die man skoon hoedkop gevreet (boepens)

Toe slaat hy hom skon katspeen (katswink)

Die son maak arm man se baadjie (wintersonnetjie)

Smaak my die hardehoed sta' die kant toe (polisieman)

Wat vir 'n annerlike kraaines smaak my maak die man dan nou? (baie dun vuurmaakhout)

Nou hoe raak jy dan nou puur korhaan? (slegs een kind)

Nie, die veloor raak toe mos nou da' innie veld puur kraaivleis ('n donkie wat vrek in die veld)

Die bakkie kom toe nou so knieë en elomboë annerkant uit (dik sand bedek meestal grondpaaie, en as jy vasval spook mens om weer uit te kom)

## UITDRUKKINGS M. B. T. SKAPE

Toe kry ek die trekskaap vet vir die pad (skape wat na beter weiding geneem moet word)

Die rooikat kry toe die laatlêlam deuskant die draad (weggooilam)

Die vroelammers is al gegooi (vroegegebore lammers)

Toe neuk die ramlam al ooi se kant toe (rammetjie)

Nie, slag da' ma' horingman (ram)

Die man sta' en bring sy gusvee na my suiping  
(gemengde vee)

Die orrabok het weer lam weggesmyt (ooi wat gereeld haar lam weggooi)

Die skaap is blystaanmaer (baie maer)

Die weggooilam maak ouspoor hie'

## UITDRUKKINGS WAT TIPERENDE NAMAKWALANDSE LEWENSWYSE AANDUI

Nja, nou laat o's da' soengroet

Dis nou skaap wat ka' lees en skrywe (baie boere in Namakwaland het nie matriek nie, terwyl die ouer boere oor die algemeen nie hoerskoolopleiding het nie)

Die man is mos nou skoon uitgeleerd (het goeie opleiding ontvang)

Ek kom haal net my aguurtjie (ontbyt)

Nou neuk die man sôs hun maandou moflam aan't ouroena

BYLAAG B

ONGEïNHIBERDE UITDRUKKINGS EIE AAN NAMAKWALANDS

Nie, ek wiet nou nie of so hun rooituitbek hier sal aard nie  
(gegrimeerde persoon)

Jy sta' e' dans net sos hun rooigatmier voor my.

Trek daardie snotbos uit la' ek sien of die lam dit sal vreet  
Nie magtag, hoe stink so hondepisbos nou!

'e toe moe' jy sien hoe broekgatspring dit! (skrik)

Die kjêrel het skon die katgai (maagwerkings)

Me' die slang sam klim hulle toe in hulle se broeke rond (bewe  
van angs)

Die helpen is moerland toe! (dood)

Sy moer sal klink! (op sy herrie kry)

Nie, als is opgevrek (dood)

Hy trek nou wragtig gatskuur (werk hard)

Hy maak die land klaar vîr hun kat sy gat kan aflek

Nie, dis nou puur gatstreek van die lewe sam

Nou pra' jy daremmaartjies losbek

Sy se moer as hy dink ek ga' sam.

Gods, da' lôp sô hun man nou!

Altemitters sla' jy nog gatsoorkop e' da' kla' jy by my

Moe' nou nie sta' en ingat wees nie (suinig)

Toe sta' ek da' en broekgatspring (vererg)

Vîr die pêrd ingeja is het hy sy se moer afgedank (gesukkel)

La' ek jou ve'tel kjêrel, vôr julle se minse Namakwaland  
vir ousôrt gie sa' o's julle deur julle se ôre pis  
Nie allakragtie, da' la' lyk hy se rok hom sôs hun drol op  
hin drêskas

Strak skuil die verneuksel ellers

Nou wa' rek jy jou bek sô, kjêrel?

Ma' wa' kom die helpen nou v'daan?

Julle se verdommenisse sta' maak net drôg

Sy viernaat vat skôn sweet (hegting van broekspype)

Vi' wat sta' boer jy met hoeners as die dôners hun pond  
vriet unne tiekie skuit?

## BYLAAG C

### VREEMDE UITDRUKKINGS EN GESEGDES UIT 'n STANDAARDTAAL-PERSPEKTIEF

#### UITDRUKKINGS EN SEGSWYSES WAT VIR 'n STANDAARDTAALSPREKER

VREEMD MAG KLINK AS "KOMMER"

Nie, die man het my heel pelielie (verkul)

Nou skree sy gees Libanon (jammer wees)

Hy het my ge-ou met koffie (ekstra gegee)

Hy moes toe maartjies die ding stelstoot (oplos/ hanteer)

Die man is puur mankementerig ve'dag (siekerig)

Toe is daar moe' jy nou weet hun hele trawasie (gedoente)

Nou la' ek da' die wolfskof vat (deurnag)

#### VREEMDE UITDRUKKINGS EN GESEGDES (VIR DIE STANDAARDTAALSPREKER WAT IN KONTEKS DUIDELIK WORD)

Toe sit hy slap om (hardloop weg)

Ka' ek jou da' ma' voetval vir n gunsie? (pla)

Lop onstewille doekvoet by hom ve'dag (wees versigtig)

Die man sit toe mos mond in die krul (trek neus op)

Hy wou nou nog my sta' e' pelielie toe skoongooi ek hom sam (uitboul)

Die kjêrel gooï toe lelik naam weg (maak skandes)

Toe maak ousoort nou eers 'n swikkie by hy se maters (werkvolk se drinkery)

Nou raak ek lelik vuur innie broek (haastig)

Die man raak mos nou kanariekuif of hoe sê ek dan nou? (maer)

Toe moet hy nou in die makeer wees (afwesig)

NAMAKWALANDSE UITDRUKKINGS WAT VERSKIL VAN DIE  
STANDAARDTAAL

Hy is moerland toe (Van koerland se vleis eet)

Tiera se gat (Tiera se gô)

Sy moesang teëkom (Sy moses teekom)

Hy loop blootvoet (Kaalvoet loop)

Losklos loop (Loslit loop)

Opsy herdons kry (Op sy herrie kry)

Hy is gansegaar te lui (Hy is gans te lui)

Sou hy nou in die makeer wees? (Sou hy nou makeer)

Hy sit toe slap om (Hy sit toe om)

Hy verrig sy werk met wyding (toewyding)

Toe he' die bang ga' kropvasvat (keel toetrek)

Dussedae ga' dit nou ôk mar drôg (deesdae)

- Da' het ek nou die gevoelte ôr my (gevoelens)

Tand oor skouer (skouer aan skouer)

## ANGLISISTIESE SEGSWYSES IN NAMAKWALANDS

Ag gie vi' my 'n mêtjie seblief

Ek ga' koop net sigrets

Sy mouter dreun padlangs

Hy't 'n remedie vir elke siekte

Borsel die perd af met die denniebros (Eng. Danny's Brush)

Toe sta' neuk die man innie gremmiefounpaal

Dêm joe, ma' dis warm

Da' moet ek nog van die nankienet ok kry da' (Eng. nankeen)

Toe koop ek doerietyd nog van die pytentledders (kunsleer)

Ek prissemeer la' jy ga' ophou nou (Eng. presume)

Hierie gedagtes tormenteer my ammekaar (Eng. torment)

Nie, die kjêrel is alweer opsent (Eng. absent)

Hy het propperlie verdwaal (Eng. properly)

## VÖLKSETIMOLOGIE

Die sindelinghaan hou ve'middag vieruur diens

Nie, sy sing mos nou puur superhaan (sopraan)

Ma' jy lyk da' nou sos hun siggeneur (sigeuner)

Ma' maak dan nou appelkasie vir die jôp (applikasie)

Sô hun bietjie wonnerliksens ka' help (wonderessens)

UITDRUKKINGS WAT ONGEWONE SAMEVOEGINGS BEVAT

Nie, hy was toe daar vir hun opskeploer (betyds vir ete)

Dis nou sônejammer lat die kend sta' en nek onner lyf  
raak

Toe sta' raak ek mos nou skaamkwaad oor die ding sam

Da' ga' raak die man nouendalkies kwaad (nou dalk)

Die kjêrel raak mos toe nou so maar op so hun brandasemstap  
da' g'n siel die man kan vang nie (vinnige stappie)

Toe is dit mos ook nou sleepmismore

Ma' la' julle nou julle se ry kry met die vroesta'son sam

Die kjêrel kyk nou vir my met hy se verkouerkefferoë la' ek  
nou skon aardig sta' raak

Nou sta' raak julle hieltemal oorskietlegs (so sleg soos  
oorskietkos kan raak)

Wat neuk die langkraaierhaan weer ve'more sô?

Hy het hom mos nou lekker gelêmaak by die watse, mos nou  
die buitekamer.

Nie, Pagoed het loop kyk na die blylêvee.

Da' voel die man mos nou puur trooshartseer

Nou ma' kry nou die horingman me' die ko'staanslag

## BYLAAG D

NAMAKWALANDSE UITDRUKKINGS WAT OUER VORME TAALVORME BEVAT WAT  
RELATIEF MIN INDIEN WEL IN ANDER VARIANTE VAN AFRIKAANS GEHOOR  
WORD

Dis noumaartjies die liebe lekkerste van hulle se kos

Deser tyd vra die kjêrel mos na jou sam

Nie, deel maar dan nou maartjies aan gene en dese  
aan almal)

Desen dae moe' hun man maar gattrek vi' jou se selwers

Nou la' ek maar heden van dae die annerlike ding innie huis  
sam

Lieben Gott, ma' jy lyk darem maartjies mankementerig of  
hoe sê ek nou dan?

Heer vôr spys en drank seggen wy lof en dank, ament.

Wat vir hin paard (perd) staat nou da'?

Heden van tyd vra ek toe mos nou hanskoen (net daar)

OORELYFSELS VAN KHOESAN WOORDE IN DIE NAMAKWALANDSE  
OMGANGSTAAL

Ma' gie da' hun bietjie njoeroe (beskuit)

Hy's nou maartjies hun t'kô-koppie (kleintjie)

Die lam is al t'kooi (redelik groot)

Dis darem maartjies t'kibbie-koud (baie koud)

Nou raak die man puur t'ghommie (dom-onnosel/stil)

## BYLAAG E

### INHEEMSE PLANTE EN DIERE VAN NAMAKWALAND

#### PLANTE

Xytjies

kalkoentjies

waaierblomme

bokhoringblomme

nagslangblomme

varkensbolle

xoubeewortels

hotnotskool (vetplant)

hondepisbossie (bos met slegte reuk)

twagras

hoenderbrak

xouroebos (vygiebos)

xom (wortelagtige bitterplant)

xomsganna (vetplant wat "krimziek" aan vee gee)

xooibosse (hoe vygies)

xarra (taaibos)

xaaboom (vaalgroen rankplant)

xatjees (knolplante met bloedrooi bessies)

xein (wit vygie)

xoenoebees (plat gee vygie)

ouroenas (seerbekhor ons)

kannies (parasiete)

kloekkoekies (lemoenboombessies)

klapklappertjies (peule van rankplante

velskoenblaar (groen, vetterige en breedgeblaarde plante

witdirkies (tjienerkientjies)

xoenas (goeie vuurmaakhoutbos)

vet-en-broodbos (taaibos)

bôjaanoor (vetplant met harige rooi blom)

kanniedood (malvas)

karmedik

nakapol

swartuintjies

kesieblaar

repuisbos

renosterbos

kandelaar

platkruinkorbee

xombos

DIERE

dikkop

vlakkorhaan

kortpootreënuil

katjiestreepkop

koesterliebek

koeletjie (mierleeu)

dikdy

vaalwitpensveldmuis

naaldneus

graatjie (meerkat)

heutjie-heu (voël)

klaasska'wagter

langkraaierhaan

t'giejakkals

-piejôre

raasgatkiewiet

borrievink

## BYLAAG F

### VERSKILLE IN DIE TAALSTRUKTUUR VAN NAMAKWALANDS T.O.V. DIE STANDAARDTAAL

#### SEGMENTWEGLATING

Hy sny groenvoer vir die stalpêre

Ons het die skaap ingejae

Hy's baie vrinlik met my sam

Roep jou skawagter

Ek blo jou ek weet niks

Hy bevlie my toe sommer

Vroe-vroe skuif ek toe aan

Oorle' Gjert was hun goeie man

Hy't net hun errenis laat ontstaan

Had ek nie my sône ontsag nie

Hulle had hun steebok innie oog

Sukke verdommenis!

Die berrê blou ve'more

Loop kry die prekant la' o's bidde

Die suipings is aan het opdrô

Nô Betta sta' weer e' lie' ve'môre

Smaak my amal is oppad

Nie, die kjêrel kom toe nou hier so ingejae

Gie nou vir die kjêrel hanskrif (beloof om met hom te trou)

As die Lieweneer wille

## SILLABEWEGLATING

Ons werk skaap (meervoud)

Ons moet Kro toe vir voer (Karoo)

So hun dooi ding gooï ek weg

Die suipings is aan't opdro

Nie, die gramte lê nog daar

Dankie tog, se'k

Hulle is al trug

Soek vi' o's drôhout

Gie vir Nô die lap aan

Die man is vloor (weg)

Net die gramte lê daar tussen die spoor

Pak da' ma' hun ou dro-kossie sam la' o's sie

Hy raak nou puur outerig

## SEGMENTTOEVOEGING

Maak klaar in die badskamer

Ek voer nou die skaap met die droentyd sam

Nou la' ons ament se

Nie, ma' dan is die kend ok hun regte kruidjie roer my niet

Wat se annerlike affering is dit dan nou?

Da' sit die man ewe stilswygend.

## SILLABETOEVING

Nja, sy sorre mooi vir my sam

Die affering sal sieker nou beginne, of hoe sê ek dan nou.

Nou kan die kjend daremlik spelle

Vir wat moe' die kend nou so geterre word?

Jy moet ook nou respekte he vir oumensgoed

Dussedae se meisiekjenners maak ook dan nou so met die

kjêreltjiegoed sam

Nou bring dan nou die haneboek lat ek sien

O's vertoewe ma' nog hun rukkie.

Is ousoort aan komme?

BYLAAG G

UITTREKSEL UIT 'n ONDERHOUD GEVOER MET KINDERS VAN BOERE UIT KAMIESKROON, KLIPRAND, NUWERUS-OMGEWINGS WAT HUL TANS BUISTE NAMAKWALAND BEVIND.

O (ONDERHOUDVOERDER)

Ka (KAMIESKROON) 32 JAAR, PROKUREUR

Kl (KLIPRAND) 34 JAAR, ONDERWYSER

N (NUWERUS) 34 JAAR, KURRIKULEERDER

O: "Julle is nou almal Namakwalanders, maar is daar enige verskille tussen die segswyses van die mense van Kamieskroon, Kliprand en Nuwerus?"

Ka: "Dis nou moeilik om sommer sô woerlaps aa' vörbeelde te dink. O's praat ma' almal van... o's sê mos hun man val hom breek, en dan van Pagoed e' Magoed, e' voetegoed..."

N: "Nie, watse voetegoed pra' jy nou van, o's praat va' skoene, of da' nou voetgoed en sô..."

Kl: "Nja, dis nou o'se Pagoed wat die klaste van taal meer praat. Hulle praat nog va' 'hier bôre hulle, hier dôt hulle..."

Ka: "Ma' hoe praat jy dan nou as jy nou sê jy sterf. Jy dôt ook maar, sôs ek jou ken. Ek meen nou te sê dat o's nou hun ding sô geleer het, e' nou gebruik jy hom mos maar nou. Julle wil mos nou vörgee dat o's Namakwalanders nou... hoe sal 'n man nou sê om nie te lie nie, agterrie klip is of sô."

N: "Nog hun ding van die mense op Kamieskrôn, julle praat

Ka: "Julle dôners praat net sô stadag, ma' nou kry jy nou  
me'se wat vinnig praat sôs die Langhanse van Platklip se  
wêreld..."

N: "Ja ek ken hulle... ek ken hulle nou maar anner ding..."

As jy nou me' jou eie minse praat, da' praat jy mos nou sôs  
hulle praat, ek meen... My ma praat van badskamer, mar nou's  
sy hun Boesmanlander. Gene en dese da' praat sô.

Ka: "Nêê, ma' o's sê dese en gene..."

Kl: "Nou die dorpsmê'se is sô min, o's praat nes hulle praat  
jy moe' nou weet hulle tree nou af da'. Kliprand is omtrent  
net skôl e' da' die Jôd se winkel..."

O: "Sê my nou, Jan, praat jy nou Namakwalands in die hof?"

Ka: "Ek weet nou nie wa' jy bedoel met Namakwalands nie, o's  
praat ôk Afrikaans, e' da' gebruik o's mos nou regsterme, ma'  
êen ding ka' ek jou nou vertel die prôf het amper iets ôrgekom  
toe o's nou hun lysie moes maak van sprêkwörde e' ek toe skryf  
ek mén mos nou maar o's praat nou sô e' ek sê ek's op die klôt  
gebrand... Dit mén mos nou jy's sêrgemaak of iets..."

N: "Hê-hê! Toe sê jy raak die man moeitlik?"

Ka: "Die man wi' my toe nou net daar vrekmaak waarom wêt ek  
nou nie, dit is mos nou hun sprêkwôrd."

N: "Nie, ma' jy ka' mos nou nie sô ga' sta' e' sê nie,  
magtag, die man rêken mos nou anners. Ma' wa' ek nou nie ka'  
vat nie, is dié kjêrel wa' nou wragtag ga' sta' sê o's melk  
die bokke in die middel van die strate. In die koerant, moe'  
jy nou wêt. Ek kon voel ek moor die man. Maak nou of o's  
ousôrt is."

UITTREKSEL UIT ONDERHOUD GEVOER WAAR KODEWISSELING PLAASVIND

O= ONDERHOUDVOERDER (STANDAARDTAALSPREKER)

S= SPREKER (VROULIK, 67 JAAR, NAMAKWALAND)

S: "U sê nou u is van die universiteit? Nou ma' wat wil u van o's Namakwalanders sê?"

O: "Nee, ons is besig met... taalondersoeke vir verdere studies."

S: "Wel nou ja, ek prissemeer (Eng. presume) dat jy nou my wôrde neerskryf?"

O: "Ja, dan onthou ek die woorde beter. U taal is bietjie vreemd vir my."

S: "O's het nou die boektaal gementeneer (onder die knie gekry) op skôl, ma' toe sê my pa la' ek nie boekgelerentheid nôdig het nie. Ek wou nou ôk graag ga' verder lêr, ma' darie dae was die-hiele-bêsigheid ôk sô... die depressie het tot hier gekom..."

O: "Was tannie al die jare in hierdie omgewing?"

S: "Nja... ek is hie' geboor... ma' nou die oom het hier gearriveer me' die gowpermint se uitgie va' kroongrond..."

BYLAAG I

DATAPERSONE

Auret, A (Kotzerus)

Basson, O (Nuwerus)

Boonzaaier, N.J. (Bitterfontein)

Burden, A. (Kliprand)

Carstens, F (Nuwerus)

Carstens, J (Nuwerus)

Coetzee, C (Kliprand)

Coetzee, P.A. (Kliprand)

Cornelissen, L (Nuwerus)

Cornelissen, R (Nuwerus)

De Kock, T (Nuwerus)

Esterhuizen, C (Kliprand)

Hanekom, A (Nuwerus)

Heyneman, R (Bitterfontein)

Huisamen, M (Lutzville)

Huisamen, P (Lutzville)

Jacobsz, G (Springbok)

Jordaan, L (Nuwerus)

Kotze, D (Bitterfontein)

Kotze, G.J (Bitterfontein)

Kotze, P (Bitterfontein)

Kotze, Z (Bitterfontein)

Lazarus, B (Kliprand)

Lochner, C (Nuwerus)

Lochner, M (Nuwerus)

Louw, B (Nuwerus)

Louw, E (Nuwerus)

Matthee, T (Kliprand)

McMinnamin, M (Springbok)

Meyer, C.J.A (Kliprand)

Meyer, H.J (Kliprand)

Mostert, W.J.P (Nuwerus)

Müller, T (Gamoep)

Nel, A (Knersvlakte)

Nel, C.R (Nuwerus)

Nel, T (Knersvlakte)

Nieuwoudt, T (Kliprand)

Pohl, F (Kotzerus)

Pool, M (Kotzerus)

Prins, N (Nuwerus)

Rousseau, M.M (Kamaboes)

Schreuder, L.J (Bitterfontein)

Smith, J (Kliprand)

Steenkamp, G (Bitterfontein)

Thiart, J (Nuwerus)

Thiart, T (Nuwerus)

Truter, A (Kotzerus)

Van Dyk, H.A (Bitterfontein)

Van Dyk, J.A (Bitterfontein)

Van Wyk, Jan (Kamieskroon)

Van Wyk, Johan (Kamieskroon)

Visser, A (Knarsvlakte)

Visser, C.J.M (Knarsvlakte)

Visser, G.E (Knarsvlakte)

Visser, G.S (Knarsvlakte)

Visser, I.J (Knarsvlakte)

Visser, I.W (Knarsvlakte)

Volgraaff, K (Bitterfontein)

Volgraaff, L (Bitterfontein)

Zandberg, H (Bitterfontein)

Zandberg, L (Bitterfontein)